Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

# "Ek sing 'n lofsang by my snare"

(Psalms as lied in die Erediens)

deur

T.G. van Wyk

---ooOoo---

Opgedra aan my vrou en vyf seuns

---ooOoo---

# Voorwoord

*Ons beleef 'n tyd waarin baie aandag gegee word aan die vorm waarin die kerklike erediens gehou moet word. Die liturgie is 'n handige aanknopingspunt vir die humanisme met sy eis dat die mens homself oral moet kan uitleef.*

*Net so handig kan die tradisionalis liturgies stol. By alle sang is daar gevoelens aan die werk. Ook by gemeentelike sang. Daarom is daar soms meer heftigheid as beredenering wanneer dit oor die lied in die erediens gaan. Dit is 'n swakheid wat hierdie boek wil vermy. Met inspanning wil die skrywer, as skrifgelowige, op die terrein van die kerklied die waarheid soek en handhaaf. Die skrywer is nie 'n teoloog nie, en pretendeer dit ook nie.*

*Hy tree egter tot hierdie strydperk toe met 'n vaardige behandeling van die plek van die Psalmboek in die Openbaringsgeskiedenis. Hy gee ruim eksegetiese toeligting uit bronne wat hy aandui. Hy toon kerkregtelike aspekte van Sinodebesluite aan. Hierdie beredenering word gedra deur 'n feitlik tasbare liefde vir die gereformeerde waarheid. Die boek is 'n standpuntinname teenoor die humanistiese invloed wat ook op die kerklied inwerk.*

*'n Kontensieuse onderwerp, die sing van Skrifberymings, word onbevrees, maar met begrip hanteer.*

*Geen aanspraak op volledigheid of volmaaktheid word gedoen nie. 'n Beroep word wel gedoen vir opmerksaamheid vir die groot beginselstryd op die gebied van kerklied en liturgie. 'n Beginselstryd wat nie negeer mag word nie. Die boek roep nie net tot nadenke nie, maar wil ook beskeie die stof daartoe bied.*

*Meintjeskop* *J.P. COETZEE*

*PRETORIA*

# Inleiding

Die titel van die boek is ontleen aan Ps. 71:14 nl.:

> Ek sing 'n lofsang by my snare,
> 'n lied van troos en trou
> waarin 'k u lof ontvou,
> O Heilige by Isr'els skare!

Hierdie naam is gekies omdat die Hebreeus vir die boek van die Psalms eintlik **lofliedere** beteken en die Griekse woord "psalmos," 'n lied wat met begeleiding van snarespel gesing word.

By die lees van hierdie boek moet altyd in gedagte gehou word dat hier uitsluitlik gehandel word oor die lied in die **erediens** waarvan Ps. 26:5 so heerlik sing:

> Hoe lief het ek u woning,
> die plek, O Hemelkoning,
> waar U in heerlikheid verskyn.

Hierdie boek is die werk van baie jare en is nie geskryf deur 'n kerkhistorikus of teoloog nie, maar deur 'n lidmaat wat die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerk liefhet en wat op hierdie wyse wil poog om aan eenders- en andersdenkendes te sê dat die kerklied nie 'n middelmatige saak is nie (soos beweer deur die sinode van die Gereformeerde Kerk van 1961) maar dat dit 'n saak van heilige erns is.

By die totstandkoming van hierdie boek het ek die beginsel nl. dat die lied in die erediens altyd antwoord is en bly op die gepredikte Woord, terdeë begryp. Hierteenoor wil ek dadelik stel my gebrek aan eksegese. Die oplossing was geleë in die lees, aanhaling en vertaling van teologiese werke veral uit Nederlands. In die verband het ek veral swaar geleun op onderstaande teoloë wat ek met besondere vermelding hier noem: dr. Joh de Groot, dr. A.H. Edelkoort, ds. J. Kok, dr. C van Andel, ds. F. van Deursen, prof. Jusua van Iperen en J. Calvyn.

Ek het ook van die werke van verskillende Suid-Afrikaanse teoloë gebruik gemaak soos blyk uit die geraadpleegde werke. Tog wil ek die naam van dr. J.D. du Toit (Totius) in hierdie verband uitsonder omdat sy naam by uitstek aan die Psalms as lied verbind sal bly.

Aan ds. L.S. Kruger vir sy bydrae tot hierdie werk in hoofstukke 13, 14 en 15 my innige dank.

'n Woord van hartlike dank aan prof. M.A. Kruger van die Hammanskraalse Teologiese Skool wat sy tyd tot my beskikking gestel het en my van raad bedien het met die samestelling van hierdie werk:

Ten slotte my opregte dank aan mnr. B.G. Smit (Goddie) wat my nie net tot hierdie werk geïnspireer het nie, maar uit wie se kennis ek ook kon put deur middel van gesprekke oor die jare.

Pretoria T.G. van Wyk

Julie 1979

# GEVLEUELDE WOORDE

Het u al ooit geprobeer om die hele inhoud van die Psalmboek voor u gees te laat verbygaan, die boek met sy hemelhoogtes wat met sy hallelujas reik tot in die hoogste hemele, die boek met sy skriklike dieptes waar die afgrond roep tot die afgrond, die boek met sy vertes, sy oneindige wydtes, sy omspanning van die ganse Bybelinhoud van Genesis tot Openbaring, maar nou die inhoud as 'n Goddelike kunsstuk gesien?

Wat kan daarnaas gestel word? As sorge ons hart verslind, dan gryp ons weer die ou beminde. Daar word die hoof weer hoog bo die golwe uitgestoot, daar is ons stryd volstry, en daar word ons vreugde uitgesing.

As ons op onsself aangewys was, sou ons nie *sing* nie, nie eers *spreek* nie, nie eers *stamel* nie; uit enorme ontsag vir die ewige dinge sou ons stomverslae moet swyg, sou ons net kan staar in die blinde verte van die oneindigheid.

Laat God blink! Dit is die eis. Hoe kan dit?

Hier is die verlossing uit ons spanning: Wie Psalmsing, gryp na die hoogste, want God is sy sangersdoel. Psalmsing is die hemelvaart van die siel, dit is die hand wat uitgesteek word na die verborge skat van Gods kinders, dit is godsdiens, lewe in hoogste spanning, dit is die brug na die oneindigheid, dit is die durfdaad van die geloof, die arm wat uitgestrek bly bo die stormwaters van die lewe. Maar hierin kulmineer alles: Psalmsing is die aansteek van die wierook waarin ons teëgeur die lieflike reuk van die môre van die ewigheid.

***Totius***

# Inhoud

**Voorwoord** ..... **4**

**Inleiding** ..... **5**

**GEVLEUELDE WOORDE** ..... **6**

**1. DIE UNIVERSALITEIT EN KATOLISITEIT VAN DIE PSALMS** ..... **2**

**2. KARAKTER VAN DIE KERKLIED** ..... **4**
Die leiding van die Heilige Gees ..... 5

**3. DIE NAAM EN OPDRAG VAN DIE PSALMS** ..... **6**
Soorte van Psalms ..... 9
Die Psalms as kultiese liedere ..... 11

**4. DIE PSALMS AS VERBONDSLIEDERE.** ..... **13**
Die genadeverbond ..... 13
Die Verbondslied ..... 15
Die fondament van die verbond ..... 16
Die weerklank van die profete in die Psalms. ..... 18

**5. TESTATEUR EN LIED** ..... **20**
Die eenheid van die genadeverbond. ..... 20
Christus se testament. ..... 21
Christus het geleef, gely en gesterf met die Psalms. ..... 22
Wat word in die hemel gesing? ..... 23
Hemel en aarde sing saam. ..... 24

**6. DIE EREDIENS EN LITURGIESE ORDE** ..... **27**
Die instelling van die erediens. ..... 27
Die Calvinistiese erediens ..... 28
Calvyn kies vir die Psalms. ..... 29
Die hemelse erediens ..... 31

**7. DAWID EN DIE PSALMS** ..... **33**
Wie is hierdie Dawid? ..... 33
Die gebruik van die Psalms in die Israelitiese erediens ..... 33
Dawid en die Nuwe Testament. ..... 34
Die Apostels en die Psalms ..... 34

**8. DIE CHRISTUSVERWAGTING BY DAWID** ..... **37**
Die Messiasverwagting in die Psalms ..... 41

**9. DIE OPENBARINGSKARAKTER VAN DIE PSALMS** ..... **44**

**10. DIE HISTORIES-ESKATOLOGIESE KARAKTER VAN DIE PSALMS** ..... **46**
Die Psalms van Godskoningskap. ..... 47

**11. DIE EKSEGESE (VERKLARING) VAN 1 KOR. 14:26, EF. 5:19 en KOL. 3:16** ..... **50**

**12. HISTORIESE AGTERGROND EN ONTWIKKELING VAN DIE KERKLIED** ..... **56**
Temas van liedere ..... 57
Die les uit die geskiedenis is dus: ..... 57
Die tyd van die Reformasie ..... 58
Die verloop van die eerste berymde Psalmbundel. ..... 58

**13. DIE HISTORIESE AGTERGROIMD IN NEDERLAND** ..... **59**
Die Souterliedere ..... 59
Petrus Dathenus ..... 59
DIE VERDERE VERWIKKELING IN NEDERLAND OP SINODALE VLAK ..... 60

**14. DIE VERWIKKELING IN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA .....63**

**15. DIE BEOORDELING VAN DIE INVOERING VAN DIE SKRIFBERYMINGS .....72**
Vrye liedere bekend as Skrifberymings. .....75
Sinodebesluit 1961.....76

**16. GEÏNSPIREERDE- EN VRYE LIED .....78**
Wat ons kan lees, kan ons ook sing. .....78
Vrye gebede, vrye liedere en vrye preke .....78
Berymings en vrye liedere.....78
Waarom dan die beryming? .....79

**GERAADPLEEGDE WERKE .....80**

*Die indiwidualiteit is nie in die Psalms opgehef nie, maar opgevoer tot gemeenskaplike besit.*

# 1. DIE UNIVERSALITEIT EN KATOLISITEIT VAN DIE PSALMS

Wie glo, sing!

Waarom?

Omdat ons profete, priesters en konings is. Tydens die erediens kom die profetiese amp tot sy reg in die gelowige aanhoor en aanvaarding van die skriflesing en woordbediening, die priesterlike amp in die gebed en ons koningskap waar, in die psalmgesang ons geloof uitgestort word. Wat moet gesing word? Die Psalms as kanonieke boek. Hoekom die Psalms? Omdat God dit gebied in sy Woord en omdat die Psalms die ganse Bybelinhoud van Genesis tot Openbaring omspan. Die Psalmgesang is die amen van die gemeente op die prediking. Die Psalms rig hulle nie net tot die hede of tot 'n afgeslote tydperk in God se heilsgeskiedenis nie, maar dit omspan die tyd. Dit wil sê dat in, met en deur die sielservaring van die digters, die smart en vreugde van Israel, ja ook die heil van die hele kerk van die Here besing word.

Ons bely ook met Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus "dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, in die eenheid van 'n ware geloof van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou".[1] So het die kerk ook sy lied vir die erediens deur die inspirasie van die Heilige Gees ontvang.

Hierdie Psalms in die erediens was deur die eeue die smeekbedes en lofliedere van geslagte. Die een geslag gee dit aan die volgende. Deur die Psalms is daar kontinuiteit, d.w.s. 'n ononderbroke band tussen die kerk van verlede, hede en toekoms. As ons die kontinuiteit met die kerk van vroeëre eeue wil bewaar, mag die Psalms as geïnspireerde liedere nooit op die agtergrond raak in die erediens en in die lewe van elke gelowige nie.

Die Psalms sing oor Israel heen van die vernedering en verhoging, stryd en oorwinning van die Christus.

Hiervan sê prof. P.W. Buys: "Laat ons God daarvoor ootmoedig dankbaar bly dat Hy sy Seun gestuur het om soos 'n nagtegaal op die droë doringtak van hierdie wêreld sy lied te kom sing. En dat Hy vooraf deur sy Heilige Gees manne soos Dawid en Etan die Esrahiet en die kinders van Korag innerlik bewerk het om die liedere van die Messias profeties te sing. Hierdie liedere is deur Jesus self profeties, priesterlik en koninklik gesing, ja, Hy het daarmee aan die kruis gesterwe. Dit is liedere wat Hy sy kerk in die hart en op die lippe lê. Toe die brandstapels gerook en die skavotte bloed gedrup het, het gelowiges met hierdie liedere op die lippe blymoedig die ewigheid ingegaan. Waarom? Omdat hierdie liedere as 'n mens hulle sing, jou so dig by Jesus Christus bring, hulle laat ons sy eerste lewenskrete hoor in die krip, hulle laat ons kyk in sy sterwende oë aan die kruis, hulle laat ons deel in sy opstanding, ons verheug in sy hemelvaart, ons sy koms op die wolke verwag.

Ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Heilige Gees kom ons swakheid te hulp. Ewemin sou ons geweet het wat om te sing. Dank God dat Hy ons die Psalms gegee het. Wanneer ons hulle sing dra die Gees ons hart oor die dieptes van die ewigheid tot God, Hyself is ons krag en Psalm." [2]

Nou kry die woorde van Calvyn vir ons ook meer betekenis nl. dat in die erediens hoort alleen die liedere tuis wat God self aan ons geskenk het. Dan vervolg hy: "wat Augustinus gesê het is waaragtig dat niemand iets kan sing wat God waardig is nie, of hy moet dit van God ontvang het. Daarom sal ons, ook na oral gesoek en nagespeur te hê, geen beter

liedere vind, nog meer geskik om dit te doen as die Psalms van Dawid waartoe die Heilige Gees hom geïnspireer het. As ons hulle sing, is ons alleen seker dat God die woorde in ons mond lê asof Hyself in ons sing om sy eie glorie te verhoog."[3]

Dit kon Dawid, Asaf en andere van die psalmdigters nie uit hulle self doen nie. Dit het hulle ook nie ten volle begryp nie. Deur die inspirasie van die Heilige Gees het hulle liedere die betekenis en waarde van 'n ewigdurende frisheid en aktualiteit wat die diepste roersele van die siel, hetsy klag of jubel, deur die Psalms tot uiting gebring. Hand. 2:29: "Broeders, ek kan vryuit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat Hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe.

(30): Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit,

(31): het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie.

(32): Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is.

(34): Want Dawid het nie in die hemel opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand

(35): totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete."[4]

Die Psalmdigters is nie net geïnspireer tot hulle werk nie, hulle is ook deur God beskik om op so 'n tyd te lewe en om in so 'n gemoedstoestand te verkeer en sulke sielservaring te ondervind dat uit die binnenste-opwellende liedere geskik sou wees om deur die eeue te kon vertolk wat daar leef in die hart van die kerk van die Here.

In die Psalms reageer die digters suiwer op die feite, op God se dade omdat hulle deur die Heilige Gees geïnspireer is. Danksy die allesomvattende karakter van die Psalms is dit nie slegs die digter persoonlik en alleen wat sing nie, maar Israel sing **deur** hom en sing hom na, en deur en oor Israel se sange heen klink die stem van die Messias, en na die Messias die Nuwe-Testamentiese kerk aan wie, deur die Psalmdigters en die Heilige Gees, dieselfde liedere op die lippe gelê word.

Dit is 'n beskikking van God en deur die inspirasie van die Heilige Gees dat die kerk vandag nog met volle oorgawe die Psalms kan sing.

Die Psalms is die gemeenskaplike besit en geestelike eiendom van heel die vrygekoopte kerk. Die indiwidualiteit is nie in die Psalms opgehef nie, maar wel opgevoer tot gemeenskaplike besit. Dit juis, onderskei die Psalms van enige ander lied. Ander liedere is die persoonlike keuse van die digters self en daarom willekeurig. Of dit nou ookal Da Costa of Luther of wie ookal is, die gemeente van die Here kan nooit ten volle daarop reageer nie. Dit wil sê enige ander lied is onmagtig om 'die tolk van die gemeente te wees, want die universaliteit en katolisiteit van die kerk wat ook tot uitdrukking moet kom in die kerklied, vind ons net in die Psalms.

Om dit te kan doen, moet die Lewensgewer en Lewensbesieler van die kerk en Outeur van die kerklied een en dieselfde Persoon wees. God die Heilige Gees leef, woon en sug (Rom. 8:26) in die kerk. Hy skenk aan sy duurgekoopte kerk wat Hy deur die eeue vergader, sy lewensliedere. Dit is dan ook die enigste moontlikheid waar persoonlike ondervinding kan lei tot gemeenskaplike uiting.

*Die kerklied is nie 'n refrein op aarde van wat in die hemel gespreek is nie, maar dit is die antwoord, die reaksie van die gemeente op wat God spreek, gee en doen.*

# 2. KARAKTER VAN DIE KERKLIED

In die Psalms vind ons 'n weergawe van die sielstoestand van die digters wat eie is aan egte poësie. Alles wat die Psalmdigters ervaar het in vreugde en smart, in voor- en teëspoed, aan eer en verguising, aan troos en bemoediging, ja alle sielservaringe word in die Psalms vertolk. Die oorheersende element daarby is dat te midde van alle lewensomstandighede die Here 'n toevlug en Helper is en vir alle hulp en verlossing die eer ontvang, wat Hy met niemand deel nie.

Steeds is die reg en goedertierenheid van die Here beide voortvloeiend uit sy wese, rustend op sy welbehae en betoon aan sy volk, — die hooggeroemde deugde van God. Nie die objektiewe heilsfeit maar die subjektiewe band vorm die inhoud van die Psalmlied.

Die kerklied is nie 'n eggo op aarde wat weerkaats wat in die hemel gespreek is nie. Dit is nie die nasê op wat God gesê het nie, maar dit is die antwoord van die gemeente op wat die Here spreek, gee en doen. In die lied kom die gemeente aan die woord met die Woord.

As die Here deur die verkondiging van sy Woord die rykdom van sy genade uitstal en skenk aan sy kinders, en as die seëninge gelowig aanvaar word en die harte warm klop as gevolg van God se groot guns, dan kan Gods volk nie swyg nie, maar moet hul uiting gee aan hul dankbare gemoed en dan lê die bedienaar van die Woord die Psalmlied op die lippe van die gemeente, waarmee hy antwoord op wat die Here in die bediening van sy Woord skenk.

Ons kan dit ook verduidelik met 'n beeld van die huisgesin waar 'n vader in gesprek is met sy kind. Indien die vader die klein kindjie sou berispe as hy iets verkeerd gedoen het sou dit reaksie by die kindjie uitlok, hy sal na alle waarskynlikheid huil. Of as die vader vir hom 'n verrassing het en dit aan hom gee sou die reaksie daarop 'n omhelsing of 'n spring van vreugde ten gevolg hê. In beide gevalle, of dit 'n teregwysing of 'n blye mededeling is, sal die kind nooit die vader nasê nie en dit is presies dieselfde wat gebeur in die erediens met die tweegesprek tussen ons hemelse Vader en sy kind. Die Vader spreek deur die bediening van die Woord vermanend of vertroostend tot sy kind en in die psalmgesang reageer die kind (die gelowige) in 'n treur- of 'n danklied.

Dit is **júis** die Psalms wat die sielsreaksie vertolk en daarom het hul blywende waarde en behou hul steeds die besieling, kleur en glans.

Wat het aanleiding gegee tot die sing van die ander liedere in die erediens? Onder andere word gesê die woord Christus kom nêrens in die Psalms voor nie. Daar moes ook liedere kom wat meer geskik is vir Christelike feesdae. En luister maar wanneer word die meeste gesing. Is dit nie met Paasfees en Kersfees nie? Daarmee word bedoel dat die inhoud van hierdie liedere sou bestaan in die weergee van die feite en gebeurtenisse. So word die karakter van die kerklied aangetas. Die mens wil van die **antwoord** op die prediking 'n weerklank (eggo) maak. Dan is dit nie meer die gemeente wat sy subjektiewe gevoelens in 'n lied uitstort nie, maar dan word die woorde van God herhaal, dit word 'n refrein op die prediking.

Word daarenteen vasgehou aan die wesentlike karakter van die kerklied dan soek ons nie 'n "versie" wat klop met die konkrete feite nie, maar vra ons na 'n lied wat die heilige stemming van die gemeente vertolk nadat God gespreek het. Van sulke liedere is die boek van die Psalms tot oorlopens toe vol.

## Die leiding van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees het die boek van die Psalms vir tempelgebruik bestem. Dawid en die ander psalmdigters het uit die verte die Wonder van die wêreld aanskou, die versoening van God met die mens. Deur die oog van die profete het die toekomende eeue nader aan hulle geskuif sodat hulle die volheid van die tyd digby hulle gesien het. Hulle was die aanskouers van God se genade oor die sonde met behoud van sy reg. Die ontsluiting van die saligheid vir die kerk het voorwerp van hul bewondering en aanbidding geword.

Die Gees van die Here het self gesorg dat hierdie liedere eers persoonlike eiendom van die digters en later gemeenskaplike besit van die kerk sou word. God het vir alles sy tyd. Na die tydperk van die Psalms as kanonieke boek swyg die lied. Eers as die Messias in die vlees verskyn dan word enkele persone, Maria, Sagaria en Simeon deur die wondergawe van die Heilige Gees aangegryp om die nabygekome heil uit te sing. Dan is dit vir altyd verby. Straks word die kanon van die Skrifte afgesluit sonder die toevoeging van 'n bundel Nuwe-Testamentiese liedere by die Ou Testament. As Gereformeerdes hou ons vas aan die volkomenheid van die Heilige Skrif. Laat ons dan tog buig onder die wyse bestel van die Here dat aan die Psalms geen ander geïnspireerde liedere toegevoeg is nie en laat ons die genoegsaamheid en volkomenheid van die Psalms as tempelsange erken. Laat ons maar ons oë en ore oophou vir die karakter van die kerklied nl. dat dit reaksie van die gemeente moet wees.

God se dade in die Nuwe Testament roep geen ander of hoër gewaarwordings in ons op, as die van die gelowiges in die Ou Testament nie. Seker, ons sien die weg van heil duideliker as hulle. Ons ken die detail beter. Die weg van God in die redding van sondaars en die instandhouding van sy kerk is aan ons beter bekend as aan Israel.

Die kerklied hoef en mag egter nie dien om ons kennis of ons sien van God se verlossingsplan weer te gee nie, maar dit moet uiting gee aan ons gemoed vanweë die goedertierenheid van die Here aan ons betoon. Dan is die blydskap en vreugde in God by 'n wedergeborene van die nuwe bedeling presies dieselfde as by iemand van die ou verbond.

Sing ons nou anders as wat in die Psalms aan ons gegee is, dan sê ons daarmee eintlik dat daar 'n ernstige tekort aan kerkliedere is en wil ons aanvul in die "leemte deur die Heilige Gees gelaat" in die volle Godsopenbaring.

*Om Psalms te kan sing is genade maar ook opdrag, volgens Skrif.*

# 3. DIE NAAM EN OPDRAG VAN DIE PSALMS

Die boek van die Psalms bestaan uit 150 psalms en is een van die 66 kanonieke boeke van die Bybel en behoort tot die digterlike boeke. Hier word nie verkeerdelik veralgemeen deur te beweer dat die Psalms betrekking het op alle lofliedere binne of buite die Bybel nie. Ons het hier te doen met besondere lofliedere wat God saamgebundel het vir gebruik as lied in die erediens.

Die Hebreeuse naam vir die boek van die Psalms is t$^{e}$hillîm, wat "lofliedere" beteken. Dit is nie 'n baie gepaste benaming nie, want die Hebreeuse term kom in die opskrif van slegs Ps. 145:1 voor, en nie al die gedigte in die boek is lofliedere nie. 'n Moontlike antwoord vir hierdie benaming is die feit dat die Psalms by die latere Jodedom as sangbundel gebruik is.

Die Griekse woord "psalmos" beteken 'n lied wat met begeleiding van snarespel gesing word. Volgens sekere verklaarders is dit ook die betekenis van die Hebreeuse woord "mizmoor" wat in die opskrif van 57 Psalms voorkom en inderdaad in Afrikaans met "psalm" vertaal is.

Kraus wys daarop dat "mizmoor" net "lied" beteken, hoewel tog met snaarinstrumente begelei.

Hieruit kan ons die gevolgtrekking maak dat liedere in die Bybel psalms heet, maar nooit Psalms met 'n hoofletter nie. Ons kry dus psalms buite die Psalms asook psalms buite die Bybel.

Om slegs *'n* paar te noem: die lied van Moses (Ex. 15); die lied van Debora (Rigters 5); die lied van Hanna (1 Sam. 2); die lofsang van Hiskia (Jes. 38); die lofsang van Maria (Luk. 1:46-55) die lofsang van Simeon (Luk. 2:29-32) ens. Dan kry ons ook psalms buite die Bybel nl. Egiptiese en Babiloniese psalms.

Hierteenoor moet ons stel Luk. 20:42: "En Dawid self sê in die boek van die Psalms". [5] Hand. 1:20: "want daar staan geskrywe in die boek van die Psalms." [6] Luk. 24:44: "En Hy (dit is Jesus) sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het, toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word".[7]

Na aanleiding van hierdie aanhaling deur Jesus self is daar nog 'n derde vorm waarin die woord Psalms gebruik word. Christus en sy apostels was gewoond om die rolle van die Ou Testament in drie groepe te verdeel nl.

1) Die Wet van Moses (Gen. — Deut.)

2) Die Profete (Josua, Rigters, Samuel, Konings en Jesaja tot en met Maleagi)

3) Die Psalms, nie net die boek van die 150 Psalms nie, maar beginnende daarmee plus Spreuke, Job, Hooglied, Rut, Klaagliedere, Prediker, Ester, Daniël, Esra, Nehemia en Kronieke.

Die Rabbyne gebruik hierdie indeling nog en in die gedrukte uitgawe van die Hebreeuse Ou Testament is die boeke ook so ingedeel.

Die Septuaginta (Griekse O.T. Bybelvertaling) waaraan ons Bybelindeling ontleen is, was tydens Jesus se omwandeling al gereed. Tog gee Christus voorkeur aan die Hebreeuse volgorde. Met die toevoeging van die Nuwe Testament besit ons 'n voltooide Bybel bestaande uit vier dele nl. 1. die Wet van Moses 2. Die Profete 3. Die Psalms (by die Jode ook bekend as Geskrifte) en 4. die Nuwe Testament. Omdat die derde deel begin met die Psalms noem ons ook alle Geskrifte, die Psalms.

Ons handel egter net oor die een Bybelboek nl. Psalms wat een van die kanonieke boeke van die Ou Testament is.

Onderskeid tussen 'n hoofletter en gewone letter of eienaam en soortnaam maak 'n groot verskil. Daarmee kan selfs 'n streep deur die belydenisskrifte van 'n kerk getrek word. Omdat die woord "psalm" lied beteken of 'n loflied aan God gewy, word geredeneer dat enige lied in die Bybel gesing kan word in die erediens en dan word die saak afgemaak dat dit 'n Psalm is. Hierdie perke is reeds oorskry en daar is verder gegaan en stukke wat nie eers buite die Psalms as lied (psalm) voorkom nie, maar solank die teks net in die Bybel staan is berym en tot lied in die erediens gemaak, dit sluit in selfs gedeeltes wat nie tot die digterlike boeke behoort nie. Ons dink hier aan die Onse Vader, die Tien Gebooie, die Ek Geloof en die briewe aan die sewe gemeentes in Klein Asië.

Tog bly dit 'n wonder van God dat deur die eeue heen die boek van die Psalms beperk gebly het tot die 150 Psalms. Geen sinode wat Gesange of Skrifberymings ingevoer het, het bv. Gesang 1 of Skrifberyming 1 bestempel as Psalm 151 ens nie. Nee, dis altyd die Psalms plus iets anders. Die kerke self maak dus 'n duidelike onderskeid tussen Psalms en ander liedere.

Die Psalms is deur God gewil as die lied vir sy kerk van die vroegste tye af tot met sy wederkoms, want dit is verbondsliedere met 'n histories-eskatologiese karakter teenoor die ander liedere wat meesal tydbetrokkenheid openbaar. Ons vind wanneer ons die toets aanlê, dat die Psalms alleen, sonder ander liedere in die erediens gehandhaaf kan word, terwyl die teenoorgestelde nl. dat net Gesange of Skrifberymings sonder die Psalms in die erediens nie kan bestaan nie.

Om die Psalms te kan sing, is genade, maar ook opdrag en dit is veral met hierdie opdrag van God wat die mens soveel probleme ondervind en soveel veroorsaak. Kerke het in die verlede al op hierdie punt uitmekaar gegaan. Dit is nie net beperk tot die afgelope paar eeue nie. Nee, selfs Israel het hiermee moeilikheid ondervind. Amos 5:21 beskryf dit so treffend — 'n klaaglied oor Israel: "Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie".[8] (vs. 22): "Want al bring julle vir my brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen behae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien ek nie met welgevalle aan nie."[9] (vs. 23): "Verwyder van My die geraas van jou liedere! En na die geluid van jou harpe wil ek nie luister nie."[10] Die Here is vertoorn oor Israel se eiewillige godsdiens. God wil gedien word volgens sy voorskrif en nie soos mense bepaal nie.

Hoe vreeslik het dit nie in Amos se tyd gegaan toe die mens bepaal het wat die voorskrifte vir God se diens sal wees nie. Ons lees ook daarvan in Jes. 5:12: "En daar is siter en harp, tamboeryn en fluit en wyn by hulle maaltyd; maar op die dade van die Here gee hulle nie ag nie, en die werk van sy hande sien hulle nie."[11]

Waarom verag die Here die feeste (Paasfees, Pinkster en Loofhuttefees) van Betel en Gilgal? Waarom is die atmosfeer vir Hom onuithoudbaar? Volgens dr. C. van Gelderen vind ons die antwoord in Ex. 23:14: "Drie maal in die jaar moet jy vir My 'n fees hou",[12] d.w.s. drie keer per jaar moet jy vir My die pelgrimstog onderneem na Jerusalem, sien ook L. Bauer, Deut. 16:1-8, Neue Kirchliche Zeitschrift 1926 bladsye 794 -805. Nie Betel en Gilgal nie maar by Jerusalem moet dit geskied.[13]

Volgens Van Gelderen, sê Amos 5:22 vir ons nog meer van die veragtelikheid van hierdie feeste in die oë van die Here. Die offers en die bereiding daarvan en die offermaaltye is ook nie meer na God se voorskrif nie. Ook die sange van Israel skreeu ten hemel. Amos sien die pelgrims uit alle oorde aankom en by die offers het verskillende persone, verskillende funksies, maar die gesang en musiek was vir Amos niks anders as 'n groot lawaai nie. Ook wat Amos 5:23 betref haal Van Gelderen, Keil aan wat sê dit is 'n nabootsing of namaaksel van die sange van die Jerusalem se tempeldiens soos deur Dawid ingestel in 1 Kron. 16:41, 42; 23:5. Ook sê Van Gelderen dat Sellin sy standpunt deel nl. dat die liedere wat Amos so gepynig het, op Jahwe belrekking gehad het, en sluit hy (Van Gelderen) af met Budde wat

sê dat die Israeliete in hul heiligdomme op hul manier Jahwisties-religieuse sange gesing het, wat Jahwe verag het,[14] ja tot so 'n mate dat Hy deur die profeet Amos in hoofstuk 8:10 uitroep: "En ek verander julle feeste in rou en al jul liedere in klaagsang. . ." [15] Amos 6:5: "Wat liedjies sing met begeleiding van die harp, wat net soos Dawid vir hulle musiekinstrumente uitdink,"[16] vers 7: "Daarom sal hulle nou op die voorpunt van die ballinge in ballingskap gaan".[17]

Aangesien sommige teoloë Amos 5:21, 22 en 23 wil verklaar met die verskil tussen godsdiens en lewe m.a.w. hulle lewe nie hulle godsdiens uit of hulle belewe nie wat hulle bely nie, is dit goed dat ons ook luister na wat Calvyn sê nl. dat volgens sy oordeel die profeet hier iets anders bedoel. Hy beskuldig die Israeliete nie slegs omdat hulle ten onregte die naam van God as 'n voorwendsel gebruik nie, máár ook weens hul afvalligheid. Hulle het ontrou geword aan die Wet en het vir hulle 'n valse tempel (godsdiens) gestig.

Dit is ook waar dat hulle mislei is deur 'n valse waan nl. dat hul sonde deur offers versoen is, dog God bestraf die Israeliete nie slegs om hul growwe dwaling waarmee ook die Judeërs besmet was nie, maar ook om die verwerping van die suiwere en wettige erediens. Derhalwe kan die uiterlike vorm tereg veroordeel word, aangesien dit nie geoorloof was om êrens anders offers te bring as op die berg Sion nie. Hulle het op 'n ander plek en sonder die verbondsark erediens gehou en selfs kalwers aanbid. Nou begryp ons die bedoeling van die profeet en hierop moet noukeurig gelet word, omdat daar verklaarders is wat meen dat die profeet se bedoeling is om die valse vertroue onder die Israeliete te veroordeel nl. dat hul God wil tevrede stel met hul uitwendige offers terwyl hul hardnekkig aan die sonde vashou. Maar, hieraan moet nog toegevoeg word dat hulle die ware diens van God bederf het, ook wat die uitwendige vorm betref.[18]

Waarom het die Here nie behae in Israel se brand-, slag- en dankoffers nie? Dan sê Calvyn dat die profeet bedoel hiermee ongetwyfeld die belofte wat oral in die Wet voorkom soos hy in die vorige vers sê, "lo ariach" dit is: "Ek mag dit nie ruik nie"; Moses gebruik die "ruik" dikwels, omdat God in die reuk van die offer of reukwerk 'n welgevalle het. Wanneer die Here sê dat die reuk vir Hom aangenaam is bedoel Hy as die volk op 'n wettige wyse offer d.w.s. dat daar geen voorwendsel is om hul sonde te bedek nie maar in waarheid en opregtheid blyke is van hul geloof en berou. In so 'n geval sê God is die reukwerk (offer) vir Hom welriekend (aangenaam).

Wat vers 23 betref nl.: "Verwyder van My die geraas van jou liedere" bring Calvyn hier 'n baie belangrike gedagte na vore wat vir alle kerke en vir alle tye geld en te meer vir ons tyd. Die teks verskil van die Afrikaanse Bybel nl. dat hier gepraat word van: "veelheid van uw liederen". Wanneer Hy praat van baie liedere spot die Here met die geveinsdes wat baie moeite het met al die versindsels . . . soos aanwesig by die pousdom, waaraan daar geen einde is nie. So is die mens wanneer hy eenmaal begin om af te wyk van die suiwere Woord van God, dan is hy onvergenoegd, en die profeet veroordeel indirek hierdie dwase ywer as hy sê: "Neem van Mij weg de veelheid van uw liederen." Hy kon eenvoudig sê: "Uw liederen bevallen mij niet", maar hy praat van die baie, omdat die geveinsdes soos ek gesê het, by hul uitwendige plegtighede geen grense ken wanneer hul eenmaal hulself die vryheid veroorloof het om hierdie, vorm van die erediens uit te dink, dan volg daar 'n onbeperkte hoeveelheid. Dan sê God dat dit 'n tevergeefse moeite is want Hy versmaad wat Hy nie voorgeskryf het en wat Hom nie op die regte manier aangebied word nie.[19]

As Moses moet spreek en hy slaan, dan gaan hy nie die beloofde land binne nie. As Dawid die ark na Jerusalem bring en hy dit op 'n nuwe wa vervoer i.p.v. dat die Leviete dit dra, en al God se voorskrifte nie noukeurig uitgevoer word nie, dan straf God selfs met die dood. As Israel sy erediens anders inrig as wat God voorskryf en dit word 'n diens na die goeddunke van mense, dan is God so vertoorn dat Hy met die ballingskap straf.

Israel se sange na die voorskrifte was nie meer vir hierdie tyd goed nie, die verordeninge van God was nie meer na hulle smaak nie. Nee, in Jesaja 59:21 staan: "Wat my aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die Here: My Gees wat op jou is, en my woorde wat ek in jou

mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die Here, van nou af tot in ewigheid nie."[20]

Deut. 31:19: "Skryf dan nou vir julle hierdie lied op, en leer dit aan die kinders van Israel; lê dit in hulle mond, dat hierdie lied vir My 'n getuie teen die kinders van Israel kan wees."[21] Wat hier staan geld vir alle liedere van die Here.

Daar word dikwels beweer dat ons nêrens in die Skrif enige opdrag het oor wat ons moet sing of nie moet sing nie. Wat die eerste bewering betref wil ons dit met alle mag verwerp, en die Skrif self laat spreek, en reeds omdat die Bybel so duidelik in sy opdrag is, ag ons dit nie nodig om die tweede deel van die argument te antwoord nie.

Wat gebied die Skrif? Luister wat sê Ps. 47:7,8: "Psalmsing tot eer van God, psalmsing! Psalmsing tot eer van ons Koning, psalmsing! Want God is Koning van die hele aarde; psalmsing met 'n onderwysing. [22]

Ps. 81:1-12: (Dit is die Verbondspsalm en veral verse 3 en 5 verg ons aandag) Vers 3: "Hef aan 'n lied . . ." (In die State-bybel word in die plek van lied, Psalm gebruik) Vers 5: "want dit is 'n insettingvir Israel".[23]

Ps. 98:1,5: "'n Psalm. Sing tot eer van die Here 'n nuwe lied, want Hy het wonders gedoen"; 5: "Psalmsing tot eer van die Here met die siter".[24]

Ps. 105:2: "Sing, psalmsing tot sy eer."[25]

Ps. 147:7: "Sing 'n danklied tot eer van die Here, psalmsing tot eer van onse God, met die siter"[26]

Ons wil nie net volstaan met voorbeelde uit die Psalms self nie maar ook ander opdragte uit Gods Woord aanhaal.

Jes. 12:5: "Psalmsing tot eer van die Here, want hy het heerlike dinge gedoen".[27]

**Let nou veral op die Nuwe Testament**

Jakobus 5:13: "Is daar iemand onder **julle** wat ly? Laat hom bid. **Is** iemand opgeruimd? Laat hom Psalmsing".[28]

1 Kor 14:15: " . . . Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing."

1 Kor. 14:26: "Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging — laat alles tot stigting geskied."[29]

Ef. 5:19: "Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here".[30]

Kol. 3:16: "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here".[31] (Vir kommentaar op hierdie laaste 3 tekste sien hoofstuk 11). (Dit is maar enkele tekste. Die volle skrifwaarheid vind u in hoofstuk 5 van hierdie boek).

## Soorte van Psalms

J. Gunkel se intensiewe studie van die verskillende soorte Psalms het groot invloed gehad op die bestudering van die Psalms. Van sy indelings is later verfyn en uitgebrei deur ander geleerdes sodat ons vandag verskillende soorte Psalms kan onderskei.

Gunkel onderskei verskillende soorte Psalms volgens die verskillende lewenssituasies waartydens hulle gesing is, veral in die kultus.

1. **Lofliedere** tot eer van God, waarin die deugde en dade van God in die natuur en volkslewe besing word. (8; 29; **33;** 100; **103; 1**14; 117; 1**35;** 145-150).

2. **Sionsliedere** wat die aardse woonplek van God besing (46; 48; 76; 87).

3. **Bedevaartsliedere** wat gebruik is deur pelgrims op pad na **die** fees **in Jerusalem (84; 120-135).** Saamgaande hiermee die intreeliturgie by die toetree tot die tempel **(15** en 24).

4. **Troonbestygingsliedere** wat die koningskap van die Here **besing** (47; 93; 95-99).

5. **Koningspsalms.** Die Koningspsalms wat gedig is in verband met 'n gebeurtenis soos die troonbestyging van 'n aardse koning. Hierdie koning het in 'n besondere verhouding tot Jahwe gestaan, en daarom vertoon hierdie Psalms baie sterk Messiaanse trekke (2; 18; 20; 21; 45; 46; 47; 72; 110; 132; 144). Daarom kan die Psalms in 'n sekere sin vergelyk word met die koningskap van Jahwe. Ons kan aanvaar dat Pss. 46 en 47 gedig is na die oorwinning of uitredding wat werklik gebeur het. Tog het die profetiese digter in die geloof die Koninkryk van God in die eindtyd aanskou.

6. **Klaagliedere**. Hier moet ons twee soorte klaagliedere onderskei nl. van die volk en ook van die enkeling. Klaagliedere van die volk is nl. Psalms gedig ten tye van nasionale rampe soos hongersnood en oorlogsverwoesting (60; 74; 79; 80; 83; 85; 90 en 126).

   Klaagliedere vir die enkeling is ook verwant aan die vir die volk (3; 5; 7; 13; 22; 25; 31; 39; 4243; 51; 54-57; 64; 69-71; 120; 130; 140-142). Hier kom die klag, die gebed om hulp, en die sekerheid van verhoring voor. Hier kom die persoon van die lyer sterk op die voorgrond, dit is gewoonlik iemand wat aan 'n siekte ly of vir sy lewe vrees terwyl hy deur sy vyande vervolg word. Hier tref ons ook die Boetepsalms aan (6; 28; 38; 51; 61; 88; 102; 130; 134).

7. **Die vloekpsalms** of ook genoem die "wraakpsalms" (35; 109; 137; 139). Oor die toepaslikheid van hierdie Psalms in die liturgie is daar baie probleme. Dit hoef nie te wees,
   as die verse wat die vloek oor die goddelose of vyande van God bevat as 'n integrale deel van die hele Psalm beskou word nie. Die "vloekverse" mag nie geïsoleer word van die res nie, omdat die "res" van die Psalm dan die inhoud verloor. Die vervloeking in die sogenaamde "vloek psalms" is steeds profeties of konfessioneel van karakter.

   **Profeties:** die vloek word deur God se profeet, namens Hom as deel van God se Woord uitgespreek. Dit is aankondiging van God se oordeel en wys profeties heen na die eindoordeel.

   **Konfessioneel:** Die vyande van God kan geen vriende van die gelowige wees nie. Sonder verheffing moet die gelowige hulle eenheid met Christus bely, ook ten opsigte van die vyande. Die antwoord op vraag 52 van die kategismus is veelseggend, nl.: "Dat ek in alle droefenis en vervolging met 'n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van my weggeneem het, as 'n Regter uit die hemel verwag (a) wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b) maar my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem".

Hoe rym ons nou Psalm 139 verse 21 en 22 met die Nuwe-Testamentiese opdrag dat ons ons vyande moet liefhê? Dit gaan hier om ons interpersoonlike verhoudings maar dan mag ons nooit vergeet dat ons God bo alles moet liefhê en dan kom Openbaring 2:6 ons te hulp: "Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaiete haat, wat Ek ook haat."[32] Die woord "werke" dui daarop dat dit nie om 'n persoonlike haat maar wel 'n prinsipiële haat gaan.

Dit gaan dus hier om 'n verbondswraak. Ons moet die sonde haat, maar die sondaar liefhê. Laat ons daarom ook ons kinders leer om prinsipieel te haat.

Ons kry ook nog dankliedere van die enkeling (30; 32; 41; 65; 116; 138) en ook van die volk

(67 en 107). Die vertrouensliedere is verwant aan die dankliedere (11; 16; 23; 62 en 129).

Daar is ook liedere wat die wet besing (19 & 119).

Ook die wysheidspsalms (49; 71) bevat lewenswysheid.

Van die reeds genoemde Psalms word as liturgieë gekarakteriseer (15; 24; 134) vanweë die dialoogvorm. Belangrik is die profetiese liturgieë waarin 'n Godsopenbaring gegee word (12;50en75).

Ten slotte wil ons nog noem die historiese Psalms waarvan Ps. 78 een van die belangrikstes is. Hierdie Psalm is 'n histories-didaktiese lied wat die openbaringsgeskiedenis rondom die uitverkiesing van Juda sentreer. Die koningskap van Dawid termineer nie die gedig nie, maar lei die kort profetiese visie van die koningherder vss: 70-72. Profeties — die bestendige troon van Dawid in Christus. Die gebruik van die eerste persoon in vs. 1 *&* 2 kan nie beperk word tot Asaf nie, omdat die verteller (Asaf) self die oorlewering wil laat voortleef in "raaisels en spreuke" dit wil sê in digvorm. Dit is nie die voorreg van Asaf alleen om die heilsgeskiedenis oor te vertel nie. Daarteenoor is bv. Die visioene van Johannes in Openbaring 21 nie deel van historiese gebeure nie, maar 'n gesig wat net hy gesien het. Deur die eerste persoon (my, ek) van Ps. 78 en Openbaring 21 op een vlak te stel is taalkundig en hermeneuties onhoudbaar.

## Die Psalms as kultiese liedere

Daar word algemeen aanvaar dat van die Psalms as liedere in die liturgie van die Jerusalem se tempel gebruik is. Reeds voor die ballingskap het die tempelliturgie sang en musiek ingesluit (2 Sam. 6:5; Amos 5:23; I Kron. 6:31-33; 15:16-29; 16:4-7, 41-42; 23:5, 30; 25:1-7; II Kron. 5:12; 7:6; 29:30 en 35:15). Op ander plekke word die musiekinstrumente wat in die erediens gebruik is vermeld (Ps. 150:3-5; I Kron. 15:19-21,24; 16:5,42; II Kron. 5:12-13).

Die name van Asaf, Korag, Heman, Etan en Jedutun wat in die opskrifte van sekere Psalms voorkom dui daarop dat daar psalms gesing is, omdat hulle name met die tempelsang verbind is. (I Kron. 6:33, 44; 15:17-19; 16:5, 4142; 25:1-7, II Kron. 5:12; 20:19). Ook in die opskrifte van baie Psalms vind ons musikale terme soos "met snaarinstrumente", "op fluite", "vir die musiekleier", ens.

Ons vind ook kultiese aanwysings in die opskrifte van sekere Psalms soos "by die lofoffer" (100:1) "by die gedenkoffer" (38:1; 70:1).

Waar die uitroep "Halleluja" in die teks van 'n Psalm voorkom is dit 'n bewys dat daardie Psalm vir die liturgie of kultus bedoel is, omdat dit 'n bevel is om God te loof (111-118). Hier-die Psalms is tydens die viering van die Paasfees gesing. (Mark. 14:26). Die inhoud van Ps. 24 toon ook dat dit tydens die erediens in die tempel gebruik is. Prof dr. I.H. Eybers sê van die Psalms en die kultus: "Die gedagte dat baie van die Psalms met die kultus verband gehou het, word versterk deur die feit dat ons dikwels in die Psalms geesdriftige vermelding van die kultus aantref. Hieruit kan afgelei word dat die gewone lid van die volk nie net toeskouer by die tempeldiens was nie, maar dat hy waarskynlik by die bring van al sy offers sekere handelinge moes uitvoer en 'n belydenis uitspreek of miskien daarby sing (Deut. 26:3). So iets het blykbaar ook plaasgevind as geloftes aan die Here "betaal" is. (Ps. 116:14). Blykbaar is Ps. 118 'n lied wat by wyse van beurtsang gesing is terwyl die feesgangers opgegaan het na die tempel en later toegang tot die heiligdom vra (Ps. 118:19). Miskien was dit juis die taak van die "musiekleier (Ps. 4:1 en 5:1) om by sulke geleenthede die leiding te neem"[33]

"Ongetwyfeld is die Psalms ná die ballingskap in die godsdienstige byeenkomste by die tempel en in die sinagoges gebruik. Dit blyk uit die doksologieë waarmee die afsonderlike "boeke" eindig en die plasing van die groot loflied (Ps. 150) aan die einde. Ook dui die benaming van die boek in Hebreeus t$^{e}$hillîm (lofliedere) op die liturgiese gebruik. Daar word selfs deesdae dikwels na die Psalmboek verwys as die gesangeboek van die tweede (dit wil

sê ná eksiliese) tempel."[34]

*Die Psalms besing God se ewige liefde en trou en beklaag die verbondsverbreking deur Sy volk.*

# 4. DIE PSALMS AS VERBONDSLIEDERE.

## Die genadeverbond

Om die Psalms as verbondslied te kan verstaan moet ons eers sekere aspekte van die verbond uitlig. Om die verbond te begryp moet 'n mens jou in alle beskeidenheid deur die Woord laat lei om hierdie grootse plan te sien soos God dit werklik bedoel het.

Die genadeverbond word voorafgegaan deur die raadsbesluit van God se ewige verkiesing. God het van ewigheid af in sy vredesraad die Verbondshoof, Jesus Christus bestel en sy uitverkorenes aangewys. Christus staan van ewigheid af in 'n verbondsbetrekking tot sy uitverkorenes. In die uitverkiesing bepaal God die einddoel en die genadeverbond is die middel tot daardie doel. God rig sy verbond op om sy ewige raadsbesluit te verwesenlik. Daarom kan ons nooit uitverkiesing en genadeverbond skei nie. Ons kan ook nie praat van verbondskinders wat verlore gaan nie, want die genadeverbond sluit geen verworpenes in nie.

Baie ongelowiges lewe hier op aarde saam in die kring van die verbond, maar hulle is nie verbondskinders nie, hulle is die kaf onder die koring, die skyngelowiges. Die genadeverbond sluit nie almal in nie. Dis partikulier en bring skeiding in die mensewêreld. Omdat die mens se oordeel gebrekkig is en hy nie soos God in die hart kan sien nie, kan hy nie oor iemand se innerlike staat oordeel nie.

God bring sy uitverkorenes deur die genadeverbond tot die saligheid. Die uitverkorenes is die lede van die genadeverbond, die lede van die liggaam van Christus, die heilige, algemene, Christelike kerk.

Die uitverkiesing is indiwidueel, maar die genadeverbond is organies, en omvat die geslagte. Die genadeverbond tree onmiddellik in werking na die sondeval en van daardie oomblik af is Jesus Christus, die Hoof en die Middelaar. Die weg tot saligheid in die Ou Testament is presies dieselfde as in die Nuwe Testament. Slegs die gestalte en die bediening daarvan het in die verskillende periodes verskil.

Die verbond is die gemeenskap van liefde waarin God sy liefde aan die mens betoon en waarin die groot gebod vir die mens is om God lief te hê met sy hele hart, hele siel en verstand en met al sy kragte. Die verbondsgedagte in die Skrif is altyd weer: "Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir my 'n volk wees." Jer. 11:4; Eseg. 11:20 en Openb. 21:3.

Die verbond is monopleuries in sy oorsprong maar dipleuries in sy bestaan. Die twee partye in die verbond word vir ons so duidelik geskilder in Eseg. 20:37. "Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaan en julle bring in die band van die verbond". Die Here laat sy verbondsvolk deurgaan onder die herderstaf van die verkiesing om hulle dan te bind met die band van die verbond.

Die eerste deel van die verbond is dus die aanbieding van die Evangelie deur God self en die tweede deel stel die eis van 'n heilige lewe.

Hieruit volg dat onder Christus as Hoof van die verbond 'n gemeenskap van heiliges bestaan en die verbondskinders is die lote van die wynstok, Jesus Christus. Hulle is die bruid, die liggaam van Christus, die volk van God.

Nou sê dr. P.J.S. de Klerk: "In Adam het die mensheid van God afgeval, maar in Christus is die kerk, die nuwe mensheid weer aangeneem. Hiermee word elke indiwidualistiese religie uitgesluit. Ons doopsformulier lê die nadruk daarop dat ons "as lidmate van sy gemeente"

behoort gedoop te wees. Ons word nie lid omdat ons gedoop word nie, maar omgekeerd, ons word gedoop omdat ons lid is. God besluit die saad van die gelowiges in 'n verbondskring. Daarom staan kerk en verbond in 'n onlosmaakbare verband. Daarom is alle onbekeerdheid in die verbond in stryd met verbond en kerk.

Die genadeverbond omvat alles wat God doen om die saligheid van sy volk uit te werk. Dit gaan in die genadeverbond alles om God. Die mens het nie die verbond met God opgerig nie, nee, die naam genadeverbond dui aan dat dit 'n verbond is waarin God Hom in neerbuigende liefde en genade tot die gevalle mens wend. Die genadeverbond is dus allereers 'n geestelike werklikheid, 'n versoenende gemeenskap met God deur Christus, wat uiteraard alleen deur die geloof geken word, maar dit staan tog nie naas die menslike lewe nie. Dit negeer of verbreek nie die natuurlike lewensbetrekkinge nie. Dit word in die menslike lewe openbaar as 'n herskeppende, verlossende mag. Met die herstel van die gemeenskap tussen God en mens in Christus is in beginsel ook gegee die herstel van die gemeenskap van liefde tussen die mense onderling. In en deur Christus vorm die gelowiges één heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, die nuwe mensheid. In Christus word alle dinge wat in die hemel sowel as op die aarde is, onder een Hoof verenig. (Ef. 1:10) Hy is die Hoof van die herskepping. Die genadeverbond is dus baie wyer as die kerk as instituut.

Dis dus nie identiek met die kerklike instituut nie, maar dit omvat die nuwe mensheid in alle lewensverbande. Alles wat met Christus in die genadeverbond opgeneem is, lê onder die belofte dat dit sal herstel en verheerlik word.

Hierdie universele betekenis van die genadeverbond sluit egter nie uit dat dit partikulier is, dat dit nie alle mense omvat nie. Dit berus op die uitverkiesing en het in die Ou Testament reeds skeiding gemaak tussen die kinders van Set wat die Here gevrees het, en die kinders van Kain wat hulle as kinders van die wêreld geopenbaar het. Die genadeverbond omvat die nuwe in Christus tot genade aangenome mensheid. Daarom dek die grens van die kerk nie die grens van die genadeverbond nie. Die kring van die verbond tog word alleen bepaal deur die doop. Die verbond is dus ruimer as die kerk. Die genadeverbond val nie saam met die kerkverband in hierdie sin asof per se alle kerklede werklik daartoe behoort nie, want dit omvat alleen die gelowiges. Dit is tegelyk universeel en partikulier, dit verbind en dit maak skeiding. Dit bring onder een Hoof wat die sonde uiteengeskeur het, maar dit sny ook af wat onder daardie Hoof nie wil staan nie. Dit verenig wat die mens wil skei en dit skei wat die mens wil verenig. Hierdie skeidende en verbindende krag van die genadeverbond kry ons reeds in die moederbelofte in Gen. 3:15. Tog kan daardie skeidende krag van die genadeverbond hier op aarde nooit volkome deurwerk nie, omdat hier op aarde in die genadeverbond gelowiges en skyngelowiges nog vermeng is.[35]

Hoe word die Psalms nou hierby betrek? Omdat die Psalms hierdie heilsfeit besing, en waar Israel sy deel van die verbond verlaat het, beklaag, maak dit juis die Psalms so uniek. Dit is nie losstaande tekste of liedere wat van oor die hele Bybel ordeloos bymekaar gegooi is nie, nee, die Psalms vorm 'n eenheid wat God se trouverbond besing en Israel en daarmee ook ons verbondsbreuk en ontrouheid uitkerm, want deur Christus word ons ook deelgenote van die verbond.

Luister maar net wat die Psalms alles besing:

Die inleiding tot die Psalms in die Statebybel van S. van Velzen (Jr.) 1868 bladsy 261 gee 'n opsomming van die inhoud van die Psalms: Dit is een van die kanonieke boeke van die Ou Testament en in God se kerk met reg 'n besondere kleinnood geag, waarvan 'n mens die waardigheid en nuttigheid nie kan bepeins nie, nog minder met die tong kan uitspreek of met 'n pen kan beskryf. Sommige noem dit 'n lushof, 'n apteek of 'n skatkamer van die Christene. Andere 'n anatomie van die siel, 'n spieël van God se menigvuldige en ondeurgrondelike genade, 'n volkome opsomming of kortbegrip van die ganse Bybel, van die Wet en die Evangelies en God se ware kennis en diens.

Dit bevat heilsame leringe van God se wese en heilige drievuldigheid, God se eienskappe, ewige raad, heilige woord en werke en in besonder God se barmhartigheid en weldade aan sy kerk, God se regverdigheid en oordele oor alle goddelose mense, oor die persoon en saligmakende amp van die Messias, Christus se ewige Godheid, menswording, lyde, sterwe, opstanding, hemelvaart en sit aan die regterhand van God die Vader, die uitbreiding van sy koninkryk onder die heidene deur die prediking van die Evangelie, die sondige staat van die mens, die aard en eienskap van die wedergeboorte, die ware bekering, liefde en vrese van God, die natuur van die ware geloof, vertroue en roem in God, die sekerheid van die saligheid, die stryd van die vlees en die gees, die algemene kerk onder Jode en heidene, die kerklike tug, die gemeenskap van die heiliges, vergewing van sondes, opstanding van die vlees en die ewige lewe.

'n Mens vind ook allerlei geestelike oefeninge van die Godsaligheid soos formuliere of voorskrifte van God se lof en prys, vir danksegging vir ontvange weldade, geloftes van dankbaarheid, baie gebede tot God om alles wat tot sy eer en die algemene welstand van die gelowige kan dien veral onder kruis en bekommernisse, heilige meditasies, uitermate lieflike vertroostinge en versterking van geloof geduld en Godsaligheid.

Sodat enige toestand wat 'n Christenmens kan bedink tot bevrediging van sy gewete en bevordering van sy saligheid in die boek van die Psalms te vinde is."

## Die Verbondslied

Ook die sonde van die kerk met betrekking tot die lied in die erediens of dit nou onskriftuurlike gesange of eiewillige liedere is, het Christus versoen toe Hy uitgeroep het: Dit is volbring. Hy het gelewe en gesterwe met die Psalms, so het hulle dan met Hom wesens-een geword.

Niemand kan dit mooier stel as prof. J.D. du Toit (Totius) met sy preek getiteld "Jesus sing" by die ingebruikneming van die Afrikaanse Psalmboek:

"Jesus het gesing as Middelaar. Ook in hierdie opsig tree Hy vir ons in by God. Hy het gesing dat ons kan sing.

Nou kom die Psalmboek met die bevel: julle moet God loof. Dawid sê: Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy Heilige Naam (Ps. 103:1). Wie kan dit doen? Sonder Christus is ons daartoe volslae onmagtig. Sonder hom kan ons niks doen nie (Joh. 15:5) ook nie sing nie.

Laat ons tog nie dink: as Christus maar net vir my skuld betaal, dan sal ek verder wel regkom; dan sal ek self wel bid en sing en loof. Wat 'n dwaalgedagte! Besef tog u kan nie sing buitekant sy Middelaarskap nie. Hy is die een wat vir u moet intree in alles, enduit. Selfs die pragtige Goddelike Psalmboek is vir u sonder Christus, waardeloos. Daarom het Hy dan ook ingetree om alle geregtigheid in Sy heilige amp te vervul. (Matt. 3:15). Alle geregtigheid vervul — so omskrywe Hy by sy doop sy lewenstaak. So het hy die plig gesien wat Hy gevoel het kragtens die wet wat Hy bo hom erken het.

Laat ons dan dit vashou; ons kan lewe omdat Christus gely het, ons kan bid omdat Hy die voorbidder en voorspraak is. Ons kan sing, omdat Hy die voorsinger is.

Jesus sing as Maker van die Psalms. Maar ons moet nog dieper grawe. In die derde plek wil onsaantoon dat Jesus self die maker is van sy lied. Hoe is dit moontlik? vra u. Die Psalms is tog lank, baie lank voor die vleeswording van Christus gedig: hoe kan Hy dan die maker daarvan wees? Hier kom die apostel Petrus ons te hulp deurdat Hy sê dat die Gees van Christus in die profete was wat voor Hom geprofeteer het van Sy lyde en die werklikheid daarvan (1 Petrus 1:12) maar ook Dawid en al die heilige sangers was profete. Die lof wat hulle aangestem het was dus vanweë die drywing van die Gees van Christus. Inwendig, het Hy hulle toegefluister **wat** en **hoe** hulle moes sing.

Die Psalms is geen blomme wat uit hierdie aarde van ons kan opbloei nie. Hulle is uit die hemel afkomstig. Daarom het die kerk hulle so lief. Die saak kom dus hierop neer dat die eintlike sanger die Messias is en die sangstof is ook die Messias; daarom noem ons die Psalms Messiaans.

So kom ons dan tot wat ons kan noem die hoogste uiting van heilige kuns. Want dit is die eis by die sangkuns: dat die sanger liefdevol staan teenoor die onderwerp van sy lied. **Die wet van wederkerigheid moet volkome in sy werking wees.** Daarom kan die bruidegom inderdaad sing van sy bruid. Hulle twee is een van hart. Die liefde sluit hulle in 'n hoëre eenheid saam. Of om nog 'n strenger eenheid te noem. Wie weet beter wat in die mens is, as die gees van die mens wat in hom is? En wie weet ook maar iets van wat in Christus is, as die Gees van Christus wat in Hom is? Christus as die eintlike sanger besing dus Homself as die Middelaar van God en die mense. Alles wat die Christelike kerk bely in sy leerstukke het sy kunsuiting gevind in die Psalms.

Laat die gemeente naas die waarheid, ook die skoonheid najaag. Trag om die woorde van die ritmiese Psalm u sielseiendom te maak en sing dan uit u hart die skoonste melodie wat u mond kan voortbring. Sing dan nou na die voorafgaande toeligting die Groot-Hallel, maar moet nie die woorde dadelik op uself toepas nie. Hou in gedagte dat Jesus die sanger is en die sangstof, dat dus die Psalms allereers op Hom betrekking het."[36]

## Die fondament van die verbond

Ons moet onthou dat toe Israel die beloofde land binnegetrek het, hulle nie 'n parlement gehad het wat vir hulle wette gemaak het nie. Hulle het die wette uit die hand van die Here ontvang en dit is opgeteken in die eerste 5 boeke van die Bybel wat ons vandag noem die WET of die Tora, of die Pentateug.

D.w.s. die verbond het gerus op of is gedra deur die Wet, die Tora. Dit is belangrik om daarop te let dat die Tora Israel ook onderrig het in alledaagse dinge soos slawe, byvroue, deksels op waterputte, koeidiefstal, diefstal op heterdaad betrap, brandstigting, verlei van 'n jong meisie, geld leen en rente vra, pasgetroude mans en vrystelling van diensplig, krygsgevange, vroue en wegloper slawe, ens. ens.

Hoekom noem ons nou die Psalms verbondsliedere? Omdat al hierdie liedere sing van God se wet, God se verbond, God se koningskap en God se woning. Luister hoe word die Wet besing in Ps. 119:7: "Laat my oog aanskou die wonders wat u wet my openbaar,"[37] ons noem ook 'n gedeelte van vers 17: "Want u wet wat hul verwerp het, in hul agting waardeloos, is die stof van my gesange, op my pelgrimspad my troos."[38] Dit wat betref die wet of fondament. Luister ook hoe word die verbond besing in Ps. 105:5: "Die Heer wat van geen wankel weet nie, sal nimmer sy verbond vergeet nie;. . . verbond met Abraham, sy vrind, bevestig hy van kind tot kind."[39] Ook Ps. 89:2: "Ek het my trouverbond . . ."[40] God se koningskap Ps. 47:4: "Psalmsing tot Gods eer! Weet dat hy regeer: Hy het opgevaar, Koning is Hy daar van die heidendom. Vorste en volke kom om sy volk te wees. Abrams God te vrees".[41] God se woning Ps. 84:1: "Hoe lieflik is u wonings, Heer der leërskare! Hoe begeer my siel en hunker van verlange om na Gods woning op te gaan"[42] Asook Ps. 26:5 "Hoe lief het ek u woning, die plek, o Hemelkoning, waar u in heerlikheid verskyn."[43]

Hiervan sê ds. F. van Deursen dat Israel en sy psalmdigters in 'n unieke posisie teenoor die Almagtige verkeer het. Hulle het op die grondslag van God se Verbondsbeloftes geleef. Gods koningskap en die versoeningsdiens by hul altare het die steunpilare van hul samelewing gevorm. Alle Psalms het op hierdie grondslag ontstaan. Hulle is onder die reënboog van God se verbond gesing. Gods koningskap oor Israel en sy woning te midde van Israel het as't ware die dampkring en die klimaat gevorm waarin die psalmdigters geleef het en die fondament waarop hul gegrond was.

Hierin lê ook die diepste verskil tussen die Psalms van Dawid, Christelike liedere, gesange en "vrome" versies. Alle heidense godsdienste en ook alle eiewillige Christelike

godsdienstigheid draai altyd weer om die vraag: Hoe kry ek 'n goeie verhouding met God? Terwyl uit elke Psalmreël blyk dat ons 'n goeie verbondsverhouding met God het. Al het dit nie net vir Israel beloftes van seën ingehou nie, maar ook ernstige vloek klousules.[44]

Die Here het as Koning van sy volk saam met Israel getrek na die beloofde land. Die tabernakel, die woning van die Here, was 'n tent, dit moes so ingerig wees dat dit beweeglik kon wees. Daarom, toe Moses op Sinai was om die Wet te ontvang, het God hom in 'n gesig die tabernakel getoon hoe dit tot in die fynste besonderhede saamgestel moes word. Dit was nie al nie. Onmiddellik na die verbond by Horeb volg die liturgiese orde van Israel se erediens nl. watter offers by watter altare, op watter tye deur watter priesters gebring moes word.

Dan vervolg ds. Van Deursen:

Elke Psalmreël waarin die woord HERE voorkom herinner u aan die verlossing van God se volk by Horeb en die uittog uit Egipte. Alle beloftes, bevele, waarskuwings, vermanings, lofseggings en gebede word in die Tora en in die Profete en in die Psalms deur die naam HERE gedra. Soos die watermerk in 'n vel papier, lees ons op elke bladsy van die Psalmboek, die naam wat God self voor die ore van Moses uitgeroep het.

Ons besit ook Psalms wat oor hierdie grondslag of fondament nie sing nie maar klaag. Pss. 11 en 82 spreek duidelik van Wet en fondamentsverlating. Kort voor Absalom se opstand klaag Dawid: "As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen? "Ps. 11:3. Die verdrukking van wees en weduwee in Ps. 82 is in flagrante stryd met die inhoud en gees van die Wet en daarom kla die God van Horeb: "as die fondamente van die aarde wankel" (vs. 5).

Die Israeliete het dag en nag onder die eis van God se verbond gelewe. As hulle hul lojaal gedra teenoor hul Koning kon hul reken op God se seën, maar so nie op sy vloek. En die vloek sou nie geestelik wees nie, hulle sou dit aan hulle liggame voel in hul verwoeste stede, verdroogde akkers, dalende veestapels, leë kosbakke, geroofde kinders en oorlogsneerlae.

Die lewe in God se verbond, hierin onderrig die Tora, daarna roep die Profete terug en daarvan sing en klaag die Psalms. Geen wonder dat ons die weerklank van sowel Moses as die Profete deur alle Psalms hoor heenklink en dat die Psalmdigters op hulle beurt allermins louter godsdienstige liedere gesing het.

Die Psalmdigters kom almal uit die skool van Moses. Ons hoor die weerklank van Moses en die Profete deur al die Psalms. Daarom spreek hulle net soos hy nie alleen oor 'n sogenaamde godsdienstige hoekie van ons lewe nie; nee dit sluit alles in, dit sing ook van berge en dale, reën en wolke, esels en veevoer, laggende valleie, juigende koringvelde, kluite, vee op berge, wynstokke, seders, ooievaars, jong leeus, reën en sneeu, ens. ens.

Hieruit alleen hoor u hoe suiwer die weerklank van Moses onderrig gee in Jahwe se koninklike en verbondsmatige eis op geheel die lewe van die Israeliet.

Die Tora bestaan uit 3 dele nl. die inleiding, (die boek Genesis), die kern, (die boeke Exodus, Levitikus, Numeri) en die slot (Deuteronomium).

Genesis:

Wat 'n liefde vertoon die Psalmdigters nie vir die aarde en alles wat daarop is nie. Ps. 8:1. Die Psalmdigters het ook hierdie allesdraende verbond met Abraham besing (Ps. 105:5).

Exodus, Levitikus, Numeri:

Die groot gebeurtenisse van hierdie 3 boeke klink nog sterker in die Psalms - Die uittog uit Egipte Pss. 74, 77, 80, 81,105, 106 en 114. In Ps. 147:19 en 20 besing die Psalmdigters die welbehae van die Here in Israel.

Die koningskap van die Here Pss. 99,110 en 145.

Die woning van die Here Ps. 26:5, 42:3, 84:4 en 112.

Deuteronomium:

Ook hier vind ons weer die wet en wette. Lees nou hierby Ps. 19 en 119, 93 en 111. Trouens waarmee begin die Psalmboek? Deur vas te stel wat die kenmerk van 'n regverdige is: "maar sy behae is in die wet van die Here en hy oordink sy wet dag en nag." (Ps. 1:2). Nou het u gesien die Psalmboek steun nie net op die wet nie, maar dit is ook geheel van sy gees deurdronge.

Dit adem in dieselfde klimaat, dit spreek van dieselfde God, dit steun op dieselfde verbond, dit leef vanuit dieselfde beloftes, dit ken dieselfde bedreigings, dit roem in dieselfde Koning en dit verlang na dieselfde woning waarvan die Wet en die Profete spreek.

Kortom, die Wet en Horeb vorm nie alleen die dampkring waarin alle Psalmdigters geadem het nie maar is ook die stem en die boodskap wat ons vanuit alle Psalms in die ore klink.[45]

## Die weerklank van die profete in die Psalms.

Die indeling van die Bybel boeke in die Afrikaanse Bybel sê eintlik nie vir ons iets van die karakter van die Psalms nie. In die Hebreeuse Bybel is dit anders. Daar kry ons eers die Tora gevolg deur die Profete dan die boek van die Psalms, daarom die weerklank van die Wet en die Profete in die Psalms.

Van Deursen gee hiervan 'n raak beskrywing as hy sê dat die Israeliete bevoorreg was toe hul Kanaän in besit geneem het. Die Here was hul Koning wat in hul midde opgetrek het. Hy het onder hulle gewoon en sy verbondsbeloftes het die fondament gevorm onder die Israelitiese samelewing.

Maar wat het die bondsvolk van die Here daar in Kanaän met die Wet en hulle Koning gemaak? Het die Leviete God se volk onderrig en gesorg vir die versoeningsdiens by die altare? Het die vaders hul kinders die Wet geleer?

Op al hierdie vrae antwoord die profete vanaf Josua tot Maleagi. Dit is 'n droewige verhaal wat in kort daarop neerkom dat die Here sy kant van die verbond nagekom het. Israel daarenteen verlaat gou sy vaste verbondsgrondslag en dien nie sy Koning by sy woning nie.

Nou begin die regsgeding tussen die Here en sy volk. Soos die boek Deuteronomium 'n treffende ooreenkoms vertoon met die vorm van 'n oud-Oosterse verbonds- of verdragsluiting, so vertoon die verhaal van die Profete 'n treffende ooreenkoms met die gang van sake by 'n Oosterse verdragsbreuk.

Wanneer in die ou-Oosterse gebied 'n vasal koning hom skuldig maak aan verdragsbreuk stuur sy oorheerser eers 'n diplomatieke sending. Daarna as daar geen verandering kom, stuur hy 'n strafekspedisie.

In Kanaän het Israel gou hul deel van die verbond verbreek. God is ook nie meer goed as hulle Koning nie. Hulle wil 'n koning hê. Die Here stuur ook nie 'n strafekspedisie nie, nee, voor hulle weggevoer word in ballingskap stuur die Here 'n hele leër van Profete om hulle terug te roep tot die Here en sy verbond. Hier sing die Psalmdigters hulle Psalms. Geen wonder dat die eggo van die eeuelange treurspel, waarvan die Profete spreek luid weergalm deur die Psalms.

Israel het die Here in sy eer gekrenk deur agter ander gode aan te hoereer. Daar het beeldgietery ontstaan en eindelik lê Israel op hul knieë voor die son, maan en sterre en offer hulle seuns aan Molog.

Daarmee stap Israel van sy verbondsgrondslag af en moes die gebou van Israel se samelewing ineenstort, ook hierdie dawerende geluid weerklink in die Psalms, want daarin kom die regverdige aan die woord, die heilige res wat die Here nog vrees.

Wat moes die arme oorblyfsel nie alles gely het toe die wetspilare onder die Israelitiese wêreld deurgesaag word nie.

Nog meer as in die boeke van die Profete verneem ons uit die boek van die Psalms watter leed hierdie ineenstorting in die lewens van talle vromes teweeggebring het. Met die vertrapping van die Wet word die beskermde skild verbreek wat die Here by Horeb oor weduwees, wese, Leviete, slawe, vreemdelinge en dagloners opgerig het.

Ons hoor vanuit die Psalms 'n hartverskeurende koor van smartkrete wat tot God roep. 'n Verstoteling soos Dawid roep bo almal uit. Hy word die tolk van die onbekende leer verdrukte regverdiges wat in Israel gedurende die optrede van die Profete gesug het onder die gevolge van die verbondsverlating. Daar word in die Psalms oor verdrukking van die goddelose gekla. Lees maar Pss. 9 en 10.

Maar vuiste na die hemel gebal, dit het die regverdiges nie gedoen nie. Midde in die storms van God se gerig vanweë die veragting van sy Wet en sy Horebverbond het die Psalmdigters die tolk van die regverdiges geword, wat God se reg tot tugtiging eerbiedig het. As plaasvervangende voorbidders het hulle die sonde van Israel vanaf Egipte bely (Ps. 106). Ondanks hulle persoonlike geregtigheid het hulle in die besef van solidariteit met vorige generasies die Here gesmeek: "Reken ons die ongeregtighede van die voorvaders nie toe nie; laat u barmhartighede ons gou tegemoet kom, want ons is baie swak". (Ps. 79:8). Daarmee betoon hulle hulself geestesverwante van voorbidders soos die profeet Jeremia wie se prediking se weerklanke ons in Psalms soos Ps. 79 hoor.

Hulle het ook hulle kinders onderrig oor die historiese verlossingsdade van die Here (Ps. 78 en 105). Hulle bely teen die publieke opinie in dat hulle afgode as verfoeilik beskou (Ps. 115). Hulle het die Here geprys as die enigste lewende God (Ps. 115). Verder het hulle vasgehou aan die profetiese voorstelling van 'n Godsryk waaraan heidene mag behoort. Hierdie profetiese prediking kry u in Ps. 87, 126 en 147, gebore na die ballingskap.[46]

*Daar is maar net één genadeverbond, één Verbondshoof, één verbondslied.*

# 5. TESTATEUR EN LIED

## Die eenheid van die genadeverbond.

"Deur die hele Skrif heen loop die goue draad van één genadeverbond wat 'n feitlike band tussen die HERE en die mens lê en wat die heilsbeloftes in Christus dra, toesê en skenk. Omdat die sakramente die tekens en seëls van dieselfde genadeverbond is — soos die Ou- en Nuwe Testament dit vir ons in die verskillende bedelings aangee — is dit ook geredelik te verstaan dat die sakramente in hulle dieper sin 'n eenheid is. Hulle is nie "eenders" nie, maar "een" in hulle betekenis.

Die Roomse bv. leer dat daar 'n wesenlike verskil tussen die sakramente van die Ou en van die Nuwe Testament is. Volgens hulle is die Ou-Testamentiese sakramente bloot tipes; en die heiligmaking wat daardeur gevolg het, was nie innerlik nie maar net wetties. Omdat die volle ondervinding van die genade wat die sakramente afbeeld, afhanklik van die koms van Christus was, is die gestorwe gelowiges van die Ou Testament opgeneem in die sogenaamde "voorburgvan die vaders" totdat, Christus hulle uitredding bewerk het, aldus Rome.

Hierdie beskouing plaas die Ou- en die Nuwe Testament teenoor mekaar, sonder om hulle innerlike eenheid te erken. Daarmee gaan ook die eenheid, die duursaamheid en die ononderbrokenheid van die genadeverbond verlore.

Op dieselfde vlak beweeg vandag feitlik al die sektariese groepe — veral ook ten opsigte van die sakramente. Vir hulle kom die Nuwe Testament met totaal ander, nuwe, vreemde sakramente wat met die Ou Testament geen verband het nie — asof dit 'n andersoortige openbaring is. Vandaar hulle Bybelsvreemde beskouing ten opsigte van die doop. Dan bly die Skrifwaarheid van die genadeverbond as 'n organiese eenheid in die slag"[47]

Nou moet ons versigtig wees om nie so gou die vinger na Rome en die sektes te wys nie, terwyl ons as kerk met betrekking tot die lied in die erediens in dieselfde slagyster trap nie. Die Psalms word vandag so maklik afgemaak as Ou-Testamenties, dat hulle nie die Christus besing nie, dat hulle die skadubedeling besing terwyl ons tog in die volle lig staan. Daar is maar net één deurlopende genadeverbond wat dadelik na die sondeval 'n aanvang geneem het met Jesus Christus as die Middelaar en die Hoof.

Daar is maar net één genadeverbond, daar is maar net één verbondshoof, (Jesus Christus), daar is maar net één Bybel, daar is maar net één liturgie en alhoewel die pasga met die nagmaal en die besnydenis met die doop deur Christus ingelei word is dit in wese dieselfde. Daar is maar net één lied, die kanonieke boek van die Psalms wat deur Christus gehandhaaf word. Indien daar sprake van 'n ander lied was, sou Christus ons dan ook nie daarin voorgegaan het nie?

Ten slotte is daar ook maar één kerk, soos uitgebeeld in Openbaring 7:4-8 met die 144,000 verseëldes. Die 144,000 word bepaal deur 3 x 4 (3 verteenwoordig die Goddelike Drie-eenheid en 4 die skepping - die 4 windstreke) die getal van God en die wêreld verenig met mekaar. Die getal 12 sien dan op die kerk in die Ou Testament verteenwoordig deur die 12 stamme van Israel en die 12 Apostels as verteenwoordigers van die Nuwe-Testamentiese kerk. Hierdie syfer van 12x12 gee u 144 wat die volheid van die kerk simboliseer in Ou en Nuwe Testament, dit wil sê vergader uit Jode en heidene. Dit word dan vermenigvuldig met 10 x 10 x 10. Tien is die getal van volkomenheid en die verdriedubbeling daarvan toon die hoogste ontwikkeling en 'n proses van groei en toename.

Calvyn sê in sy Institusie, hoofstuk 10, bladsye 171 en 172 wat handel oor die gelykheid van

die Oue en die Nuwe Testament dat Gods volk van die begin af deur dieselfde wet en deur die band van dieselfde leer met Hom verbind was as ons. Hulle was deelgenote van dieselfde erfenis as ons en het deur die genade van dieselfde Middelaar op die gemeenskaplike saligheid gehoop. Die verbond wat God met die vaders opgerig het, verskil in die geheel nie van die wat Hy met ons opgerig het in sover dit die wese daarvan betref nie. Dit verskil alleen in die bediening. Die apostel Paulus stel die Israeliete aan ons gelyk in sover dit die verbond aangaan maar ook wat die betekenis van die sakramente betref. Aan die Korinthiërs skryf hy dat die Here aan ons dieselfde weldade bewys het as aan die Jode en Hom ook deur dieselfde tekens van die genade onder ons bekend gemaak het. Ons besit dus geen voorreg wat ons kan bevry van die wraak van God wat hulle getref het nie. Is ons gedoop? Ook die Jode is gedoop in die deurgang deur die Rooi See en in die wolk (1 Kor. 10:1,11). Sommige beweer dat dit maar net 'n vleeslike doop was. Maar dan sou die bewys van die apostel nie opgaan nie, wat juis aan die Korinthiërs die inbeelding wil ontneem dat hulle deur hulle doop bokant die Jode staan. Dan sou nie van toepassing wees wat hy daarop laat volg nie, dat hulle dieselfde geestelike spys geëet het en dieselfde geestelike drank gedrink het, nl. Christus."

Ook ds. C. Vonk waarsku teen die verdeling van die Skrif in Ou- en Nuwe Testament as hy sê: dat ons versiglig moet wees wanneer ons praat van Ou- en Nuwe Testament. Hierdie verdeling moet nie misbruik word om die eenheid van die Skrif te verbreek nie. Dit is soos met die kerk wanneer ons praat van O.T. Kerk en N.T. Kerk, as ons daarmee maar net nie die eenheid van die kerk wens te breek nie, want daar is maar een kerk. Die kerk uit die heidene is ingelyf in die oue Israel, Rom. 11: 17 - 29. So is die N.T. ook geen nuwe Bybel by die Joodse Bybel nie maar vorm die onontbeerlike sluitstuk van die Heilige Skrif waaroor Paulus aan Timotheus skryf. Wanneer ons die Skrif so sien kan ons bv. die Psalms nie beskou as liedere wat ons ontgroei het en waaroor ons ons verhef nie, maar moet ons die Psalms eer as liedere deur God se Gees geskenk aan Sy kerk, onse kerk. [48]

## Christus se testament.

God se verbond heet sy beloftes (Heb. 6) en testament (Heb. 9). Vir ons beteken 'n testament die laaste wil van 'n persoon wat uitgevoer word na sy dood ten opsigte van erfgename wat dan volgens sekere bepalings begunstig word. 'n Testament bestaan uit twee dele nl. die voordele of bemaking aan die erfgename en die reëls wat die erfgename moet nakom om te deel in die erflating. Dit is ook wat die Bybel is nl. die boek van God se beloftes en eise.

Hierdie testament bepaal ook ons verhouding tot God, dit wil sê wat ons moet doen om erfgename te bly. Dit gaan met ander woorde oor ons godsdiens (ons diene van God) wat sy hoogste uiting in die erediens vind.

Alhoewel die liturgie in voorkoms by die Ou- en Nuwe Testament van mekaar verskil, bly die reëls wat deur die erfgename nagekom moet word dieselfde naamlik gehoorsaamheid aan God se liturgiese eis. Ook die erfenis bly dieselfde nl. ons kindskap. Derdens bly ook die lied vir beide eredienste dieselfde naamlik die Psalms.

God het in die Ou-Testamentiese kerk 'n vasgestelde liturgie vir die erediens (Ex 25-31). In hierdie kerk vind ons ook die boek van die Psalms, bestemd vir die erediens.

By die Nuwe-Testamentiese Kerk het God ook 'n vasgestelde liturgie vir die erediens wat bestaan uit Christus wat preek -(Matt. 4:17; Matt 10:7; Matt 11:1; Markus 1 :38 en Luk8:1). Christus wat nagmaal bedien - (Matt. 26:26, 27 *&* 28; Markus 14:12-25; Luk. 22:7-23 en I Kor. 11:23-29). Christus wat doop — (Joh. 3:26) en Christus wat Psalms laat sing — (Matt. 26:30).

Nou is die vraag: hoekom dieselfde lied in die erediens in die Ou- en Nuwe Testament? Eerstens word dieselfde Verbondshoof besing. Tweedens is die skuldbelydenis en dankbaarheid by 'n wedergeborene van die ou en nuwe verbond presies dieselfde. Derdens

wil die Here sy diens vrywaar van willekeur en gevoelsgodsdiens, daarom word die lied bepaal deur die Testateur en nie deur die erfgename nie.

As ons dan beweer dat die Psalms nie die Christus besing nie of Ou-Testamenties is, dan sou dieselfde argument seker by Israel kon geld naamlik dat die Psalms nie die Christus besing nie en te Nuwe-Testamenties is. Lees maar Hebreërs 11 om hierdie stelling te verstaan naamlik dat daar telkens gesê word: "deur die geloof het . . ." en veral vers 13: "In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, . . ."

Volgens Hebreërs 9:16 tree 'n testament slegs in werking by die dood van die testamentmaker, wat in hierdie geval God self is. En tog, God is ewig, Hy kan nie sterf nie, daar moes dus 'n Middelaar kom, 'n ander Testateur, en dit is Christus. Hy wat ook self God is, het sy heerlikheid by die Vader verlaat en homself vrywillig vir hierdie taak gegee in onderdanigheid aan God. (Ps. 40:9 en Joh. 17:4).

As Christus dan aan die kruis uitroep: "dit is volbring", en hy sterf, dan beseël hy die testament met sy bloed en word ons as kinders van God erfgename van al sy weldade, maar ook medeverantwoordelik om die bepalings van sy testament na te kom soos deur Christus self ons voorgegaan. Dan word daar gepreek, sakramente bedien, gebid en psalmgesing soos deur Christus en geld Galasiërs 3:15: ".. . selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie."[49]

## Christus het geleef, gely en gesterf met die Psalms.

Wie die Psalms wil verstaan moet dit altyd teen die agtergrond van die ou Israelitiese geskiedenis lees soos vasgelê in die vyf boeke van Moses en die daaropvolgende Profete.

Deur heel die Heilige Skrif trek die Heilige Gees 'n duidelike skeidslyn tussen twee soorte mense wat onderskei kan word in regverdiges en goddelose. Hierdie skeidslyn glinster die helderste in die Psalms waar die regverdiges ook nog vir ons geteken word as: — die opregtes — die armes — die swakkes — die vromes — die getroues — die opregtes van hart — die wat die Here vrees ... en die goddelose wat ook geteken word as: die oortreders — die bose — die afvalliges — die vyande — die dwase — die hoogmoediges — die manne van bloed en geweld — die huigelaars ens. ens.

Die stryd tussen hierdie twee soorte mense is in wese niks anders nie as die stryd tussen: God en Satan — kerk en wêreld - gelowige en ongelowige.

Hierdie stryd het op Golgota sy hoogtepunt bereik waar Jesus Christus, die groot Regverdige, te staan gekom het teen die mensemoordenaar, die man van bloed en geweld, die Satan.

So ontsettend was hierdie stryd dat selfs die son en die maan en die sterre, waarvan die Psalms op so 'n onvergelyklike wyse spreek, hulle glans ingetrek het. Helder oordag het dit nag geword.

Die lig van die Psalms is egter nie uitgedoof aan die kruis nie. In sy bitterste ure van stryd het Hy gegryp na die Psalms om krag en vertroosting. Psalms wat Hy aan die knie van sy moeder geleer het. Sy wat self van jongs af met die Psalms in haar hart en op haar lippe gelewe het. Daarom is dit ook nie vreemd dat Psalms 89, 98, 107, 111, 113, 147 soos 'n goue draad ingeweef is in haar lofsang tot eer van God nie. Jesus Christus het geleef, gely en gesterf met die Psalms op sy lippe.

**Geleef —**

As kind het Hy die Psalms in die tempel gesing. Wanneer 'n bedevaart onderneem is het Hy sekerlik saam met die andere die bedevaartsliedere gesing (Pss. 120-134).

By die viering van die laaste Pasga en met die instelling van die Heilige Nagmaal het Jesus voor sy vertrek saam met sy dissipels die lofsang gesing (Pss. 113-118). Voor die Pasga

Pss. 113-115 en daarna Pss. 116-118.

**Gely**

Hoe het Jesus se komende lyde hom nie toegespreek uit die Psalms wat hulle toe gesing het nie.

Ps. 113:7 "Wat die geringe uit die stof oprig."[50] Dit laat 'n mens dadelik dink aan Getsemané waar Jesus in gebedsworsteling in die stof van die aarde gelê het.

Ps. 114 sing van die rots en wie is dit anders as Jesus self (vgl.1 Kor. 10).

Ps. 115: 9,10,11 sing tot drie keer toe:

". . . vertrou op die Here, Hy is hulle hulp en hulle skild"[51] Maar vir Hom onse Here, Jesus Christus, was daar geen hulp en geen skild nie.

Ps. 116:3 "Bande van die dood het my omring, en angste van die doderyk het my getref.[52] Hoe het Hy dit nie self deurleef nie.

Ps. 117:1 "Loof die Here, alle nasies! Prys Hom, alle volke!"[53] Deur sy lyde en sterwe aan die kruis sou die stomheid uit die monde van nasies en volke wyk en sou God in altyd wyer wordende kringe geloof en geprys word vir redding wat so soet is.

Ps. 118:6 "Die Here is vir my; ek sal nie vrees nie: wat kan 'n mens my doen?"[54] Dit het Hy vir ons en in ons plek ook gesing omdat Hy geweet het na sy lyde en sterwe sal ons niks ooit weer hoef te vrees nie. Ook nie die mens nie.

Ps. 118:19 "Maak oop vir my die poorte van die geregtigheid; ek wil daardeur ingaan, ek wil die Here loof." [55] Ja, dit is waarop alles sou uitloop vir Hom. 'n Heerlike oorwinningoor die graf en die hel.

En, toe die Kruis!

Hoe het Hy nie in sy bittere en smartlike lyde gegryp na:

Ps. 22:16 "My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte"[56] (Ek het dors!)

Ps. 22:2 "My God, my God waarom het u my verlaat",[57] (woordeliks)

**Gesterf**

Met Ps. 31:6 op Sy lippe het Hy gesterwe: "In u hand gee ek my gees oor;"[58]

Vanaf Moses tot op Christus sing die Kerk die Psalms, Christus sing die Psalms. En nou ons, wat moet ons sing in die erediens? Dieselfde Psalms, want ons het deur die geloof ook kinders van Abraham geword en is in Israel ingelyf. Lees maar Ps. 87, Rom. 4 Galasiërs 3:28 *&* 29. Ook vir ons is die basis van die Skrif, die Wet. Inderdaad leef ons nie meer onder die Horeb-verbond nie, want dit het met die koms van Christus verouder en verdwyn (Hebr. 7 & 8). Tog neem dit nie weg dat ons verhouding tot die Wet, die les van die brief aan die Hebreërs geld: "Hoeveel te meer ons . . ." Ook ons staan as volk van God op die fondament van die verbond met Abraham. Buite hierdie verbondsgemeenskap met God is dit ewig nag. Van daardie vloek spreek ook die water van ons doop: weë die verbondsverlaters! Hebreërs 10:28-31: "As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; (29) hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het? (30) Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel (31). Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God."[59]

## Wat word in die hemel gesing?

Die Nuwe-Testamentiese kerk kan sy Psalms sing totdat ook Ps. 98 (die hele Psalm) in

vervulling gaan, want in God se verbond is voortgang na die triomferende kerk en wat word daar gesing? Wat word in die hemel gesing. En hulle het die lied gesing van Moses ... en die lied van die Lam, — Openb. 15:3.[60]

Die oorwinnaars wat Johannes hier by die see van glas sien staan is die triomferende kerk in die hemel. Volgens hierdie voorstelling behoort beide die antichristelike bedeling en die oordeelsdag tot die verlede. Soos Israel by die Rooi See gestaan het en hul lied van verlossing gesing het, sing die kerk hier hul oorwinningslied.

Hier is nie sprake van twee verskillende liedere nie nl. die van Moses en die van die Lam nie, nee, dit is een lied, Die geskiedenis is hier besig om homself te herhaal. Ds. M.J. Booyens sê hiervan: "Eén gebeure in die Bybel is 'n afbeelding van die volgende. Die verlossing van Israel wat droogvoets deur die Rooi See trek en aanskou hoe hulle vyande, wat hulle lewe soek, in die golwe verdwyn en verdrink, is 'n voorbeeld van die verlossing van die gelowiges van later tye tot in die bittere eindtyd van die Antichris. Hulle staan op die ewige strand en sing van die verlossing deur die Lam van God uit die vervolgingsvuur. Die Lam het ons nie alleen aan die kruis van ons sondes verlos nie, maar Hy dra ons die eeue deur en bring ons veilig op die strand van die see van glas. En agter ons verdwyn die grypende vyande in die vuur van God se oordeel. En dan sing hulle - en die lied van die verlostes van alle eeue vloei saam in een magtige melodie en word uitgejubel in dieselfde woorde. Die verlossing bly altyd maar dieselfde in wese en daarom bly die tema van die lied dieselfde. Die lied kan ons ook nou alreeds sing."[61]

Wat is die woorde van hierdie lied? Lees dit in Openbaring 15:3 *&* 4: " . . . Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die heiliges (vs. 4): Wie sal u nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig, want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het".[62] Nou sê proff. Lion Cachet en J.D. du Toit (Totius): Waaraan is die woorde van hierdie lied ontleen anders as aan die ouderwetse Israelitiese Psalms 111:2: "Die werke van die Here is groot, nagespeur word hulle deur almal wat daar 'n welbehae in het." Ps. 139:14: "Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderlik is; wonderlik is u werke! En my siel weet dit al te goed." Ps. 145:17. "Die Here is regverdig in al sy weë en goedgunstig in al sy werke."[63]

## Hemel en aarde sing saam.

Ds. J. Kok predikant te Bedum in 1906, sê van die Psalms: God leer sing omhoog en benede. In wese word dieselfde liedere gebruik, maar hier geskied dit nog in 'n roukleed en omhoog in 'n feesgewaad. Hulle (die Psalms) is daar anders geset, word deur beter kore gesing en deur volmaakte musiek begelei. Dit is dieselfde rede wat ons dring, dieselfde gees wat ons besiel, dit is dieselfde stof wat gebruik word, want die genade hier is die volle heerlikheid daar.[64]

Ten slotte wil ons nog verwys na Psalms 148, 149 en 150 want dit sien op die Voleinding waar alle skepsele in die hemel en op die aarde opgeroep word om in 'n magtige koor Gods lof te sing.

Hiervan sê ds. Kok: in Psalm 148 word alle skepsels in die hemel en op die aarde opgeroep om aan God heerlikheid te bring. Dit is in aansluiting met die engelelied in die velde van Efrata: vs. 1-6 Ere aan God vs. 7-13. Vrede op aarde vers 14: in die mens 'n welbehae. Eers word die hemelse sangers opgeroep vs. 1-6. Aan die engele, sterre en wolke word gesê: "Halleluja, loof die Here uit die hemele." Die engele gaan voor: "Loof Hom al sy engele, loof Hom al sy leërskare". Maar die digter hoor ook die melodie van die sterre: "Loof Hom, son en maan, loof Hom, alle ligtende sterre. Hy luister ook na die wolke: "Loof Hom hoogste hemele en waters wat bo die hemele is."

Laat hulle die naam van die Here loof, want Hy het bevel gegee — en hulle is geskape." Voorts die stemme van die aardse skepsels (vers 7-14): "Loof die Here van die aarde af,

groot seediere en alle dieptes: Vuur en hael, sneeu en damp, stormwind wat sy woord volbring; Berge en alle heuwels, vrugtebome en alle sederbome, wilde diere en alle vee, kruipende diere en gevleuelde voëls." Veral word die mense toegeroep om die Here te loof; geen stand of amp, geen geslag of leeftyd wat nie aangesê word nie; konings van die aarde en alle volke, vorste en alle regters van die aarde, jongelinge en ook jongedogters oues saam met die jonges — "laat hulle die Naam van die Here loof! Want sy Naam alleen is hoog; sy majesteit is oor aarde en hemel!"

Vanuit die menslike geslag gaan Israel voor, die gemeente, die priesterlike geslag; "en Hy het 'n horing vir sy volk verhef: 'n roem vir al sy gunsgenote; vir die kinders van Israel, die volk, wat naby Hom is. Halleluja! (vers 14).

Die volk word toegeroep Ps. 149: 1 en 2 "Halleluja! Sing tot eer van die Here 'n nuwe lied, sy lof in die vergadering van die gunsgenote!

Laat Israel hom verheug in sy Maker; Laat die kinders van Sion juig oor hulle Koning."

Die kerk nou, die Israel van God, moet die musiek daarby gebruik. Dit vra Hy nie van die engele of die vorste of die regters of die volke van die aarde nie, maar net sy eie volk, vs. 3-5: "Laat hulle sy Naam loof in koordans, Hom psalmsing met tamboeryn en siter, want die Here het 'n welbehae in sy volk; Hy versier die ootmoediges met heil."

En wanneer ook hierdie Psalm eindig met 'n halleluja en die volgende daarmee begin dan word in Psalm 150 hierdie laaste opwekking nog meer uitgebrei want in hierdie Psalm is alles musiek.

Daar is geklaag, gesug, gebid, geween, ondervind (geleer) gewaarsku in die Psalms, maar al die stemme van klagte en gebed, lering en vermaning, van verborge trane en sugte, van hoop en troos word opgelos in 'n halleluja. So sal dit ook eens wees. In die hemel sal die rampe, die drukte, die vyande, die vervolging, die verliese, die smarte, twyfel en vrees agter ons lê en plek maak vir 'n miljoenstemmige-lied: "En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Openbaring 5:13". Daarom dra Psalm 150 ook geen naam nie. Nie van Dawid, of Asaf of Moses of van wie ookal, maar Hy is van alles in die hemel en op die aarde soos een stem: Loof die Here. Al die stemme van engele en mense van alle skepsele wat 'n stem het, alle tone van alle musiekinstrumente, alles wat asem het sê: Loof die Here en sing tot eer van die Here 'n nuwe lied.

Tien maal sê die digter dit in die laaste Psalm en tien is die getal van volmaaktheid. Ons ken dit slegs ten dele, maar laat ons hoop op die volmaaktheid.

"In sy heiligdom" vs. 1. In sy Huis op aarde en omhoog. "Voor sy troon en hierbenede". In die kerke moet die halleluja weerklink, die geluid van die basuin en luit en orrel. Kom uit die sorge en drukte, uit die stryd en leed in sy voorhowe met lof.

Een dag hier is beter as duisend elders. Wie die Here as die God van sy heil in sy heiligdom vind, vir hom word die skepping sy eie huis, ja self ook sy hart, 'n heiligdom. Die blomme in die lente, die warmte van die somer, die vrugte in die herfs, die koue in die winter, sterre en storms, reën en sonskyn, wek hom op tot die lof van die Here. Hy sal ons hier leer om die Here te loof, dat ons dit daarbo kan doen. En as ons eens die top van die berg van die Psalms bereik in die helder asuur van Gods trou en in die sonlig van die ewige wêreld van aanbidding mag baai, dan sal ons die volmaakte voortsit in die uitspansel van sy Sterkte, vs. 1, dit is in die hemelse heiligdom.

Die aarde kan verwoes word maar die tempel in die hemel is ver bo aardse verganklikheid. In die aardse huis, kan 'n mens nie altyd bly nie maar in die hemelse is jy een van die groot skare uit alle volke, nasies en tale. In die aardse bly dit stukwerk, in die hemelse is alles volmaak.

"Sy groot dade", sy almag in diens van sy Waarheid en liefde. Die skepping en voorsienigheid, verlossing en heiligmaking. 'n Mens kan eerder die sterre tel of die sandkorrels aan die see as om die einde te vind van sy magtige dade, sy werke waarin Hy homself openbaar. "Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge." Altyd is daar nuwe stof tot nadenke en dankbaarheid van geslag tot geslag. Sy dade in die geskiedenis, die daaglikse wonders in die natuur, vandat die son in die ooste opkom tot hy wegsink in die weste, sy werke in ons eie lewe, soveel blyke van sy goedertierenheid, sy seën, bewaring en genade. Duisendmaal is dit reeds besing, maar dit bly altyd nuut: Loof Hom totdat u dit eenmaal ongesteurd kan doen. "Na die menigvuldigheid van sy grootheid! "Hy alleen is groot. Sy heerlike naam moet tot in ewigheid geprys word. Loof Hom en moenie vrees dat u dit te veel sal doen nie. Lees, herlees en dink na hoe u dit moet doen. Hoe? Loof Hom met die geklank van die harp, basuin, en die siter. Loof Hom met die tamboeryn en fluit. Loof hom met snarespel en orrel. Loof Hom met helder simbale. Loof Hom met klinkende simbale vs. 3-5, dus met allerlei musiek. Dit moet altyd geskied, die een instrument volg op die ander, ontsien geen koste, of moeite, studie of inspanning, doen dit maar met ywer en lus.

Hard (luid) moet dit gebeur met klinkende simbaal en verklinkende basuin wat gehoor word in beide die strydende en triomferende kerk. Snaar en blaasinstrumente, lieflik en sag in volle kragtige tone, alles tot eer van die Here.

In die laaste Psalm is geen klag, selfs geen bede meer nie. Hoe nader aan die einde, hoe meer lof. Aarde en hemel smelt saam in een lied. Wat 'n dag sal dit nie wees nie as alles wat aan God behoort 'n sirkel sal word van lof en dank, beginnende en eindigende met Halleluja soos hierdie Psalm 150. Nee, nie eindigende nie, want 'n sirkel het geen einde nie, en u ook in daardie sirkel mag wees om saam te sing.[65]

"Loof God met basuingeklank!

Gee Hom eer, bewys Hom dank!"[66]

"Loof God - dit is sy bevel"[67]

*Die heilige doelmagtigheid wat die erediens moet kenmerk rus op twee beginsels. Die weer van alles wat die aandag sou kan aftrek van wat God spreek en die aanbring van alles wat kan meewerk om die erediens tot Gods hoogste eer en tot ons grootste heil te kan dien.*

# 6. DIE EREDIENS EN LITURGIESE ORDE

Die vorm wat die erediens aanneem staan bekend as die liturgie of liturgiese orde. Hierdie vorm of liturgie moet Bybels en funksioneel wees.

Liturgie beteken woord en handeling in die erediens. Ons kan dit ook omskryf met "orde van die erediens". Die woord is afkomstig van liturg wat in Hebr. 8:12 vertaal word met "bedienaar van die heiligdom". Ons opperste liturg is Christus. In die erediens is die voorganger, liturg of leier van die erediens.

Christus het die verbond hernu waarin alleen die gelowige sy God en mekaar kan ontmoet. Die erediens rus dus ten volle in die verbond. Die saamkom van die gemeente is die uitdrukking van ons eenheid in Christus.

Omdat die vorm van die Nuwe-Testamentiese-erediens nie direk voorgeskryf word nie, word dit bepaal deur 'n ondersoek van die hele Skrif. Die Joodse en Christelike eredienste staan baie na aan mekaar want die Nuwe-Testamentiese kerk word gebore binne die Jodedom.

Met die aanvang van die Christelike tyd was dit gebruik in die sinagoges om uit die Wet en die Profete voor te lees en te leer. In die Nuwe Testament volgens Kol 4:16 gee Paulus opdrag dat sy briewe in die gemeente gelees moet word. Na die skriflesing het die preek gevolg in die sinagoge. So was dit ook van die begin af in die N.T. kerk volgens Justinus die martelaar (plus minus 140 nC). In sy Apologie meld hy dat die Sondag-dienste in die algemeen begin is met Skriflesing deur 'n voorleser uit die Evangelies en die Profete. Die lesing was voortgesit totdat die vergadering voltallig was waarop die presbiter in aansluiting by die gelese gedeelte 'n vrye rede gehou het.

Die sinagogediens het ook die gebedediens gehad wat oorgeneem is deur die N.T. kerk. Ook die gebruik van die "amen" aan die einde van die gebede kom uit die sinagoge. Die Jode het ook hulle maaltye gehad — die Paasmaal in die O.T. teenoor die nagmaal in die N.T.

Die eerste gelowiges was Jode. Aanvanklik het die Christelike kerk baie van sy lidmate uit die sinagoges getrek, vandaar dat baie elemente van die erediens uit die sinagoges oorgeneem is.

## Die instelling van die erediens.

Reeds voor die uittog uit Egipte het Israel geweet dat die bevryding nie tot bandeloosheid maar tot gebondenheid sou lei. God eis Abraham se nakomelinge op om Hom te dien. Deur wonders en tekens stel die HERE sy goddelikheid ten toon. Hul kindskap word deur God baie duidelik onderstreep. Hulle was nie meer knegte van Farao en hul eie begeerlikheid nie, maar kinders van God. Met die instelling van die Pasga, word ook die eerste reël vir die erediens beskryf. Israel moes van nou af 'n heilige volk wees. Hiervan het Israel, niks begryp nie totdat God hul wou aanspreek en sy Wet as reël van dankbaarheid wou voorlê, toe vlug hulle na Moses met die versoek dat hy met hulle moes praat en hulle sal luister, maar nie God nie, sodat hulle nie sterwe nie.

So ver moes die vernedering gaan, dat die volk sy eie onmondigheid verklaar en vra vir 'n

middelaar. Die regstreekse verkeer van hul vaders met God was iets vreemd. Die ontmoeting van God en die mens word nou aan sekere reëls onderwerp. Die priesters uit die stam van Aaron mag alleen tot God nader.

Maar uit die grootste vernedering, blyk ook die grootste genade. Deur hierdie onmondigverklaring word die Verlosser in vooruitsig gestel. In die groeiende geleide erediens groei die kultus en daarmee die kultuur van die bondsvolk. In die ontwikkeling van die skaduagtige wette groei die profesie van die ewige Hoëpriester en aanstonds bars die genade vir alle volke deur.

Die antwoord oor wat 'n erediens is vind ons in Ps. 26:8: "HERE, ek het lief die woning van u huis en die woonplek van u heerlikheid."[68] en in Ps. 27:4: "om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel."[69]

Na die sluiting van die verbond volg die voorskrifte vir die Israelitiese erediens (Ex. 25-31). Moses moet weer die berg op. God wil aan Hom die kliptafels van die Wet (Tien Gebooie) gee. (Deut. 4:13; 5:22). Die boek van die verbond was reeds op skrif gestel (Ex. 24:7). Ses dae lank moes Moses wag. Op die sewende dag roep die Here hom. Veertig dae en veertig nagte was hy op die berg. In hierdie tyd ontvang Moses noukeurige voorskrifte oor die bou van die tabernakel. Die Here wil in die midde van Sy volk woon (Ex. 29:4546, Num. 5:3). Hy wil saam met Israel trek na Kanaän (Ex. 40:36-38) daarom moet hierdie tabernakel wat "woonplek" beteken beweeglik wees. Die Here gee nie alleen die voorskrifte nie, Hy wys ook aan Moses 'n voorbeeld (Hebr. 8:5) tot in die fynste besonderhede (Ex. 25:940; 26:30; 27:8), hoe die tabernakel moet lyk.

Wat ons hieruit leer is van die uiterste belang. Ten eerste gee die Here aan Moses die voorskrifte vir die bou van die tabernakel. Hier is dus geen sprake van willekeur nie, geen plek vir eiewillige idees nie. Van nog groter belang is die vorm van die erediens. God weet wat Hy wil, omdat Hy ook weet wat die mens wil in die uitoefening van die liturgie, daarom nie menslike vernuf nie, maar goddelike voorskrifte.

## Die Calvinistiese erediens

Milo sê van die Calvinistiese erediens:

Die vernaamste karakter van die Calvinistiese erediens is dat alle eiewilligheid in die handeling ontbreek. Daaruit volg dat ook alle willekeur uitgesluit is.

Die erediens rig hom tot die Skrif: "Gelei deur die Skrif moet die kerk 'n orde vir die erediens vasstel".

Ons erediens is dus in die eerste plek 'n samekoms van die gemeente met sy God in Christus, m.a.w. sonder Christus sou die gemeente mekaar en God nie kon ontmoet nie.

Die gemeente is 'n eenheid, die liggaam van Christus. Hierdie handeling geskied in teenwoordigheid van die heilige God. Ons ken geen soeke na eie genot of bevrediging van religieuse behoeftes nie. Ons soek die ontvouing van God se Woord, die klank van sy stem en stel daar teenoor die belydenis van ons sonde en sy goedertierenheid. Ons "godsdiensoefening" is dus geen oefening, maar uitoefening van ons geloof, die hoogtepunt van ons geloofslewe.

Met hierdie beginselsvolgverskillendegegewensvir die erediens.

Ons hele lewe moet 'n soeke wees na die vervulling van God se Wet, en dus seker ook in die erediens. Alles in die erediens is onderworpe aan die doel van die samekoms, dit is doelgerig. Soos ons ons taal in geselskap van hooggeplaasde persone kies, so moet ons taal en optrede voor God se aangesig, heilig wees.

Die heilige doelmatigheid wat die erediens moet kenmerk rus op twee beginsels. Ten eerste die weer van alles wat die aandag kan aftrek van wat God spreek en tweedens die aanbring van alles wat kan meewerk om die erediens tot God se hoogste eer en tot ons grootste hei!

te kan dien. Wat die predikant sê en wat die gemeente sing moet waar, goed en skoon wees. Die predikant kan met 'n onpaslike uitdrukking die Woord belemmer in sy loop. Daarteenoor kan die gemeente deur slordige sang, onwaardige sangwysies of beryming of liedere anders as wat God in Sy Woord gebied ernstig benadeel word wat 'n gruwel voor God is.

Daarom ken die erediens ook sy formuliere. Alles wat die gemeente uitspreek en 'n deel van wat die voorganger sê is in formuliere vasgelê. 'n Uit-die-vuis voorgedraagde, 'n deur die Heilige Gees ingegeefde lied soos by die ou Christengemeentes is by ons onbekend. Alles wat gesing word is in vaste vorm gegiet. Dit bevorder die noodsaaklike objektiwiteit in die erediens. Calvyn het nog meer formuliere gehad vir die erediens, soos skuld- en geloofsbelydenis wat deur die gemeente gesamentlik uitgespreek is. Calvyn wou die gesproke en gesonge Woord bewaar van persoonlike beklemtoning, eksegese en gesteldheid en het hartstogtelik probeer om die reëlmatige liturgiese handeling in die hoogste objektiewe, noukeurig deurdagte en voor Gods Woord verantwoorde vorm te giet. Die universele karakter van die kerk en sy handeling kom beter uit wanneer die handeling voorbedag is en dieselfde *vorm* en uitdrukking kry wat ook die voorgeslag en die nageslag dien as wanneer die liturgie afhanklik is van persoonlike stemming, willekeur of teologiese stroming. Veral die gevaar van willekeur moet ons nooit onderskat nie. Veral in die erediens is dit so dringend nodig om alle leuenagtigheid en gekunsteldheid uit te roei.[70] Dit verklaar ook waarom Calvyn hom gehou het aan slegs die Psalms as lied in die erediens.

## Calvyn kies vir die Psalms.

Van Andel sê van Calvyn: Die betekenis van Calvyn vir die kerklied is nie minder as die van Luther nie, ook wat betref sy invloed. Weliswaar beskik hy nie oor digterlike gawes nie, soos hy ook self erken. Na sy poging wat hy in 1538 aan Farel gestuur het, het hy hom nie weer aan die digkuns gewaag nie.

Na sy terugkeer in Genève ontdek Calvyn dat die Franse hofdigter Clement Marot die 13 Psalms berym het wat Calvyn publiseer het.

Marot was 'n digter van wêreldse poësie en was daarom deur verskillende teoloë nie baie hoog aangeskryf nie. Nietemin vertrou Calvyn aan hom die beryming van die Psalms toe en laat sy eie verwerking wat hy in Straatsburg uitgegee het vervang met die van Marot.

Die samewerking van digter en hervormer was van korte duur en in 1543 toe Marot na elders vertrek, was 49 Psalms berym en die Lofsang van Simeon. Die res (101 Psalms) is later deur Calvyn se medewerker Theodor Beza verwerk en in 1561 voltooi en kon die volledige uitgawe in druk verskyn. [71]

E. Doumergue sê: "Calvijn wil niet alleen eerbare, maar ook heilige liedere hebben, "die als naalden waren om te prikkelen God te prijsen". "Augustinus zeide reeds, dat niemand Gode-waardige liederen kon singen, als hij ze niet van God ontvangen had. Daarom, als wij hier en daar gezogt hadden, kon wij geen betere zangen vinden, dan de Psalmen Davids, die de Heilige Geest hem had ingegeven.

Douen verweet Calvijn bekrompen letterknechterij wijl hij de Gereformeerde kerk gebood alleen Psalmen te zingen maar Calvijn heeft eerstanderen liederen gezocht, doch hij kon geen betere vinden dan de Psalmen. Is het te verwonderen, dat hij deze zingen liet? Pasten de Psalmen, met hun roepen uit diepten van ellende, hun smeeken om redding, hun vertrouwen op den souvereinen God, niet uitnemend bij de kerk der XVIde eeuw?[72]

Ook W. Heyns bevestig die keuse van Calvyn as hy sê dat Luther van die begin af gesange in die Lutherse Kerk ingevoer het. Hierin volg Calvyn hom nie, maar die gesang wat hy invoer was die Psalms. Ook in Genève, onder Zwingli se invloed het die gemeente nie gesing nie. In 1537 dien' Calvyn aldaar saam met Farel 'n versoekskrif by die raad in om Psalms in die erediens te sing. Waarom hy bepaald Psalmgesang begeer, gee hy te kenne

in die voorrede in 1545 van La Forme de Prieres et de Chantz Ecclesiastiques.

Hierby laat Calvyn dit nie. Hoeveel waarde hy aan die Psalmgesang heg het hy verder oorvloedig bewys, deur Marot en Beza geen rus te gun, met die vertaling en beryming van die Psalms nie. Ook oor die melodie het hy 'n wakende oog gehou. So is die Psalmbundel nie 'n stuk van sy eie hand nie maar tog sy werk, die skepping van sy gees, 'n kleinnood, deur sy onvermoeide ywer aan die kerk besorg. Van die begin af was die Psalms so kenmerkend gewees vir die Calvinisme, dat 'n Roomse skrywer uit daardie tyd verklaar: "Die Psalms het die formulier geword van Calvyn se religie."[73]

Van Andel sê: Calvyn se betekenis, soos Luther, lê veral daarin dat hy aan die gemeentesang sy regmatige plek in die liturgie gegee het. Veral dat hy die hele Psalmboek laat berym en aan die kerk skenk as sy liederebundel. Daarby pleit hy vir 'n beryming so na moontlik aan die oorspronklike teks. In hierdie opsig het hy die kerke onder sy invloed 'n ander weg gewys as Luther. Dit is ook die rede dat die kerk van die reformasie in Nederland vir meer as twee eeue alleen die Psalms gesing het. Weliswaar is die Nederlandse beryming gebaseer op die pragtige melodieëvan Gene've."[74]

Dan vervolg Van Andel: Calvyn kies dus die Psalms as gemeentelied. Hierin verskil hy van Luther. Die beweegrede vir sy keuse lê ook ten grondslag aan die werk van die Wittenbergse reformator. Dit gaan by beide om die objektiewe vertolking van Gods Woord, wat alleen moet heers in die kerk en in die lewe van die gelowige. Daarvan moet gesing word. Calvyn is meer as Luther bevrees dat hierdie sakelike objektiwiteit van die boodskap verduister sal word agter die gedagte van 'n mens. Daarom kies hy die Psalms van Dawid wat hy besonder geskik ag vir die erediens. Sy vrees geld ook die wysies. As hy daaroor praat, sê hy dinge wat sterk herinner aan wat Augustinus skryf oor die betowerende mag wat die emosiewekkende wysies kan besit."[75]

Hasper sê in verband met die voorkeur van Calvyn vir die Psalms, is dit goed om te let op die groot gehegtheid van al die Hervormers aan die katolisiteit van die kerk. In Israel — en dus ook in sy lofsange en gebede — skyn die lig van Christus. En dit skyn in Israel deur God se besondere genade veel helderder as by ander volke en stamme van die oudheid. Hierin lê die juiste motivering vir die behoud van die Israelitiese Psalm in die erediens van die Nuwe-Testamentiese gemeente. Hul was nie alleen van betekenis vir die eerste Christene in Palestina wat deur die bewaring van die Ou Testament kontak gehou het met die ou Israel nie, maar dit het ook juis om die verbinding met die Jodedom van alle tye waarde vir die kerk van die toekoms. Die voorkeur vir die Psalms deur Calvyn is nie as gevolg van 'n besondere voorliefde vir die Joodse letterkunde nie, maar met die vind van "Christus in die Psalms" en Calvyn se vashou aan die universele. Die kerk begin nie op die Pinksterdag te Jerusalem nie, hy was ook in die ou Israel en hy was ook daarbuite. Die kerk het gedryf op die waters van die Sondvloed en was eeue voor dit aanwesig in die geslag van Henog en word later erken in die stamme deur Abraham met die neem van 'n vrou deur Izak — van die geloofslied in die alleroudste geslagte het niks bewaar gebly nie. Die skriftelike vaslegging van die lied van die kerk begin in die tyd van Moses, daarom moet ook Psalm 90 tot die einde, toe bewaar bly. [76]

Met die voorafgaande getuienis van Milo, Van Andel, Doumergue en Heyns moet ons die standpunt van Hasper verwerp wat beweer: "There has been a strange belief among Protestants and Roman Catholics alike during the last four centuries that it is quite in conformity with Calvin's principle of church-music to sing exclusively the Psalms of the Old Testament in the worship of the Protestant Churches. This would mean that Calvin was against unfolding the glory of Jesus Christ, in the hymns of the congregation! No error could be more absurd; for Calvin called the Church of the Middle Ages back to the Scriptures, and in these we find that in the assemblies of the New Testament Church the songs of the New stood alongside of those of the Old Testament".[77]

Aan ds. Hasper en ander teoloë wat beweer dat Calvyn nie **eksklusief** die Psalms gekies het nie, die antwoord: 'n mens se dade bevestig wat jy glo en bely en in hierdie opsig is die

enigste bewys vir Calvyn se keuse sy optrede nl. dat hy die 150 Psalms as kerklied in die erediens handhaaf.

Daarom is dit komies dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1978 terugkeer na die wysies van Genève, maar nie wat die inhoud van die Psalmboek betref nie, deur die insluiting van 50 Skrifberymings. Om nie eers te praat van die Geneefse wysies waarop die Skrifberymings gesing word nie**.**

## Die hemelse erediens

Die hemelse erediens het ook sy liturgie, sê ds. A. Myburg na aanleiding van Hebreërs 8:2 *&* 3: "'n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie.

"Want elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers te bring. Daarom moes Hy ook iets hê om te offer."

"In die hemel is dit altyd erediens. Daar is ook 'n liturgiese handeling in die hemel. Nou word Christus hier genoem die bedienaar van die heilige dinge. Jesus Christus is dus die groot liturg in die handeling wat in die hemel plaasvind. Hy tree op as voorganger in die erediens wat elke dag in die hemel gehou word. In die Ou-Testamentiese bedeling was daar 'n erediens wat tot in die fynste besonderhede gereël en uitgewerk is. Daartoe het behoort die versoening deur die bloedstorting, daartoe het ook behoort die aanbidding en die lofsegging wat op verskillende wyses gekom het. Daar was ook die aansteek van die reukwerk by die reukaltare, die dankoffers, die tempelkore, die tempelmusiek, die heerlike lofsange. Dit alles was tot in die fynste besonderhede uitgewerk. Die hele Ou-Testamentiese erediens was 'n pragtige harmonieuse ordelike samestelling. Hierdie heerlike erediens is gebore uit die diepste dankbaarheid wat daar in die hart van die verloste mens skuil. U vind sy mooiste vervulling in die hemel, waar Jesus Christus self die Voorganger, die Liturg is, en voor Hom is daar engele wat meedoen aan daardie hemelse erediens. Daar is die siele van die ontslape heiliges wat rondom die troon van die Lam staan, bekleed met wit klere en palmtakke in die hand en hulle sing tot eer van Hom wat op die troon sit, 'n hemelse erediens — Heb. 12:22 sê: "Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente en by Jesus Christus die Middelaar van die Nuwe Testament en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek." Met die hemelvaart van Christus het julle by dit alles gekom, by die versoeningsbloed en by die hemelse erediens waar Jesus Christus self die groot Liturg is. Johannes het op Patmos die wonderskone kore gehoor, die liedere wat daar in die hemel gesing word en hy het gesien dat Jesus Christus self die Voorganger is.

Hy is dus nie net Hoëpriester wat vir ons pleit, wat vir ons bid en voorspraak doen by die Vader nie, maar hy is ook daar om in die erediens ons dankbaarheid wat soveel gebreke het en onvolmaak is te vervolmaak en om dit dan as 'n lieflike reukoffer voor die aangesig van sy Vader te bring. Dit is beide vir ons tot heerlike vertroosting want ons skuldbelydenis en ons verheerliking van God laat soveel te wense oor. Maar, nou mag ons weet dat die hemelse Hoëpriester dit vir ons vervolmaak het en daarom lees ons in Openbaring 8:3: "En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God." Ons gebede, ons dankbaarheidslewe wat so onvolmaak is dat dit baie keer 'n skreiende vloek sal wees as dit voor die aangesig van die hemelse Vader kom, word gemeng met die inhoud van daardie wierookbak, dit is die bloed van Jesus Christus, Die gebede wat ons bid, die dade wat ons verrig op die aarde word eers gemeng met die inhoud van daardie wierookbak. Dit word eers gewas, gereinig deur die bloed van Jesus Christus en dan kom dit in 'n geheiligde en 'n volmaakte vorm deur die hemelse Liturg, deur die hemelse erediens, as 'n lieflike reukwerk voor die aangesig van die

Vader. Ons gebede en werke kom nie net soos dit is voor die Vader nie, want dan sou dit die gramskap en die toorn van die Vader opwek omdat daar soveel sonde, soveel haat, soveel bitterheid in daardie lewe, in daardie gebede, in daardie dankbaarheid is, maar Jesus Christus reinig dit, was dit en plaas dit dan voor die Vader in die hemel.

Ons erediens op aarde moet dan soveel as moontlik 'n skadubeeld wees van daardie heerlike hemelse erediens waarin Jesus Christus self die Liturg is. Waar alles so opreg is, waar alles so heilig is. Waar die engele volgens Jes. 6, voortdurend uitroep: "Heilig, heilig, heilig". Driemaal heilig is die grote God en aan Hom kom toe, die eer, die dank, en die aanbidding, nou en tot in alle ewigheid. Ook daardie lied moet uit onse erediens opstyg in die hemel tot eer van God.

In ons erediens mag daar geen onordelikheid wees nie. Daar mag ook geen willekeur wees nie. Ons mag die Here ook nie dien soos dit ons pas nie, of soos wat dit vir ons gerieflik is nie, daarom is daar ook 'n kerkorde, daarom is daar ook ouderlinge wat moet toesien dat dit ordelik toegaan in die diens van die Here, en dat die gemeente die Here dien soos wat Hy dit voorgeskryf het en nie soos dit hulle pas nie. Daarom mag ons erediens nooit 'n dooie formalisme word nie, en mag dit ook nooit 'n gewoonte word nie en mag die prediker ook nie net op die kansel staan en preek omdat hy moet preek nie, omdat die lidmaat uit gewoonte kerk toe kom nie, maar dit moet 'n heerlike dankbare belewenis wees, want as ons kerkhou en as ons die Here dien, dan luister die hemel na ons, dan luister die hemel of dit uit ons harte kom en of dit opreg is. Dit geld vir daardie erediens wat u tuishou, waar vader of moeder as liturg in die huis, die Woord neem en vir u kinders dit lees en voorbidding doen en saam sing. Dit geld vir die huisgodsdiens wat u tuis moet hou, dit moet ordelik wees, dit moet reëlmatig wees want die hemel luister na u huisgodsdiens. Dit geld vir die huisbesoek, dit geld waar die gemeente saamkom in waarheid en getrouheid. Klop die warme liefde van my hart in die diene van die Here? Is my diene van God 'n beeld, 'n afskaduing van daardie hemelse erediens waar Jesus Christus, daardie groot Liturg, elke oomblik van die dag en die nag voor die Vader staan om Hom te loof en te prys?

Ons besef ons gebreke en ons tekortkominge, maar as ons op ons knieë gaan en om genade bid en as ons met waaragtige erns die Here dien dan weet ons, ons sal ook eendag in daardie hemelse erediens wees, ons sal ook eendag in daardie hemelse kore sing, en ook eendag daar wees waar Christus nie net die groot Hoëpriester is wat sy eie bloed op die geregstroon gaan sprinkel het om dit vir ons te omskep in 'n genadetroon nie, maar waar Jesus Christus self die liturg is en ons sal voorgaan om God te loof met ons hele hart.[78]

*Dawid, die lieflike in die sange van die gemeente van Israel.*

# 7. DAWID EN DIE PSALMS

## Wie is hierdie Dawid?

Ons ontmoet hom in die bruising van sy jare met 'n slingervel in die hand. Ons maak ook met hom kennis in die afgunsjare van koning Saul. Wie kan die woorde van die profeet Natan ooit vergeet: "U is die man". Tien jaar later ontmoet ons Hom aan die Jordaan en klink Natan se verwyt in sy ore: "die swaard sal van jou huis nie wyk nie". Hy vlug vir sy eie seun, Absalom en kerm dit uit in Ps. 42: "Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoond was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van God, . . ."[79] Verlies van sy koningskroon, van die gemeenskap van Godshuis, nee nog meer, oneindig meer, verlies van sy God want hoor dan hoe vra die spotters vir hom: "Waar is jou God?" Met hierdie Dawid sal niemand hom misgis nie: Hoe goed ken ons egter vir Dawid van die Psalms, die man na Godshart. Die beste is om die Skrif self te laat spreek.

## Die gebruik van die Psalms in die Israelitiese erediens

2 Sam. 23:1, 2 en 3: "Dawid spreek, die seun van Isai, en die man wat hoog geplaas was, spreek, die gesalfde van die God van Jakob en die lieflike in die sange van Israel: Vers 2: Die Gees van die Here spreek in my, en sy woord is op my tong. Vers 3: Die God van Israel het gesê, die Rots van Israel het tot my gespreek:"[80] Dit is hier duidelik dat Dawid die lieflike in die sange van die gemeente van Israel is en dat hy deur die Heilige Gees van die Here sing, want dit is die Woord van die Here. Lees nou 2 Sam. 22:1: "En Dawid het die woorde van hierdie lied tot die Here gespreek",[81] en dan vind ons die lied terug in die boek van die Psalms, nl. Ps. 18. Met sy liedere is dit heeltemal anders gesteld as met 1005 liedere wat Salomo gedig het.

As Dawid die ark inbring (1 Kron. 16:7) dan laat hy aan Asaf, die man so baie in die boek van die Psalms genoem, en self 'n digter, en sy broers opdra om "Loof die Here" te sing. Dit is Ps. 105 die eerste 15 verse, Ps. 96 geheel en Ps. 106 verse 1,47 en 48.

Lees ook nou 1 Kron. 16 van vers 37 aan, dan vind u in vers 41 "en saam met hulle, Heman en Jedutun en die ander uitgesoektes wat met hulle name aangewys was om die Here te loof,[82] vers 42: "en by hulle was trompette en simbale vir die musikante en instrumente vir die liedere tot eer van God."[83] nl. die Psalms.

Slaan ons 1 Kron. 23 na dan tref vers 5 ons: "en vierduisend poortwagters en vierduisend lofsangers tot eer van die Here met die instrumente wat ek, het Dawid gesê, gemaak het om lof te sing [84] vers 6: "En Dawid het hulle verdeel." [85] Dit is duidelik, Dawid die profeet, die lieflike in die sange van Israel dig, sing en maak die harpe om die woorde wat die Here op sy tong gelê het, in die gemeente van die Here te laat sing.

Maar die boek van die Kronieke gaan verder, die 25ste hoofstuk vers 1: "En Dawid en die leërowerstes het vir die diens die seuns van Asaf, Heman en Jedutun afgesonder", [86] om in vers 3: "... onder leiding van hulle vader Jedutun wat op die siter besield gespeel het by die loof en prys van die HERE"[87] en dan in vers 5: "Hulle almal was seuns van Heman, die siener van die Koning in die woorde van God". [88] Dus nog 'n profeet. Vers 6: "Hulle almal was ... by die gesang in die huis van die Here . . . volgens aanwysing van die koning: Asaf en Jedutun en Heman". [89]

Elke gelowige ken die naam van hierdie manne in die boek van die Psalms. Manne wat hul eie sange en die van Dawid deur die gemeente laat sing het tot eer van die Here.

As Salomo die tempel inwy (2 Kron. 7:6) dan sing hulle die loflied van Dawid. So lees ons in 2 Kron. 8:14 die laaste reël, "... want so was die gebod van Dawid, die man van God."[90] Dus Dawid gee as koning, maar ook as profeet opdrag, en hy staan nie alleen nie, want hy het sieners in die Woord van God by hom om hom te help.

Lees 2 Kron. 29:25: "En hy (koning Jehiskia) het die Leviete opgestel by die huis van die Here, met simbale, met harpe, en siters volgens die gebod van Dawid en van Gad, die siener van die koning, en van die profeet Natan; want die Here het dit so beveel deur sy profete". [91] Dit is dus duidelik 'n bevel van God. Lees nou vers 30: "Daarop gee koning Jehiskia en die owerste aan die Leviete bevel om die Here te prys met die woorde van Dawid en van Asaf, die siener; en hul het met blydskap die lofsang aangehef . . . " [92] 2 Kron. 35:15 *&* 16:

"En die sangers, die seuns van Asaf, was op hulle plek volgens die bevel van Dawid en Asaf en Heman en Judutun."[93]

As Israel uit die ballingskap terugkom (Esra 3:10) dan is dit weer die seuns van Asaf, met simbale opgestel, om die Here te loof volgens die instelling van Dawid. Daarom sê NehemialO: 29: " ... en hulle het onder eed en met beswering hulleself verplig om te wandel in die wet van God, wat deur die diens van Moses, die kneg van God, gegee is, en om te hou en te doen al die gebooie van die HERE ons Here, en sy verordening en sy insettinge";[94]

Lees ook Neh. 11:17: ". . . Sabdi, die seun van Asaf, leier van die lofsang, wat die "Loof Hom" aanhef by die gebed"; [95] Ook Neh. 12:46: "Want in die dae van Dawid en Asaf, van die voortyd af, lê die oorsprong van die sangers en leiers van die lofsang en die danksegging aan God". [96] Lees ook verse 45 & 47.

Ja, gode sy dank, God self wou dit so hê. Hy het dit beveel deur sy profete, 2 Kron. 29:25 en 2 Sam. 23:1 en 2. Die Heilige Gees het die gemeente van die Here met die sange toegerus. Slaan maar die Psalms oop en lees die opskrifte, dit is sange, liedere en Psalms. Hulle, die volk, was geleer om die liedere te sing deur die Godsmanne vervaardig.

## Dawid en die Nuwe Testament.

Wat is die getuienis van Jesus i.v.m. die Psalms, die sange van Israel? Lees Matth. 23:37, 38 en 39. Dit is wat in Ps. 91.4, Ps. 69 en Ps. 118:26 staan wat Christus aanhaal. In Lukas 24:44: "En Hy (Jesus) sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms vervul moet word." [97]

Daarom nou hier in Lukas 24:45: "Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan". [98] Hierdie Skrifte is nog altoos die Ou Testament — die Nuwe kom pas 70 jaar later.

## Die Apostels en die Psalms

Wat is die houding van die apostels i.v.m. die Psalms, die sange van Israel. Ten eerste begin Petrus sowel as Paulus, daaruit te bewys dat Jesus die Christus is. Hulle gebruik juis die **Psalms,** omdat dit as sange meer bekend is in die gemeentes. So behandel Petrus ook in Hand. 2:25 wat in Ps. 16:8 geskrywe staan.

Lees maar Hand. 2 vanaf vers 24 tot by vers 36. In Hand. 4:11: "Hy is die steen wat deur julle die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het". [99] (Psalm 118:22 "my invoeging"), Hand. 4:25 en 26: "Wat deur die mond van u kneg Dawid gesê het Ps. 2:1 en 2 "my invoeging"): "Waarom het die nasies gewoed en die volke nietige dinge bedink? Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen die Here en teen sy Gesalfde."[100]

In Hand. 13:33-37 pas Paulus die Psalms ook toe in sy preek en haal Ps. 2 en Ps. 16 aan

om te bewys dat Jesus die Christus is. So doen ook die skrywer van die brief aan die Hebreërs, hoofstuk 1:5- 13. Hier haal hy Ps. 2, Ps. 45:8, Ps. 97:7, Ps. 102:26, Ps. 104:4 en Ps. 110 aan.

Die sange van Israel (2 Sam 23:1, 2 en 3) is waarlik profesieë van God deur die Heilige Gees aan sy gemeente gegee om al singende die Christus en sy toekoms te voorspel tot Hy weer kom. In Hebr. 2 noem die skrywer Ps. 8 en Ps. 22:23. Die Evangelies lewe van aanhalings uit die Psalms. Romeine 15:9 "en dat die heidene ter wille van sy barmhartigheid God kan verheerlik, soos geskrywe is: Daarom sal ek U loof onder die nasies en tot eer van U naam psalmsing". [101] 1 Kor. 14:12-15 probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente — vs. 15: "Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing". [102] Vers 26: "Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm, of lering of 'n taal . . . laat alles tot stigting geskied."[103]

Ef. 5:19 (laaste deel): ". . . en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here," [104] Kol. 3:16: "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms, lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here".[105]

*Die Psalms het 'n geheimsinnige "meerwaarde" en tussen die woorde is "stiltes" wat vir mense met geopende ore meer kan beteken as 'n hele reeks van tekste.*

# 8. DIE CHRISTUSVERWAGTING BY DAWID

Hiervan sê dr. A.H. Edelkoort dat in die tyd van die Konings daar ten opsigte van die Messiaanse verwagting voortgang te bespeur was, maar die kring was altyd nouer getrek totdat dit verbind was met die stam van Juda. Daarna is die kring weer eens nouer getrek totdat die huis van Dawid aangewys is as die draer van die Messiaanse belofte. Dit was in hierdie tyd dat die Christusverwagting eintlik 'n koninklike karakter ontvang. Ons kan dus sê dat die belofte aan Dawid gegee, die grondslag vorm van die Messiaanse verwagting. Ons vind hierdie belofte in die verhaal van Dawid en Natan in 2 Samuel hoofstuk 7.

Dawid het rustig in sy paleis gewoon want God het hom vrede gegee van al sy vyande rondom. Die feit dat Dawid rustig in 'n paleis woon en die ark van die Here nog altyd in 'n tent staan, bring Dawid in beweging. Vs 2: "Kyk tog, ek woon in 'n huis van sederhout, maar die ark van God woon binnekant 'n tentdoek."

In vs. 3 antwoord Natan die koning: "Gaan heen, doen alles wat in u hart is, want die Here is met u." Dog in die daaropvolgende nag kom die woord van God tot Natan wat hy die Koning die volgende dag moet meedeel, 'n woord dus wat nie sy oorsprong by Natan het nie maar 'n regstreekse openbaring.

As troue gesant van God voldoen Natan aan die opdrag. Die fragmentariese verhaal gee wel die inhoud van Godswoord aan, maar verberg vir ons die gesprek tussen Natan en Dawid. Volgens vs. 17 weet ons slegs dat Natan sy opdrag uitgevoer het.

In verse 6 en 7 herinner God Dawid aan die tyd en tye toe hy in geen huis gewoon het nie. Dan volg die gedeelte waarom dit eintlik gaan 2 Sam. 7:11b tot 16 waarvan ons hier 'n weergawe gee:

". . . en die Here gee jou te kenne dat die Here vir jou 'n huis sal stig.

12. As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig.

13. Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid.

14. Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met 'n menslike roede en met slae van mensekinders.

15. Maar my goedertierenheid sal van hom nie wyk nie, soos Ek dit onttrek het aan Saul wat Ek voor jou aangesig verwyder het.

16. En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid."

As Natan al hierdie woorde aan die koning meegedeel het stort Dawid sy siel voor God in 'n gebed uit, waarin daar geen teleurstelling te vind is oor wat God hom verbied het nie. Daarin word niks gemeld oor die tempelbou nie, maar alleen gedank vir die groot genade deur God hom bewys dat sy tyd van regering vir altyd sal duur en dit nie tot eer van koning Dawid nie, maar sodat Godsnaam alleen groot gemaak sal word en die Here van die Leërskare bekend sal word as die God van Israel vs. 26.

Die wyse waarop Natan hom hier gedra bewys dat ons hier met 'n Godsopenbaring aan Natan te doen het.

Eers laat Natan sy menslike gevoel spreek wat saamval met Dawid se voorneme, maar dan verneem hy die woord van God wat met die vrome gevoel van die profeet nie rekening hou nie, maar aan hom Godsraad onthul.

Lees weer vers 13: "Hy sal vir my Naam 'n huis bou en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid." Hierdie vers bevestig wel dat 'n nakomeling van Dawid 'n tempel mag bou. Hier word met ander woorde gedink aan 'n persoon. Hy sal 'n nakomeling wees wie se troon vir ewig vas sal staan en wie se ryk vir ewig sal duur. Hierdie uitdrukking opsigself is

Messiaans. Dit is daarom seker dat ons hier 'n Messiaanse profesie het. Hier word geprofeteer van die groot nasaat van Dawid, wat oor 'n ewige ryk sal regeer en wie se koningstroon onwrikbaar vas sal staan. Is dit nie 'n teëspraak met vers 14 wat die moontlikheid veronderstel dat hierdie koning hom sou misgaan en daarom met menslike straf getugtig sou word nie? En is daarmee nie in stryd die feit dat aan hierdie nasaat die tempelbou toegeskryf word nie! (vs. 13) Sien dit nie alles net op Salomo die seun en onmiddellike opvolger van Dawid soos vers 12 beweer nie. Dit is ongetwyfeld so. Salomo sou Israel se tempelbouer word, maar Salomo sou ook God se straf ondervind as hy hom teen God sou misgaan.

Hier het ons weer dieselfde verskynsel waarna ons in vorige hoofstukke verwys het. Die koms van die Messias val vir die profetiese oog saam met die onmiddellik op hande synde toekoms. Soos in die Psalms spreek dit. van die hier en die nou maar dit gryp terselfdertyd na die toekoms. Dit gee aan die profesie iets tweeslagtigs, maar dit is 'n trek eie aan alle profetiese eskatologieë. Ons het hier 'n profesie wat betrekking het op die Messias, die koning van die eindtyd en ook 'n ander wat wys op Salomo en sy tempelbou.

Wat 'n voorreg vir Dawid, dat hy kon verneem dat die Messias uit sy geslag gebore sou word. Geen wonder dat hy daaroor in gebed gaan, 'n gebed wat self 'n psalm word waarin hy sy God in hoogste verrukking dank.

In 1 Kron. 17 vind ons dieselfde verhaal as in 2 Sam. 7 en dit is die moeite werd om die verskilpunte tussen die 2 hoofstukke uit te wys. 2 Sam. 7:12: "wat uit jou liggaam sal voortkom" en 1 Kron. 17:11: "wat uit jou seuns sal wees." So vermy 1 Kron. 17:13 die naam van Saul deur te skryf: "aan hom wat voor jou gewees het."

Ons lees in 2 Sam. 7:16: "En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid" maar in 1 Kron. 17:14 lui hierdie teks: "maar ek sal hom laat bestaan in my huis en in my koninkryk tot in ewigheid" met die verdere verskil dat 2 Sam 7:16 lui: "jou troon sal vasstaan" en 1 Kron. 17:14: "en sy troon sal vasstaan".

Maar die belangrikste verskil is egter, dat in 1 Kron. 17 die gedeelte uit 2 Sam. 7 gemis word waarin gedreig word dat Dawid se nakomeling met 'n menslike roede en met slae van mensekinders gestraf sal word. 'n Mens sou daarom meen dat die profesie van Natan oorspronklik geen Messiaanse sin sou hê nie maar as gevolg van die weglating deur die Kroniekeskrywer, blyk dit sterk Messiaans te wees. Inderdaad bewys die redaksie wat hierdie skrywer aan Natan se profesie gee dat hy dit stellig in Messiaanse sin verstaan het, maar dit bewys nog nie dat dit oorspronklik nie — Messiaans was nie. Die saak is ietwat anders.

Soos ons gesien het word in eg profetiese styl die *verre* toekoms van die hele tydperk daartussen oorgeslaan. Toe die Kronieke skrywer hierdie profesie deurgegee het, het die woorde wat op Salomo alleen betrekking gehad het, geen sin meer nie, hy sou dit ook pynlik gevind het om so 'n bedreiging aan die adres van die groot tempelbouerkoning in soveel woorde te sê, aangesien dit sy strewe was om hom so gunstig moontlik te skets. Dit is ook die rede waarom hy self die afval tot afgodery aan die einde van sy lewe weglaat (2 Kron. 9). Daarom dan ook laat hy alleen uit die profesie van Natan die tempelbou van Salomo blyk en voorts alles wat op die Messias betrekking het. Die Kroniekeskrywer het dus nie Natan se profesie Messiaans gemaak nie, maar die Messiaanse karakter daarvan sterker laat uitkom. Presies die teenoorgestelde geld van Ps. 89 waar ook 'n sinspeling op Natan se profesie voorkom. Die ontroerende lied vergelyk die droewige toestand waarin die volk Israel in sy tyd verkeer met die stralende belofte aan Dawid gegee. Wat is van die vervulling van die belofte te bespeur. Niks en dan ook in geheel niks. Israel het geen heersersposisie nie maar is inteendeel die prooi van sy vyande en diep verneder. Die digter het dit blykbaar op Natan se woorde so anders verwag. Op die woord beroep hy hom in vs. 30 so nadruklik: "En Ek sal sy nageslag vir ewig laat duur en sy troon soos die dae van die hemel". En in vers 27: "U is my Vader."

Hiermee het die Messiaanse karakter uit Natan se profesie verdwyn. Wat die profeet gesê het van die Messias pas die digter op die volk toe, maar hierdie sanger is 'n vrome Israeliet wat nie lank hoef te soek na die oorsaak waarom die hede so weinig beantwoord aan die goue woorde in vroeëre eeue gespreek nie.

Hy vind die rede in die sonde van die volk wat die seën ver weg geskuif het en die oordeel nader gebring het. Die woorde van Natan waarmee die Kroniekeskrywer in verleentheid was — die bedreiging van straf, dit is juis vir die digter van Ps. 89 die oplossing vir sy pynigende raaisel. Vandaar dat hy hieraan baie meer aandag skenk as aan die Messiaanse voorspelling in die profesie van Natan en dit in nog breër vorm weergee as in 2 Sam. 7.

Ps. 89:31: "As sy kinders my wet verlaat en in my regte nie wandel nie:"

32: "As hulle my insettinge ontheilig en my gebooie nie hou nie."

33: "Dan sal Ek hulle oortredinge met die roede besoek en met plae hulle ongeregtigheid."

Des te meer tref dit ons dat dieselfde digter durf en kan sing van die ewige goedgunstigheid van die Here en van sy verbond, dat dit vasstaan en dat hy in verhewe taal die grootheid van sy God prys wat grootliks gedug in die raad van die heiliges is en vreeslik bo almal wat rondom Hom is (vs. 8).

Hierdie lied bewys ook dat daar in die tyd na die ballingskap kringe was waarin die Messiaanse verwagting verflou het en waarin die Messiaanse belofte op die volk betrek is.

Tereg kan ons sê dat Dawid se tyd die vertrek of beginpunt is vir die ontstaan van die Messiasgeloof, en dat daar voor Dawid geen sprake van Messiasgeloof was nie. Hier vind ons die uitgangspunt van die bepaalde vorm van die Christusverwagting wat die reddersgestalte van die eindtyd in nou verband bring met die tydperk van Dawid en hom met name van konings uit Dawid se geslag huldig, maar ons mag daarom nie die gehele verwagting van die groot Heerser van die eindtyd op hierdie profesie van Natan alleen baseer en vir 'n ideale waardering van Dawid se tydperk hou nie. Die Christusverwagting is ouer as die spesifieke vorm wat dit in Dawid se tyd ontvang.

Die volgende teks verdien ons aandag 2 Sam. 23:1-7 die sg. Testament van Dawid.

Die aanhef van die laaste woorde van Dawid toon 'n duidelike ooreenkoms met die gedeelte van Bileam bv. Num. 24:3. Daarmee bedoel ons nie dat Dawid die heidense siener nageboots het nie. Ons bedoel eerder dat daar 'n ou stylvorm bestaan waarvan beide sieners gebruik maak. Dan sou die woorde van Dawid reeds as 'n profesie bekend staan. So is dit trouens ook in vs. 2 waar Dawid met nadruk sê dat:

"Die Gees van die Here spreek in my en sy woord is op my tong." Daar is wel twee vertolkings oor die aanhef wat Dawid gebruik nl. "die lieflike in die sange van Israel." Die ou statevertaling wys daarop dat hier gedink word aan die outeurskap van Dawid van verskillende Psalms.

Gressman sê egter dat die bedoeling is dat Dawid hom hier self teken as die geliefde voorwerp van Israel se liedere en waar hy dink aan die gewoonte van die volk, veral van die vroue, wat die triomfantlike terugkerende Koning toesing (1 Sam. 18:7; 21:1; 29:5; Ps. 68:26). Dit het hy as oorwinnende koning soveel keer ondervind. Hierdie siening van Gressman bots met vs. 2 nl. "die Gees van die Here spreek in my, en sy woord is op my tong."

In die vorige hoofstuk het ons daarop gewys dat Dawid die lieflike was in die sange van die gemeente van Israel en dat hy deur die Heilige Gees van die Here sing. Dit gaan dus hieroor die outeurskap van Dawid in die Psalms.

Maar dan vra 2 Sam 23 vers 3b ons aandag: "'n Heerser oor mense, 'n regverdige, 'n heerser in die vrees van God." Dan sou ons hier niks anders voor ons hê as die skildering van 'n gelowige konings-ideaal, geen goeie koning of hy kan dit alleen maar wees in die

vrees van God.

'n Regverdige heerser oor mense het Luther vertolk as 'n toevoeging tot die onmiddellik voorafgaande "God Israels" en "Rots Israels". Dit sou wel kan maar dit bring mee dat 'n mens dan ook die slot van vers 2: "'n heerser in die vrees van God" in dieselfde gees moet neem wat eintlik nie kan nie. 'n Mens kan tog nie praat dat God 'n heerser in die vrees van God is nie. Daar bly dus geen ander weg oop nie nl. dat hier in beeldspraak van die geseënde regering van 'n besondere Heerser wat soos die son aan 'n wolkelose hemel stralend oor sy volk opgaan, gespreek word. 'n Beeld wat alombekend was in die ou Ooste waar 'n koning meermale met die son vergelyk is. Maar Dawid maak ook melding van die bestendigheid van sy ryk en van die verbond wat God met hom gesluit het, eintlik staan dit so pragtig in vers 5: " 'n ewige verbond vir my daar gestel." Dawid is alleen maar die voorwerp daarvan, nie die medewerker nie. Beide hierdie gedagtes van 'n bestendige ryk en 'n ewige verbond maak sonder twyfel hierdie woorde van Dawid Messiaans en laat ons besef dat met hierdie regverdige Heerser niemand anders bedoel word as die Messias, wie se koms Dawid met die geestesoog aanskou.

In profetiese verrukking sien hy reeds die geseënde tyd wat onder die regering van Hom wat sal kom, sal aanbreek.

'n Mens moet daarop let dat die heerskappy van hierdie Heerser nie gevestig is op geweld en wapens nie, maar op regverdigheid en die vrees van die Here. Juis hierdie samevoeging bewys dat dit in die regte verhouding staan tot God en beantwoord aan die vereistes van God. Dit sal die toekomstige Heerser doen. Dit is 'n Messiaanse trek en dat Dawid nie praat van 'n koning nie, maar van 'n Heerser, dit is die teken dat ons met die laaste woorde van Dawid buite die menslikpolitieke sfeer in die Messiaanse sfeer beweeg.

Aan die koms van die regverdige Heerser twyfel die koninklike sanger nie vir 'n oomblik nie, daarvoor is God se verbond sy waarborg. Die Messias van wie Dawid al sy heil verwag en na wie al sy behae uitgaan (slot vs. 5) sal seker uitspruit, 'n beeld van 'n Heerser, van die eindtyd waarmee ons nog telkens sal kennismaak. Dat ons hier te doen het met die woord van 'n eg profetiese gedagte, blyk uit die slot van die stuk.

Die deugniete word in (vs. 6a) soos dorings weggegooi. Hier immers word aan die koms van die regverdige Heerser wat Dawid in 'n visioen sien, die oordeel verbind. Die gevolg van sy koms sal wees dat daar aan die deugniete 'n einde soos aan dorings sal kom om weggegooi en verbrand te word. Dit ly geen twyfel dat Dawid die deugniete onder sy eie volk in die oog het en so vind ons hier reeds die gedagte uitgespreek wat die laaste profete verhaal nl. dat die dag van die Messias die dag van gerig sal wees waaraan geen vyand van God sal ontkom nie. Hierdie gedagte is so eg profeties en so in ooreenstemming met die gees van die Godsopenbaringe dat Dawid tereg in die aanhef sê: "Die gees van die Here spreek in my en Sy Woord is op my tong."

Dit is 'n aangrypende beeld wat hier vir ons geteken word. Die sterwende Dawid verlustig hom aan die profetiese vergesig dat die Messias kom, dat 'n heilstyd sal aanbreek, dat die goddelose van die aarde verdelg sal word. Dit is treffend dat Dawid hier in sy laaste oomblikke nie roem op eie prestasies nie, maar oor wat God eenmaal sal doen. Dawid soek nie sy heil in wat hy in hierdie wêreld verwerf het nie, maar wat God eenmaal in die tyd sal doen wanneer dit hom behaag. Dit is duidelik dat hierdie profesie van Dawid aansluit by die van Natan, daarheen terug wys en sonder Ig. sin nie te verstaan is nie. 2 Sam. 23 is die vervolg van 2 Sam 7. Ook geen wonder nie want juis in hierdie woorde van Natan was die grondslag vir alle Dawidse — Messiaanse verwagtinge. Hierdie woorde uit 2 Sam. 27:1-7 is van Dawid self afkomstig en omdat dieselfde geld van die profetewoord uit 2 Sam. 7 het ons die geskiedenis geen geweld aangedoen toe ons bo hierdie hoofstuk geskryf het "Die Christusverwagting by Dawid". Ons het Dawid daarin leer ken as die profeet van die verwagting, wat dit as 'n belofte ontvang het en sodoende homself daarin verheug en daarmee gesterk het. Die Messiasgedagte het vir ons sterker geword en dit self onlosmaaklik verbind aan die stam van Dawid.[106]

In Ps. 132 kla Israel sy nood by die Here, omdat daar van al die beloftes aan Dawid gegee nl. 'n ewige koningskap en 'n altyddurende koningshuis niks tereg gekom het nie. Daarom begin die Psalm ook met die bede dat die Here tog moet dink aan die moeite van Dawid met betrekking tot die diens van die Here. Vanaf vers 11 haal die digter woordeliks gedeeltes aan uit 2 Sam. 7 om die Here te herinner aan sy beloftes: "Van die vrug van jou liggaam sal Ek laat sit op jou troon." Vers 12: ". . . dan sal hulle seuns ook vir ewig op jou troon sit" Vers 17: "Daar sal ek vir Dawid 'n Koning laat uitspruit; "Vers 18: ". . . maar op hom sal sy kroon skitter".

So sien die digter hier in profetiese vergesig die toekoms van die Dawidshuis, waaraan die Messiasbelofte verbonde is.

## Die Messiasverwagting in die Psalms

Dr. Joh de Groot sê dat wanneer ons hierdie veelomstrede terrein betrag skugterheid en soberheid gepas is, omdat dit 'n terrein is wat hom leen vir misverstand maar ook vir heerlike sekerheid. Die rede is dat ons nie weet wat die ou heilige skrywers geweet of nie geweet, of vermoed het nie. Dit word seker die treffendste saamgevat deur prof. De Groot waar hy sê dat baie Psalms 'n sekere geheimsinnige "meerwaarde" besit en dat daar tussen die woorde "stiltes" is wat vir mense met geopende ore meer kan beteken as 'n hele reeks van tekse.

As God Homself openbaar as 'n God van heil en ons as Christene bely, dat daar geen heil is buite die enige Naam onder die hemel tot saligheid nie, dan moet alle openbaring, ook in die boek van die Psalms, 'n openbaring in Christus wees, en as die Psalmskrywers kennis dra van 'n geregtigheid voor God, dan kan dit per slot van rekening geen ander geregtigheid wees as die in Christus nie. Dog 'n mens laat die nadruk hier val op **per slot van rekening.** Die einde van die rekening het die Ou-Testamentiese skrywers nie gelees nie. Hulle boeke was die boeke van verwagting en voorbereiding. Dit is nie maar net 'n gelykstelling met die Nuwe Testament nie. God is die God van die geskiedenis ook in hierdie sin nl. dat daar 'n heilsgeskiedenis is. Alles was nie meteens vol nie. Die Evangelies volg nie onmiddellik op Genesis 3 nie, daar lê eeue en eeue tussen. Eeue van uitsien, van vae en minder vae verwagting. Die Ou Testament is oop na die toekoms, die openbaring is nog nie afgesluit nie, God het nog meer te doen en te sê. Die profete en psalmiste staan hier op die strand van die see van tyd en kyk uit na die oneindige wydte van 'n groot oseaan en vra: Wat kom? Hy kom. Wie is die Hy?

Dit is algemeen duidelik dat dit God self is. God kom en met Hom sy ryk en sy heil. Die toekomsverwagting van die Ou Testament is teosentries. God is daarvan die middelpunt.

Op menige bladsye van die Ou Testament word geprofeteer en die versekering gegee dat die God van die verbond eenmaal volkome sal heers oor die hele wêreld, oor alle volke, nadat Hy eers al sy vyande vernietig het. Dan sal 'n heilstoestand aanbreek van vrede en geregtigheid vir almal. Israeliete en andere wat voor God buig en Hom gehoorsaam is, hulle sal burgers van die Godsryk wees. In hierdie ryk sal God heers, dog daar sal ook 'n besondere koning wees wat deur die profete met geheimsinnige woorde aangedui word, nl. Kind, Seun, Herder, Kneg van die Here, Immanuel. Hy is koning en tegelyk dienskneg en iemand wat plaasvervangend ly en sterf en daarna opstaan (Jes. 53).

God kom aan die einde van die dae as koning van die wêreld. Die koning noem ons na oud Joodse spraakgebruik wat nie heeltemal vreemd is aan die Ou Testament nie, Messias — dit beteken — Gesalfde en in Grieks Christus.

In die Ou Testament word onder "gesalfde" deurgaans verstaan of 'n koning bv. Saul of Dawid (ook Cyrus de Peres) word Messias genoem (Jes. 45:1) of 'n hoëpriester of ook die aartsvaders (Ps.105:15). Heelwat later word die uitdrukking Messias vir die Koning van die Godsryk gebruik. In die Ou Testament is dit baie seldsaam (Ps. 2:2, 84 en 110). In die Joodse literatuur, geskryf tussen Jesaja 53 (6de eeu voor Christus) en die begin van ons

jaartelling, is die gebruik veelvuldig, dog aan die beeld van wat die Ou Testament in sy geheel aan die Koning in die eindtyd skep word geen nuwe trekke gevoeg nie.

Ons mag sê dat die Ou-Testamentiese geloof 'n Messiasgeloof was. Dat mense in Israel van ouds af die Messias verwag het, as ons net nie bedoel dat die Messiaanse verwagting in alle boeke van die Ou Testament kern en middelpunt van die toekomsverwagting vorm nie, dit is slegs weinig die geval.

Dit was slegs 'n oordeel, 'n stuk van die verwagting wat as geheel die beste gekarakteriseer word as Godsverwagting en dan wel verwagting van die Godsryk. Amos en Hosea het wel toekomsverwagting maar hulle sinspeel nie op 'n Koning van die eindtyd nie, so ook Sefanja.

Ook in sommige Psalms kom die Godsverwagting sterk na vore.

Ons beperk ons hier tot slegs 'n paar reëls oor die Messiasverwagting in die boek van die Psalms, 'n woord wat hoogstens tweemaal (Ps. 2:2, 84:10) vir die koning van die eindtyd gebruik word. Intussen is geen boek, soos ook uitgedruk in die inleiding op die Psalms van die Leidsche Vertaling, in sy geheel so Messiaans nie.

Mense wat Gods lof besing het soos die ou psalmiste, het meer gesien as ons. Hulle het wel die uitkoms in die verte gesien. Slegs hulle wat in 'n skamele tent gewoon het, het opreg met 'n sterk geloof verlang na die stad van die toekoms met fondamente.

Wat die ou vromes van die Christus Gods aanskou het, kan latere uitleggers nie sê nie, hulle kan egter in die rigting onuitgesproke vermoedens koester. Dog ek beperk my tot diegene wat 'n mens kan nareken (bepaal). Dan is dit duidelik dat ek my moet hou by die "koningspsalms". Daar word in geesdriftige woorde en op uitbundige wyse 'n aardse koning geprys wat in die lofprysing die perke van die menslike oorskrei. Die trekke van die toenmalige koning vervaag en daaragter verrys vir die leser die beeld van die toekomstige heilsvors, die Messias van die eindtyd. Wat 'n mens van hom sien en verwag word wel vasgeknoop aan die bestaande koning, maar is ook los van hom. Al die aardse en menslike verbleek teenoor die Goddelik-Messiaanse. Die aardse koning verdwyn asof agter 'n sluier en word tipe van die toekomstige Goddelike Koning van die eindtyd, die Messias. Dit is veral die geval met Psalms 2, 18, 20, 21, 45, 72, 89,101,110,144:1 -11. Oral is hier die koning, die Koning van die Here, en sy dade, goddelike dade, en sy heerlikheid, goddelike heerlikheid.

In Ps. 2 gaan dit om die troonbestyging van 'n Judese (Israelitiese) koning uit die tyd na Dawid, miskien Josia in die 7de eeu voor Christus te Jerusalem vs. 6: "EK (—God) het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg". Dit is duidelik dat hier naas die geskiedkundige verklaring die Messiaanse moet geld. Verse 7-9. Reeds in die ou Joodse geskrifte wys hierdie verse op die Messias. In elk geval word hier kwalifikasies aan die koning van Jerusalem gegee wat slegs van toepassing is op die koning van die eindtyd soos wat 'n mens ook vind by Jesaja. God en hierdie koning hoort bymekaar selfs in so 'n nou verband dat in die 2de vers die Messias en God met mekaar gelyk gestel word. Vers 2: "Die konings van die aarde staan gereed en die vorste hou saam raad teen die Here en teen sy Gesalfde en sê". Hierin het die woordjie 'en' byna die waarde van 'n gelykaanteken. Hulle staan op teen die Here en daarom teen die Messias. Daarom sou die onderwerping van die volke aan die Messias uitloop op hul volkome diens aan God.

Nouverwant aan Ps. 2 is Ps. 110 wat hoogswaarskynlik deur die rabbyne in die tyd van Jesus as Messiaans beskou was. (Vergelyk Matt. 22:41 vv. 26:64 en 1 Kor. 15:25 vv.).

Hierdie verse stel die Psalms naas die profetiese uitsprake betreffende die Messias en reik tot dieselfde hoogtes van die Nuwe Testament.

Ook die ander genoemde Psalms bevat meer of minder duidelike Messiaanse inhoud. So kan 'n mens die Evangelie van die Heiland van die wêreld bring beginnende by die geskrifte van die Ou Testament (Hand. 8:35) en dan nie slegs by Jesaja nie maar ook by vele Psalms.

Die afstand tussen die Psalmbundel en die Nuwe Testament is uiters gering. In die Psalms reik die Ou Testament bo hom uit na die Nuwe Testament. Die woorde van sommige psalmdigters is soos 'n stroom wat na die see snel en in die benedeloop van die stroom sien 'n mens duidelik die wye see van God se oneindige genade in Jesus Christus. Daar is in baie Psalms dieselfde evangelie as in die Nuwe Testament. Ook daar klink dit: "Want so lief het ek die wêreld gehad". Ook daar is die Man op die agtergrond wat in die nuwe verbond na vore tree. Ook daar mag 'n mens op elke bladsy selfs in elke reël hoor: So spreek die Here. Daarom is daar ook so baie aanhalings in die onderwysing van Jesus uit die Ou Psalms terwyl die sinspelings legio is.[107]

Geen wonder dat Augustinus van die Psalmbundel sê: "de ééue stem van die gehele kerk, hij is het oecumenische liederen van onse kerk, ouder en beter dan welke andere verzameling ook".

*God openbaar hom as die God van die geskiedenis omdat hy die God van die Verbond is.*

# 9. DIE OPENBARINGSKARAKTER VAN DIE PSALMS

Dr. Joh de Groot sê: Ons Psalms is nie maar gewone geestelike liedere nie, hulle vertolk in die eerste plek nie allerlei diep menslike gevoelens van ontsag, bewondering, toorn, liefde, hoop en geloof nie, maar allereers bring die Psalms goddelike openbaring.

Godshart is daar wyd oop.

Godsmond spreek daar.

Godshand is daar gevul met seëninge, wat vloei na alle mense wat daarna soek. Ds. Knap noem dit êrens sange van die Heilige Gees. Dit is liedere, klaagsange, lofsange van mense. Dit is ook hemelse liedere in die letterlike sin van die woord. Dit is hemels want dit spreek van lewe en vrede en vreugde wat alle verstand te bowe gaan. God is daar, en Hy alleen is groot. In die Psalms wil God ons ontmoet as die God van heil, en wat openbaar God by die ontmoeting?

Allereers en feitlik uitsluitend Homself.

Alle openbaring is Godsopenbaring in die mees letterlike sin van die woord: openbaring deur God en aangaande God.

Hy openbaar hom hier as Skepper van hemel en aarde, as onderhouer van alles wat bestaan, as God wat in besondere sin diegene wat aan Hom behoort, beskerm, lei en help. Hier klink die getuienis van beide Ou- en Nuwe Testament: daar is maar één énige God, die heilige, alwetende, die genadige en liefdevolle. Hy is hier die God van goedertierenheid en barmhartighede, die God van die suise van 'n sagte stilte. Hy verlos, Hy seën, Hy laat reg geskied, Hy genees, Hy red van die dood, Hy verhoor die gebed. Die hele aarde is vol van die goedertierenheid van die Here (Ps. 33:5) (Ps. 104:24). Hy sorg vir alle skepsels (Ps. 89:15, 145:9), ja die hele skepping is die werk van Sy seënende goedheid. (Ps. 136:1 en vv.).

Tog bly Hy ook die regverdige, wat eis dat aan Sy geregtigheid voldoen moet word. Hy is die vreeswekkende, majesteitlike God wat toorn oor die sonde soos 'n verterende vuur en wat in sy grimmigheid verskrik die wat hulle teenoor Hom stel (Ps. 2:5) wat straf en kasty, wat sy swaard trek, sy boog span, (Ps. 7:13) sy pyle skiet teen diegene wat sy eiendom vervolg (Ps. 7:14,120:4).

Hy is ook die regverdige Regter (Ps. 7:12) maar dit alles doen nêrens in die Psalmboek afbreuk aan die feit dat Hy God is, barmhartig en genadig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, wat nie altyd twis en vir ewig die toorn behou nie, maar wat as 'n vader hom ontferm oor die wat hom bemin en vrees (Ps. 103:8 vv. 90:14 vv.).

God is hier (in die Psalms) soos op al die blaaie van die Ou Testament die God van die geskiedenis. In hul lotgevalle ontmoet volke en mense die lewende God. Die sinvolle goddelike handeling is spil en ruggraat van alle gebeure en gee aan elke gebeurtenis sy plek in 'n hoër plan. Nie mense, nie konings, nie leërowerstes skryf die boek van die geskiedenis nie. Hulle is maar net dienare van die Here wat voorop gaan en die weg berei en die roete voorskryf, maar God skryf die boek van die geskiedenis. Lees maar Ps. 78, 105, of 106 om te sien hoe God die middelpunt vorm van die geskiedenis. Hy is die onderwerp van die meeste aktiewe werkwoorde in alle Psalms.

God is hier die God van die geskiedenis, omdat Hy die God van die Verbond is. In die woord "Verbond" is uitgedruk die verhouding van God tot die mens, 'n verhouding van genade wat openbaar word in groot dade, veral verlossingsdade van die ganse volk (uit die slawehuis uit

Egipte) en dade van vergewing vir volk en enkeling. Die verbond gee betekenis aan alle gebeure en stel die mens op sy plek waar hy God moet dien.

Die verbond veronderstel dat die mens gehoorsaam sal wees aan die Woord van God, dit is sy plig, maar ook sy reg. Alhoewel die woord "verbond" selde in die Psalms voorkom (Ps. 25: 10:14); 89:4; 103:18) is die verbondsgedagte tog oral op die agtergrond aanwesig as 'n stille, lewende werkende krag.

In die verband word in die Psalms besonder duidelik gestel wat die sonde eintlik is. Daar bestaan geen boek waarin so skerp, so eenvoudig en so diep omlyn word wat sonde en wat genade is nie. Of beter gestel, hoe sondig die mens en hoe genadig God is.

Dat die sonde in sy wese ongeregtigheid en verset teen God is en ook skuld teenoor Hom wat teenoor Sy liefdedade afhanklikheid en trou van die geloof verwag maar dat die sonde ons meesleur in die diepste diepte van verlorenheid en verderf — daar bestaan geen boek wat ons dit duideliker voor oë stel as die boek van die Psalms nie.

Wie sy sonde bely en hom neerbuig in die stof van die aarde, vir hom geld (so verseker die ou psalmiste voortdurig). Ps. 32:5; Ps. 51:3,4, 5,6, 12 en Ps. 130:4.

God is hier die genadige Vader, dieselfde wat in die hoëpriesterlike gebed heet "Heilige Vader" en "Regverdige Vader".

Miskien word die wese en aard van sonde en genade nêrens skerper as in Ps. 103:3, 4 geteken nie, waar teenoor die drievoudige kanker van sonde nl.:

ongeregtigheid smaad, pyn en siekte ondergang in hede en toekoms. die psalmis, die drievoudige werking van God se genade stel nl.:

vergewing genesing' verlossing

Op eenvoudige wyse word hier die weg van heil aangetoon. Dit is die weg van algehele oorgawe aan Hom in die geloof, wat die sonde nie kan verdra nie en roep tot heiligmaking.

God wek ook deur sy openbaring in die Psalms in ons die verlange na die Christus van God van die Nuwe Testament. By alle Psalms en veral die klaag- en koningspsalms, bestaan 'n sekere geheimsinnige, "meerwaarde" wat dit nie altyd laat omskryf' deur 'n bepaalde vers of verse nie, maar veral aan wat verswyg word: Die Psalms bestaan nie alleen uit woorde nie, maar uit woorde en stiltes.

Dit spreek van die hede maar gryp na die toekoms. Dit ken die nou en hier, maar ook die verte en ginds. Sommige het die stilte verstaan en die EK verklaar met die Christus Gods, veral as die Psalmis ly en sug en kerm. Hoe dit ookal sy, bewyse in die ware sin van die woord verlang die mens nie hier nie. By die huidige leser wat 'n oop oor en hart het gaan die gedagte by die lees van die Psalms voortdurend na die Nuwe Testament en dit word altyd skoner, beter, namate hy die Ou Testament beter ken. Dit alles en nog meer word in die boek van die Psalms geopenbaar.

Dit is die boek met onverbiddelike eise van oorgawe en heiligheid — eise wat so diep is as die afgrond, duisend duistere nagte diep. Dog tegelykertyd die boek met die hemelse beloftes "Ek is met jou, Ek sal jou nooit verlaat". (Ps. 30:6)."[108]

*Die Messiasverwagting in die Ou Testament is altyd gekoppel aan 'n koningsvoorstelling.*

# 10. DIE HISTORIES-ESKATOLOGIESE KARAKTER VAN DIE PSALMS

Dr. A.H. Edelkoort sê: Die Ou Testament, en daarom ook die Psalms, is die boek van verwagting. So sien nie alleen die Christen nie, maar ook die Jood die Ou Testament. Dit sien met oë van verlange uit na die toekoms, wanneer God met een magtige daad die kroon sal plaas op sy prediking.

Die Ou Testament is verwagting wat jaag na verwerkliking, belofte wat om vervulling roep. Wie die Ou Testament wil sien as 'n afgeslote geheel, weerspreek die doel van sy (O.T.) getuienis.

Wat verwag die Ou Testament dan? Die antwoord op hierdie vraag gee hyself nl. die Messias. Met hierdie antwoord is die gehele verwagting nie omskryf nie. Die Ou-Testamentiese verwagting is ryker, maar in die Messias is die belangrikste deel van die verwagting verpersoonlik.

Die woord Messias beteken "gesalfde". Hierdie woord is ook in die Ou Testament ontleen aan die salwing van konings en priesters. Elke koning, elke priester kon dus messias heet. Tog het die woord Messias nie hierdie algemene betekenis nie, maar dra 'n sekere bepaalde karakter. Dit verwys nie willekeurig na elke koning-priester nie, maar 'n spesifieke bepaalde koning-priester wat 'n mens verwag aan die einde van die geskiedenis van hierdie wêreld, al kom die woord Messias nêrens in die Ou Testament voor nie. Die woord Messias het eskatologiese waarde. Die Messias is "Hy wat sal kom" (Matt. 11:3). Net soos eskatologies 'n kenmerk is van Messias, net so is Messias verbonde aan die begrip "koning". Tereg tref ons dan ook in die latere Jodedom die uitdrukking "koning Messias" aan.

Dit sal later moet blyk, soos sommige wil, dat die begrip Messias sy ontstaan aan die Jode te danke het en dat die begrip in die Ou Testament aanwesig is, al ontbreek die term. In elk geval staan dit vas dat die Messias 'n koning is, of beter gestel die koning van die einde is.

Die Ou Testament en daarom ook die Psalms is verlede, hede en toekoms maar veral toekomsverwagting. Wat is die verskil tussen Messiasverwagting en Christusverwagting.

Christus en Messias beteken presies dieselfde maar sakelik is daar tog verskil aangesien aan die woord Christus nie uitsluitend die gedagte van Koning verbind is nie, maar meer die gedagte van 'n wêreldheiland. Die Ou Testament bevat Messiasverwagting inderdaad, maar dit bevat veel meer as dit alleen, dit vertolk ook die verwagting van 'n heilsbringer, 'n redder, 'n wêreldheiland, ja selfs van 'n kneg van die Here wat deur sy lyde die mens tot seën sal wees. Ons kan die Messiaanseverwagting nie vermy nie, maar dan alleen wanneer 'n koningsvoorstelling aanwesig is.

Daar dien ook op gelet te word dat by die naam van Christus onwillekeurig gedink word aan Jesus van Betlehem wat op Golgota gesterf het, m.a.w. die vervulling van die verwagting van die Ou Testament.

'n Mens praat ook van die Messiasverwagting by ander volke en hulle het ook hulle heilsbesorgers, maar dan word dit meervoud terwyl die woord Messias geen meervoud ken nie. Tog kan daar buite Israel en buite die Christendom om, nie van 'n Messias sprake wees nie. Ander heilbrengers van ander volke kan dus nie Messias heet nie. Die Messiasgedagte is Israel se prerogatief. Reeds hierom besit geen ander geloof buite Israel en Christendom eskatologie nie. Alleen Israel en Christendom weet van 'n gestalte wat nie in hierdie

wêreldperiode, maar juis aan die einde daarvan in 'n nuwe wêreld oor 'n ryk van vrede sal beskik wanneer alle ryke opgehou het om te bestaan. In enger sin ken dus slegs Israel en Christendom die Messias.

Die wêreld smag ook na 'n verlosser, dit hoop op die koms van 'n beter tyd. Die heilsbesorgers van hierdie wêreld is altyd verlossers uit die nood. Al die redders het dit in gemeen dat ondanks alle mistiek hulle 'n intellektuele verlossing beoog. Hierin word 'n geweldige tekort openbaar wat eie is aan hierdie heilbrengers, dit mis die sondebesef en sien nie in dat die nood van die mensheid in sy diepste wese nie materieel, nie intellektueel, nie psigies en ook nie moreel is nie, maar wel religieus. Omdat hierdie besef alleen by Israel en die Christendom aanwesig is kan en mag geen van al die sogenaamde verlossers op een lyn gestel word met die Christus wat Israel verwag, nog met die Christus wat die evangelie verkondig. Die Christusverwagting van die Ou Testament en ook die Christus prediking van die Nuwe Testament het beide die onmisbare kenmerk van waaragtige sondebesef. Die kategismus stel dit so mooi met die behandeling van die verlossing deur Jesus Christus, waar die ellende die verlossing voorafgaan.

Sonder sondebesef geen Messiasgedagte, geen Christusverwagting. Ook in tyd van voorspoed en welvaart ken Israel sy Christusverwagting, want dit herinner hom aan die Skenker van 'n nuwe tyd. Dit gaan immers by Israel se Christusverwagting om die koms van Godsryk op aarde. Hul Christusverwagting is nie net ten tye van nood en ellende nie, maar trek deur alle eeue van Israel se volksbestaan.

Die verwagting van die Ou Testament het dus betrekking op die toekoms. Trouens alle profesie is grotendeels toekomsprediking. Daar was 'n tyd wat mense dit nie so gesien het nie, maar dat die profete hulle woorde gerig het tot die volk van hulle tyd om hulle tot 'n beslissing te bring. Die toekoms egter wat die profete gesien het was tewens altyd die allerlaaste toekoms. Daar is trouens een vergissing wat aan die geloof so eie is nl. vir die geloof bestaan geen kategorie van ruimte en van tyd nie maar is die ewigheid van God teenwoordige werklikheid.[109]

## Die Psalms van Godskoningskap.

Ons wil ons aandag aan enkele van die volgende Psalms gee nl. Ps. 46, 47, 93, 96, en 99. Dit staan ook bekend as die troonbestygingspsalms.

**Ps.46:**

Soos Ps. 47 slaan ook hierdie Psalm terug op 'n konkrete oorwinning van Israel, heelwaarskynlik die oor Sanherib, wat volgens 1 Kon. 19 op so 'n wonderlike manier van die mure van Jerusalem verdryf is. Sien vs. 6: "God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek". Hierdie Psalm is 'n kragtige lied van die oninneembaarheid van Jerusalem wat deur die God van Israel beskerm word.

Maar hierdie geloofsekerheid (want dis niks anders nie) word op so 'n wyse uitgejubel dat dit alle historiese perke te bowe gaan en alleen maar die groot wêreldeinde kan uitbeeld. Reeds hoor die sanger die see bruis en die waters skuim, hy voel reeds die grond bewe, hy sien die berge wankel. Hy sien hierdie ontsaglike einde onbevrees tegemoet, nie in eie krag nie, maar omdat hy weet: (vs. 8 *&* 12): "Die Here van die leërskare is met ons, die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons."

'n Mens bewonder so 'n sterk geloof. So is ook hierdie lied histories van oorsprong, maar eskatologies van strekking.

**Ps.47:**

Ook Psalm 47 net soos 46 besing 'n pas behaalde oorwinning. Hierdie bepaalde oorwinning word in eskatologiese lig gesien d.w.s. as profesie en waarborg, ja as inleiding tot die eindoorwinning van God. Voor die sienersoog van die digter wat in verrukking verkeer, het

God reeds die wêreldkoning geword. Reeds hoor die digter die geklank van die basuin en hy roep die hele wêreld op om voor die Koning — dit is voor God — Psalm te sing: vs. 6: "God vaar op met gejuig die Here met basuingeklank — vs. 7: Psalmsing tot eer van ons Koning, psalmsing." Dit is duidelik dat met die troon die hemeltroon bedoel word of nog beter gestel die wêreldtroon. Hoor die sanger in vervoering juig by die bepeinsing van die oorwinning. vs. 2: "Alle volke, klap met die hande; juig tot eer van God met 'n stem van gejubel! vs. 3: Want die Here, die Allerhoogste, is gedug, 'n groot Koning oor die hele aarde." Dit is geskryf in die gees van die Ou Testament wat die koningskap van God in nou verband bring met die nasionale geluk van Israel.

**Ps. 75:**

Soos in Ps. 46 en 47 staan die digter ook in die onwrikbare geloof dat daar 'n tyd sal kom waarin die heerlikheid van die Here tenvolle openbaar sal word in beide seën en gerig. Teenoor die skyn van die sonde stel die digter die werklikheid. Hy sien God, die God van Israel, sy eie God wat sit op die wêreldtroon en hy hoor Hom spreek dat die heilstyd van Israel na die ewige Raad van die Here sy vasgestelde tyd het. Hy sal kom op die regte tyd, wanneer die tyd vervul is, wat by God alleen bekend is. Gods gerig kom en deur God alleen sal Israel verlos word.

**Ps.93:**

Drie gedagtes is in hierdie Psalm saamgevoeg nl. die God-Koning die God-Skepper en die tempel-God. Die God-koning voorstelling dra 'n sterk eskatologiese kleur. God het koning geword en die verlossing vir sy volk bewerk, maar dit is nog maar voorspel, die eintlike moet nog kom, die eindoorwinning waarna God volkome Koning sal wees. Hierdie Psalm is ook na 'n oorwinning van Israel gedig maar ook hierdie oorwinning moet gesien word as die overture van die Messiaanse eindtyd.

**Ps.96:**

Die digter van hierdie Psalm doen 'n oproep aan al die bewoners van die aarde om " 'n nuwe lied te sing (vs. 1). 'n Nuwe oomblik in die wêreldgeskiedenis breek aan nl. die erkenning van die Here as die enige, ware God van alle volke en die begin van die heerskappy oor alle nasies. Nou laat die digter die Here sien in alles oortreffende majesteit. Hy woon in die hemelse tempel. Voor sy troon staan sy gesante, maar hulle is nie van vlees en bloed nie, dit is geestelike magte, draers van konings-heerlikheid, majesteit en heerlikheid wat sy goddelike mag uitdra, en in die tempel spreek alles van mag en prag (vs. 6).

Wanneer dan die ganse aarde met heilige eerbied hulleself voor God sal neerwerp, dan sal die jubelsang alom klink: "Die Here het koning geword."

**Ps. 99:**

Ook in Ps. 99 ontmoet ons dieselfde tweeheid van voorstelling: God is koning en God moet en sal nog Koning word. Voortdurend troon Hy, bo die ark op die gerubs, as Israelskoning. Dat Hy dit is het hy opnuut bewys in die oorwinning aan Israel gegee. (vs. 4) "U het bevestig wat regverdig is, U het reg en geregtigheid gedoen in Jakob". Dit is 'n oosterse segswyse wat ook anders gesê kan word nl.: "U het aan Israel voorspoed en sukses gegee," waarmee waarskynlik die oorwinning op die slagveld bedoel is. Hierdie seëpraal van die God-koning vervul die sanger met heilige entoesiasme, hy sien reeds die tyd nader wanneer die God van Israel oor alle volke sal heers en hulle Hom alleen sal loof en aanbid en dan jubel hy dit uit (vs. 1): "Die Here is Koning, (vs. 2) Die Here is groot in Sion; en verhewe is Hy bo al die volke, (vs. 3) Laat hulle U grote en gedugte naam loof! Heilig is Hy! (vs. 5) Verhef die Here onse God en buig julle neer voor die voetbank van sy voete, (vs. 9) Verhef die Here onse God, buig julle neer voor sy heilige berg. Want heilig is die Here onse God."

Ook hier is weer die God-koning die tempel-God wat nou koning is en eens koning sal wees. Hierdie lied is slegs eskatologies te verstaan in sy sterk geloof en laaiende geesdrif.

Presies dieselfde kan ook van ander soortgelyke Psalms gesê word. Ander Psalms waarin God die koningstitel ontvang is die volgende: Pss.: 5:3; 10:16; 25; 29:10; 44:4; 47:9; 68:25; 74:12; 84:4; 95:3; 103:19; 145:1,11,12,16 en 146:10.[110]

Watter lied deur mense gemaak kan ooit op een lyn gestel word met die lied deur God aan sy kerk geskenk? Watter ander lied dra die eienskap van histories-eskatologieste wees of anders gestel, die Psalms oorspan die tyd, dis Ou-Testamenties en dis Nu-Testamenties, maar meer nog dis Messiaans, want dit roep na 'n koning van die eindtyd wat nog moet kom. Verstaan u nou wat beteken dit as daar van die Psalmbundel gepraat word as die "Kleine Bybel" wat die ganse Bybelinhoud van Genesis tot Openbaring omspan. Hoe wonderlik is die Psalms nie, dis 'n boek van meerwaarde en van stiltes. Dit beskryf 'n gebeurtenis in die dae van Israel en terselfdertyd word hierdie gebeurtenis profesie wat na die einde roep, na die tweede koms van die Messias, die Koning van die wêreld.

*Lofsange en geestelike liedere het niks te doen met skrifberymings, gesange en vrye liedere nie.*

# 11. DIE EKSEGESE (VERKLARING) VAN 1 KOR. 14:26, EF. 5:19 en KOL. 3:16

In die vroeë-Christelike eredienste is ook gesing. Daar is min bekend oor die plek wat die lied in hierdie kerk ingeneem het en die wyse waarop gesing is, behalwe dat ons kan sê dat dit 'n baie belangrike deel uitgemaak het van die oudste eredienste. Reeds in die Nuwe Testament vind ons die eerste verwysings daarna by Paulus waar hy die gemeentelede aanspoor om onder mekaar te spreek met psalms, lofsange en geestelike liedere (Ef. 5:19 en Kol.3:16).

Dr. van Andel sê hiervan: "Wat psalms is, is duidelik, alhoewel die apostels waarskynlik nie alleen aan die 150 Ou-Testamentiese liedere gedink het nie, maar miskien aan gelyksoortige liedere soos bv. die lofsange van Sagaria en Maria. Met lofsange bedoel Paulus waarskynlik ook ander liedere deur die gemeente gesing. Ons beskik egter nie meer oor hierdie liedere nie.

Dit is nie so maklik om te verklaar wat Paulus met geestelike liedere bedoel nie. In ons taalgebruik sou ons hierdie uitdrukking vervang met psalms en lofsange. Vir ons beteken geestelike liedere 'n begrip van versameling waaronder 'n mens verskillende soorte gesange verstaan, naas die psalms en die loflied ook die boetelied, die danklied, die bedelied en behalwe hierdie, ook liedere wat 'n mens tuis of elders gesing het.

By Paulus word stellig geheel iets anders bedoel. As hy die geestelike liedere noem naas die psalms en lofsange moet heelwaarskynlik aan drie soorte kerkliedere gedink word. Die woord geestelik is in Grieks bekend as pneumatikos. Daarin is die woord **pneuma,** gees wat in die Nuwe Testament gebruik word vir Heilige Gees. 'n Pneumatiese lied sou dan 'n spontaan deur die Heilige Gees ingegewe lied kon wees, wat nie deur die gemeente as geheel gesing is nie, maar deur 'n broeder of suster wat die Heilige Gees tot sang inspireer.

Hierdie pneumatiese, spontaan deur die Heilige Gees ingegewe liedere pas geheel in die beeld wat Paulus ook elders teken van die gemeentelewe in die apostoliese tyd. Want volgens 1 Kor. 14:26 het die erediens in die ou tyd 'n skrale omlynde karakter gehad, sodat daar ruimte was vir wat 'n mens kan noem 'n charismatiese improvisasie (uit die vuis voorgedra m.a.w. onvoorbereid). Elkeen het iets bygedra tot die erediens, 'n psalm, 'n lesing, 'n openbaring, 'n vreemde taal (tong) of uitlegging, as dit maar alles tot stigting van die gemeente gebeur het.

Dit is nie onmoontlik dat die bydrae van sommige lidmate bestaan het in die pneumatiese, d.i. die spontaan deur die Gees ingegewe lied nie.

Van die drie soorte liedere wat die apostel in Ef. 5 noem beklee die psalms aanvanklik die vernaamste plek. Die psalms was eerste en in die ou tyd die meeste. Die gemeente het sondermeer die Psalmbundel van die sinagoge en tempeldiens oorgeneem. Hulle het die "ek" van die psalmskrywers op die "ek" in hul eie lewe toegepas en in die nood van die Ou Testamentiese sangers hul eie nood geklaag en ook 'n heenwysing na die koninkryk van God gevind wat in die Here Jesus Christus naby gebring is. Die psalmlied was seker nie die onbelangrikste gewees wat die gemeente van die Jodedom ontvang het.

Helaas is daar min bekend oor die kerklied in die eerste eeue.[111] Al wat ons weet is dat dit deel uitgemaak het van die liturgie.

*Opsommend kan ons sê dat dr. Van Andel tot die gevolgtrekking kom met betrekking tot genoemde drie skrifgedeeltes dat* **Psalms** *betrekking het op die Ou-Testamentiese*

*Psalmbundel, oorgeneem van die sinagoge- en tempeldiens plus nog iets anders bu. die lofsange van Sagaria en Maria.* **Lofsange** *(soos na verwys in tekste) sou sien op ander liedere wat deur die gemeente gesing was, wat verlore gegaan het.*

**Geestelike liedere** *word verklaar met deur die Heilige Gees ingegeefde liedere (charismatiese improvisasie — uit die vuis voorgedraagde liedere) nie deur die gemeente as geheel gesing nie maar deur 'n sekere broeder of suster. Sprekend hiervan is die lofsange van Simeon, Sagaria en Maria.*

Dit is interessant om daarop te wys dat prof. Josua van Iperen nie die standpunt met dr. Van Andel deel oor die lofsange van Maria, Simeon en Sagaria nie. Hy sê: Dit weet ons en mag ons by voorkeur meld dat die Lofsange van Maria en Simeon, hoewel by Lukas geboek, egter nie afsonderlik in hul godsdiensbyeenkomste gesing was nie. Moontlik het hulle geredeneer dat hulle (lofsange) nie paslik was by alle gelowiges nie, en dat die besondere geleentheid waar dit gedig was en die voorreg van die beroemde persone wat dit uitgegalm het, uit die oog verloor word, sodra 'n gewone Christen naderhand in die eerste persoon sing, soos die swangere moedersmaagd en die grysaard in verrukking. Wie is ons bv. om van toepassing op onsself soos Maria te kon sing en wel in die sin soos Maria:

> "want ziet, om's Heeren doen,
> zal elk geslacht voortaan,
> Alom my zalig spreken."

Dan vervolg prof. Van Iperen dat hy hom nie verder in hul oordeelkundige en wyse bedenkinge wil inlaat nie omdat hulle geweet het wat hulle doen in die uitvoering van hul openbare godsdiens tot verheerliking van God in Christus, waarvoor oorvloedige bewyse is.[112]

Prof Van Iperen sê die volgende van 1 Kor. 14:26, Ef. 5:19 en Kol.3:16:

Christus en sy apostels het die gewyde Joodse lofsange van hul tyd geensins afgeskaf nie, maar dieselfde oorgeneem, self gesing en Paulus asook Jakobus het die gebruik van die psalms, lofsange en geestelike liedere aan die gemeentes van Korinthe, Efese en Kolosse en aan die 12 stamme in die verstrooiing ten sterkste aanbeveel. So is die godsdiens van buite geleer en deur geheel die Christenwêreld in swang gebring.

Wat wel waar is, is dat 'n mens geen uitdruklike vermelding van nuwe psalms en lofsange wat deur die Saligmaker, apostels of apostoliese mense gedig is en vervolgens in die gemeente ingevoer is, vind nie.[113]

Soos in die dae van Dawid en Asaf was dit ook in die dae van Zerubabel en Nehemia dat daar hoofde oor die sangers was, wat die lofsang tot eer van God aangehef het. Dit is nie te betwyfel dat die instellings wat tydens die opbou van die tweede tempel gemaak is, in swang gebly het ten tye van die apostels en ook deur die Christene oorgeneem is. Om hierdie rede is daar geen nuwe opdragte deur die apostels nie en is selfs meesal die Joodse gebruike behou en ingevoer.[114]

Wanneer Paulus die gemeente van Kolosse, Efese en Korinthe in die hartjie van Griekeland opwek tot onderlinge godsdienstige gesang, is dit waarskynlik so dat hulle niks anders kon gesing het as die Hebreeuse Psalm. Ten tye van Christus was die Hebreeuse Psalm volgens sy oorspronklike teks in die tempel gesing soos dit vandag nog in die sinagoge gesing word.

Die Lofsang van Maria word ook later openlik ingevoer en Bingham beweer dat dit gebeur het aan die begin van die 6de eeu. Dieselfde het gebeur met die Geloofsbelydenis wat as lofsang verskyn het. Dit skyn asof die mense by die eerste Christenkerk dit nooit gesing het nie, en dit kon ook nie gebeur het nie, omdat die geloofsleuse nie met daardie oogmerk opgestel was nie.[115]

Ef. 5:19: "Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en

psalmsing in julle hart tot eer van die Here."

Kol. 3:16: "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here."

Hierdie twee verse word saam behandel met die oog op die feit dat daar soveel ooreenkoms is tussen hulle en albei deur Paulus geskryf is en klaarblyklik deur dieselfde gedagtegang by die apostel geïnspireer is.

Meesal word 'n beroep op hierdie tekste gedoen om die vrye lied, gesange en skrifberymings te verdedig. Dat dit ten onregte is, sal uit die eksegese blyk.

By die verklaring hiervan wil ons prof. M.A. Kruger aanhaal in sy opsomming van die standpunte van Van Leeuwen, Greijdanus, F.W. Grosheide, Herman Ridderbos en Calvyn.

"Calvyn sê dat met hierdie **liedere** alle soorte godsdienstige liedere ingesluit word. **In** die **psalms** word dan meesal gebruik gemaak van 'n musiekinstrument saam met die gebruik van die tong, 'n **lofsang** is 'n pryslied gesing deur die stem alleen of met begeleiding en 'n **geestelike lied** bevat nie alleen prys nie, maar ook opwekking en ander elemente."[116]

"Greijdanus wys daarop dat die sing van die genoemde liedere (psalms, lofsange en geestelike liedere) besield moes wees deur die Heilige Gees. Die drie genoemde woorde moet gesamentlik die volheid van die uitstorting van die hart in dank en lof en jubel weergee. Die drie soorte liedere is nie skerp te onderskei nie. Dit is ook nie seker dat daar 'n musiekinstrument by was nie. Blykens die verband word waarskynlik meer op dankliedere gedoel. Daar is geen rede om hier spesiaal aan die Psalmboek uit die Bybel te dink nie. 'n Lofsang is 'n eerlied tot verhoging van God en ook tot aanbidding van sy grootheid en deugde en heerlike werke. Vele psalms is lofsange. Met geestelike liedere word nog enigsins ander uitstortings van die hart bedoel wanneer die gemoed vol is en uiting vind in die vreugdelied en jubelsang. Ook dit kan egter psalms wees. *Volgens Greijdanus beteken* **geestelik** *hier dat die liedere deur die Gees van God beheers en in sy karakter bepaal is. So word hierdie liedere genoem, nie om hulle te onderskei van die tevore genoemde psalms en lofsange nie, maar van die wêreldse liedere.*[117]

"Van Leeuwen sê dat die woorde **psalms, lofsange en geestelike liedere** nie losgemaak moet word van **leer en vermaan mekaar** nie. Behalwe, en ons wil byvoeg: eintlik as een wyse, van spreek en leer in wysheid is daar dus ook opbouing deur die lied. Ook meld Van Leeuwen dat hierdie liedere onder die leiding van die Heilige Gees gestaan het. Onder aandrywing van die Heilige Gees het die een die ander geleer en vermaan. Ook hierdie eksegeet beweer dat **psalms, lofsange** en **geestelike liedere** nie skerp te onderskei is nie.[118]

"Prof. Ridderbos sê, Paulus ag hierdie gesonge religieuse liedere van die gemeente, God verheerlikend, as openbaring van die ryke mate waardeur die woord van Christus onder die gemeente gewoon het. Volgens hom het die woord psalms 'n ruimer betekenis as net die Psalms van die Psalmboek uit die Ou Testament."[119]

Prof. Grosheide sê dat **die vervul word met die Heilige Gees** geskied deur die **sing van psalms, lofsange en geestelike liedere.**

Ook maak hy gewag dat die drie groepe nie juis onderskei kan word nie. Met geestelike liedere moet ons hier nie in besonder net dink aan charismatiese liedere nie, d.w.s. aan liedere wat deur buitengewone gawes van die Heilige Gees gegee is, maar ook aan gewone liedere wat deur die Heilige Gees geïnspireer is. Tog sê hy ten slotte dat dit nie seker is dat daarmee ook charismatiese liedere bedoel word nie."[120]

Die verklarende Bybel sê van hierdie tekste: **"Spreek onder mekaar:** in die samekomste van die gelowiges, waarskynlik in beurtsang. **met psalms:** liedere gesing met musikale bege**leiding,** gewoonlik bekend as die Psalms van Dawid. **lofsange: liedere tot**

**verheerliking van** God. **geestelike liedere:** met **geestelike inhoud en strekking."**[121]

Dit is ook belangrik om na die verklaring van dr. JD. du Toit en Prof. J. Lion Cachet te luister: "Wij geloven dat hier bedoeld zijn geinspireerde (onmiddelik door de H. Geest ingegeven) liederen, die tot de wondergaven (charismata) der eerste gemeenten behoorden; en wij zullen pogen te bewijzen wat wij beweren.

Het is eenvoudig ondenkbaar dat de Christenen in die vroege tijd reeds liederen bezaten, die gereed lagen om bij de openbare eredienst gezongen te worden. Van het Nieuwe Testament bestonden toen nog slechts enkele stukken en die waren niet eens voor algemeen gebruik beschikbaar. Daarom waren in de eerste tijd de wondergaven absoluut noodzakelik om aan te vullen wat nog ontbrak; anders was onder meer de openbare eredienst in vele gevallen een onmogelikheid.

Zo werd ook gezongen het lied door de H. Geest in de saamvergadering ingegeven, gelijk duidelik blijkt uit 1 Cor. 14:26, waar de "psalm" bij de andere buitengewone gaven genoemd wordt. Het lied nu in Ef. 5:19 en Col 3:16 genoemd, draagt hetzelfde karakter als dat van 1 Cor. 14:26, hoewel hier drie benamingen gebezigd worden die echter niet drie streng afgescheiden begrippen uitdrukken.

En vraagt men wat er dan gezongen werd onmiddelik na het verdwijnen der wondergaven, dan zij geantwoord, dat dit alleen met zekerheid kan gezegd worden: de Psalmbundel was het "lievelingsboek" in die oudste christelike Kerk (vgl. Prof. Kruyf, Liturgiek p. 85).[122]

Hiermee vereenselwig De Pressense hom as hy sê: "Heeft iemand een Psalm, dat hij hem doe hooren," zegt de Apostel, 1 Cor 14:26 Ef. 5:19 en Col 3:16. "Hier is blijkbaar sprake van een nieuw gezang, dat door den Geest Gods aan een lid der vergadering ingegeven werd." Ten besluite sê hy: "Er is geen enkel gedenkstuk van die eerste Christelike psalmen overgebleven, omdat zij even als hare gebeden uit volkomen vrije beweging des gemoeds voortkwamen en zich in de dagen van waarachlige besieling in het overvloedige vermenigvuldigden."[123]

Oor die Kerksang se Dr. J.C. Kruger: "Psalms moet in die kerk gesing word. Dis deur God self gegee vir sy eer."[124] Hy gee as bewyse hiervoor Ps. 47:7,8. 1 Kor. 14:26 en Ef. 5:19.

Dan vervolg dr. Kruger: Psalms is ook skriftuurlike, geestelike liedere. Daar is geen skrifbewys vir die vrye lied nie.[125]

Ef. 5:19. "Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle harte tot eer van die Here."

Kol 3:16. "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart tot eer van die Here."

Ps. 65:1. "Vir die musiekleier, 'n *Psalm* van Dawid. 'n *Lied."*

Ps. 66:1. "Vir die musiekleier, 'n *Lied* 'n *Psalm* "

Ps. 67:1. "Vir die musiekleier met snaarinstrumente. 'n *Psalm.*

'n *Lied.*

Ps. 68:1. "Vir die musiekleier, van Dawid. 'n *Psalm.* 'n *Lied.*

Ps. 75:1. "Vir die musiekleier. . . 'n *Psalm.* 'n *Lied.*

Ps. 76:1. "Vir die musiekleier. . . 'n *Psalm* van Asaf. 'n *Lied. "*

Ps. 83:1. "'n *Lied.* 'n *Psalm* van Asaf."

Ps. 87:1. "Van die Kinders van Korag. 'n *Psalm.* 'n *Lied.*

Ps. 92:1. "'n *Psalm.* 'n *Lied* vir die Sabbatdag."

Ps. 96:1. *"Sing tot eer van die Here 'n nuwe lied.*"

Ps. 98:1. "'n *Psalm. Sing tot eer van die Here* 'n *nuwe lied. "*

Ps. 147:7. "Sing 'n *danklied tot eer van die Here.* "

Ps. 145:1. "'n Loflied van Dawid."

Psalms 121 tot 134 almal *bedevaartsliedere.*

Psalms is ook hallelujas d.i. lofsange. Geen skrifbewys vir mensgemaakte hallelujaliedere. Spreek onder mekaar met *psalms* en *lofsange* en *geestelike liedere* en sing en Psalmsing in julle hart tot eer van die Here.

Kol. 3:16. Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met *psalms* en *lofsange* en *geestelike* liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.

Ps. 111:1. "Halleluja!

Ps. 112:1. "Halleluja!

Ps. 135:1. "Halleluja!

Ps. 146:1. "Halleluja!

Ps. 148:1. "Halleluja!

Ps. 149:1. "Halleluja!

Ps. 150:1. "Halleluja! [126]

Myns insiens het Dr. J.C. Kruger hier bewyse gelewer dat Paulus dit in Ef. 5:19 en Kol; 3:16 allereers het oor die Psalms van die Ou Testament wat deur die apostel by die naam *psalms* genoem word. Met die aanhalings uit die inleidings van 'n reeks genoemde psalms sê Dr. Kruger eintlik dat met lofsange en geestelike liedere Paulus weereens die Psalms van die Ou Testament bedoel veral gesien op die woorde: lied, nuwe lied, danklied, loflied, bedevaartslieden waar die woord Psalm of halleluja in dieselfde aanhef verskyn. Trouens hy sê dit reg aan die begin van hierdie aanhalings: Psalms is ook skriftuurlike, geestelike liedere. Psalms is ook hallelujas dit is lofsange. Dan sê hy ten besluite: "Christus en sy kerk verstaan onder lofsang, 'n Psalm" Matt 26:30. "Dis bevele van die Here self. 1 Kor. 14:37: As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe bevele van die Here is.[127]

Dr. J.C. Kruger gee ook toe dat daar ander liedere in die Skrif te vinde is wat hy dan met aanhalings toelig.

*Wat het ons nou geleer uit die eksegese van Ef. 5:19 en Kol. 3:16.*

*Ten eerste verskil die teoloë onderling van mekaar oor die "psalms, lofsange en geestelike liedere." Sommige beweer die* psalms *bedoel nie uitsluitlik die Psalmbundel van die Ou Testament nie. Ander sê weer dit verwys nie "net" na die Ou Testamentiese Psalms nie. Nog* 'n *groep sê dit bedoel die Psalmbundel van die Ou Testament of dan te wel die Psalms van Dawid. Wat die* lofsange *betref, is daar ook verskil van mening, dit geld ook vir die* geestelike liedere *waarvan die teoloë sê dat dit sien op die charismatiese liedere soos ons dit aantref by die indiwidu, nl. by Maria, Simeon en Sagaria, ander wil dat dit liedere aan die gemeentes, geïnspireer deur die Heilige Gees, was.*

*Ek het reeds in hoofstuk 3 verwys na die verskil tussen die woord psalm met 'n hoofletter geskryf (Die 150 Psalms van die Ou Testament) en psalm met kleinletters geskryf wat ook voorkom buite die boek van die Psalms.*

*My beskeie mening is dat hier in ons tekste kan dit op beide sien nl. Psalms van Dawid en ook ander psalms. Ek wil egter met groot nadruk sê dat omdat die eerste Christengemeentes ook uit Jode bestaan het en wat ook die Joodse liturgie oorgeneem het,*

*dit nie ontken kan word dat "psalms" hier beslis ook sien op die 150 Psalms van die Ou Testament nie. Veral dr J.C. Kruger se standpunt is veelseggend.*

*Die Apostels gebruik juis die Psalms van Dawid om lê bewys dat Jesus die Christus is (sien Petrus se preek in Hand. 2) vanweë die feit dat hulle so bekend was by die Jode en in die sinagoges en tempeldiens in gebruik was.*

*Wat ek verder wil onderstreep is dat nie net voorstanders van die Psalms as lied in die erediens hul uitsluitlik op hierdie tekste beroep nie, maar dat dit juis die voorstanders van Skrifberymings, Gesange en Halleluja's is wat hierdie tekste aangryp om hul saak te bewys.*

*Om te beweer dal met geestelike liedere Skrifberymings, Gesange en Halleluja's bedoel word, is om die Skrif geweld aan lê doen. Dit het hierdie hoofstuk bo alle twyfel bewys.*

*In die eerste Christelike kerk is die Psalms in die erediens gesing.*

# 12. HISTORIESE AGTERGROND EN ONTWIKKELING VAN DIE KERKLIED

Die kerk van Jesus Christus word gebore binne die Jodedom en die eerste Christene het in navolging van die liturgie in die sinagoges hul erediens ingerig na Joodse gebruik.

In die eerste Christelike kerk word ook gesing en alhoewel baie min bekend is oor die kerklied van die eerste eeue kan met sekerheid gesê word dat in beide die Oosterse- en Westerse kerk, die Psalms in die erediens gesing is.

Of daar naas die sing van die Psalms enige ander Christelike liedere in die erediens gesing is, bestaan geen bewys voor nie. In 'n brief aan keiser Trajanus in Rome skryf Plinius Secundus (112 nC.) as landvoog van Pontus in BITHYNIË om leiding in die behandeling van krygsgevange Christene. Hy verseker die keiser egter dat al wat hy teenoor hulle kan sê is dat hulle voor sonsopgang saamkom en in beurtsang liedere ter ere van Christus sing.

Hiervan sê dr. Van Andel: Daaruit blyk dat die Joodse gewoonte om Psalms in beurtsang te sin van die begin af by die eerste gemeentes in gebruik was.[128]

Tertullianus (plus minus 150-240 nC.) en Eusebius (plus minus 163-339 nC.) haal ook Plinius Secundus aan.

Origenes praat wel van 'n geestelike lied wat in die nag tot eer van Christus gesing is, maar in hierdie geval was dit geen erediens nie. Opmerklik is, dat juis die sektariese strominge (Gnostieke en Ariane) 'n begin gemaak het met die sing van die vrye lied in hul eredienste.

Die eerste digters van kerkliedere was Hilarius en Ambrosius (339-397 nC.) wat 'n aantal liedere gedig het om die dwalings van die Ariane te weerlê.

Eers in die 4de eeu maak ons kennis met die vrye lied in die kerk. Efraim die Siriër het sodanige liedere in sy kerk ingevoer (308-375 nC.) Dit geld alleen van die Siriese kerk. In die res van die Oosterse kerk is die vrye lied eers in die sesde eeu ingevoer.

Daar is dus geen afdoende bewys dat die vrye lied of gesange in die eerste drie eeue in die kerk gesing is nie. Die Constitutiones Apostolicae wat die ou erediens baie breedvoerig beskrywe maak net melding van die Psalms wat voorgeskryf was by die lees van die Skrif, die viering van die Nagmaal en by die more-en aandgodsdiens. Ook Basilius (375 nC.) meld by die invoering van die gemeentesang net die Psalms.

In die Westerse kerk is onder invloed van die groot kerkvader, Augustinus, net die Psalms in die erediens, gesing.

Die konsilie van Laodicea 360 nC het eie gemaakte psalms verbied. Die Testament van ons Here Jesus, 'n liturgie uit die 4de eeu skrywe nadruklik die Psalms voor.

In die Codex Alexandrinus, 'n manuskrip van feitlik die hele Bybel wat in Alexandrië ontdek is, en dateer uit die 2de helfte van die 5de eeu, is onder andere berymings gevind van die lied van Moses (Ex 15), die gebed van Hanna (1 Sam 2), die gebed van Hiskia (Jes. 38) en die Lofsange van Maria, Sagaria ens. Die konsilie van Bracatara (563 nC) het die gebruik van berymde skrifgedeeltes gesanksioneer en 'n ruimer beginsel gestel as die standpunt van Augustinus met die besluit: "In die kerk sal, behalwe die Psalms of liedere, wat aan die kanoniese geskrifte van die Ou- en Nuwe Testament ontleen is, geen ander deur mensvervaardigde liedere gesing word nie. Hierdie besluit moet gesien word teen die agtergrond van die praktyk wat intussen in die kloosters posgevat het nl. die sing van die vrye liedere. Vanaf die 7de eeu dring die sing van hierdie liedere vanuit die kloosters deur tot in die erediens.

Eers in die 12de eeu het die liedere en koorsange 'n vaste deel van die Roomse erediens geword.

Die verval van die sing van die Psalms in die Roomse erediens is soos volg:

(1) Die biskop van Rome, Gregorius die Grote (590-604 nC.) het die gemeentesang afgeskaf en dit met koorsange vervang. Dit was die eerste stap in die Roomse kerk wat gelei het tot die volkome uitskakeling van die Psalms in die eredienste.

(2) Die vierde konsilie van Toledo (633 nC.) het uitspraak gelewer dat dit nie goed was om al die vrye liedere wat Hilarius en Ambrosius gemaak het, en wat met hul veelvuldige leerdwalings intussen hartlik in die kloosters gesing is, te verwerp nie en alleen die liedere wat skrifgefundeer is in die eredienste te sing nie. Hiermee is die leerdwalings deur die kerk gesanksioneer en was dit die finale slag om die Psalms as kerklied ondergeskik aan die vrye lied te stel.

(3) In die Karolingiese tydperk (768-887 nC) kom daar 'n groot herlewing in die beoefening van die kerklied en word 'n groot aantal nuwe liedere daargestel waarin onder andere gesing word van die heerlikheid van die kerk waardeur die Roomse kerk verabsoluteer word, van die kerklike feeste, van Maria en die heiliges. Die uiteindelike gevolg was dat die Psalms as kerklied teen die 12de eeu geheel en al uit die kerk verdwyn het en vervang is met vrysinnig-humanistiese en onskriftuurlike koorliedere.

## Temas van liedere

Die geskiedenis het ook bewys dat die gesange en vrye liedere tydsgebonde is. Teenoor die Psalms wat die toets van die tyd deurstaan het, was hierdie selfgemaakte liedere gekenmerk deur temas van hul tyd.

Die tema van die Ambrosius-liedere (339-397 nC.) was die gedagte van lig en duisternis. Die moontlike rede hiervoor was, omdat meeste van die byeenkomste in die nag gehou was nl. na sononder en voor dagbreek. Dit het ook aangepas by Christus as die opgaande lig in die; duisternis.

Hierop volg die middeleeuse tydperk met as tema die eskatologiese. Hierdie mense het saam met die dood geleef as gevolg van pes, hongersnode en oorloë wat tienduisende van lewens geëis het. Dit was ook vergesel van die gedagte van Christus as komende regter om te oordeel die lewende en die dode. Dit het die mense met angs vervul wat uiting gevind het in hul liedere.

Dit moes plek maak vir 'n tydperk van heiligverering die sg. Marialiedere. Maria die moeder van Jesus was geïdealiseer. Dit is ook die rede dat Maria 'n plek gegun is in die kersliedere. Hierdie Mariaverering het in die 5de eeu sterk op die voorgrond getree.

Die middeleeuse kloostervroomheid waar monnike in die eensaamheid van 'n kloostersel die gemeenskap met God gesoek het, het ook hul stempel as tema op die kerklied afgedruk en staan bekend as die mistieke liedere van die 12de eeu. Die boek Hooglied het veral die mense se verbeelding aangegryp. Verder het die mense as gevolg van die kruistogte iets begryp van die werklike lyde van Christus.

Ten laaste wil ons nog wys op die dogmatiese tema wat gehandel het oor die Nagmaal.

## Die les uit die geskiedenis is dus:

(1) Op die hoogtepunt van die kerk in die tyd van die kerkvaders onder leiding van Augustinus na wie se leerstellings tydens die Hervorming teruggegryp is, is NET die Psalms in die erediens gesing.

(2) Die verval in die Roomse Kerk het gepaard gegaan met die invoering van die vrye lied, wat aan sektariese strominge ontleen is. Hoe meer die vrye lied en koorsang in die erediens

ingebring is, hoe meer is die Psalms in gemeentesang op die agtergrond gedruk en hoe verder het die Roomse kerk van die Bybel weggedwaal.

(3) Die skakel tussen hierdie twee uiterstes, is die aanvaarding van sogenaamde berymde Skrifgedeeltes (Bacatara 563 nC; Toledo633 *nC).*

## Die tyd van die Reformasie

Feitlik al die Hervormers het die klem weer op die gemeentesang laat val.

**Luther** was ten gunste van die kerksang. Hy verklaar Kol 3:16 "leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere,": Psalms sien op die 150 Psalms, lofsange op ander Skrifberymings en geestelike liedere wat die mens self vryuit maak. Sy kerklike gesangebundel het dan ook maar 'n klein aantal Psalms bevat.

**Zwingli** was op grond van dieselfde teks "en sing in julle harte met dankbaarheid tot eer van die Here", van oordeel dat genoemde Psalms, lofsange en geestelike liedere slegs van die hartsgesindheid spreek en nie van hoorbare liedere in die erediens nie.

**Knox** het op die voetspoor van Calvyn die psalmgesang in die Skotse kerk ingevoer, hoewel nie berym nie. Die letterlike Psalm is getoonset en gesing.

**Calvyn** kan beskou word as die vader van die Gereformeerde kerklied (Die Psalms).

Die Gereformeerde Kerk word onder psalmsgesang gestig. Dit is woorde van Prof. Doumergue, bekende lewensbeskrywer van Calvyn en dit is so waar. Luther het gesange in die kerk ingevoer, maar hierin volg Calvyn hom nie. Calvyn het met opgaaf van sy redes die Psalms ingevoer. Die keuse van Calvyn was beslissend vir die Gereformeerde Kerk in Holland.[129]

## Die verloop van die eerste berymde Psalmbundel.

Volgens Dourmergue was die beryming van die Psalmbundel soos volg:

In 1539 verskyn die eerste Gereformeerde Psalmbundel, uitgegee deur Calvyn onder die titel: "Eenige Psalmen en Gezangen op muziek geset". Hierdie bundel het uit 18 Psalms bestaan nl. 7 van Calvyn, 8 van Marot en 3 gesange.

In 1541 verskyn die eerste uitgawe van C. Marot. In 1542 'n verdere uitgawe bestaande uit 30 Psalms. Twee jaar later (1544) 'n derde en laaste uitgawe met nog 19 Psalms en die Lofsang van Simeon. So het Marot altesaam 49 Psalms berym. Sy werk word voortgesit deur T. de Beza wat sy eerste berymde uitgawe bestaande uit 39 Psalms in 1551 publiseer. In 1561 verskyn die voltooide Psalmbundel. De Beza het altesaam 101 Psalms berym. Meeste van hierdie Psalms se melodieë was afkomstig van Bourgeois.[130]

In 1562 neem die kerk hierdie bundel in gebruik. In die daaropvolgende 150 jaar het hierdie bundel nie minder as 125 herdrukke beleef nie en die leer van die Reformasie het d.m.v. die suiwere kerklied nie minder as twee miljoen Franse bereik nie.

*Dordrecht 1618/1619 maak 'n toegewing aan State-Generaal en behou gesange.*

# 13. DIE HISTORIESE AGTERGROND IN NEDERLAND

In Nederland het die hervorming in die eerste helfte van die 16de eeu geen groot teoloë voortgebring nie.

Die politieke toestand onder Karel V het geensins die reformasie vergemaklik nie en die volgelinge van die hervorming moes tevrede wees met geheime byeenkomste.

Na 1555 het 'n aantal vurige jong predikers hul Calvinistiese invloed laat geld met die totstandkoming van vlugtelinggemeentes in die buiteland.

Die ontwikkeling van die geestelike lied in Nederland het onder die invloed van die hervorming gestaan.

## Die Souterliedere

Omdat daar nog geen georganiseerde gemeentes bestaan het nie was die behoefte aan 'n kerklied ondergeskik aan geestelike volksliedere wat die mense tuis en by klein byeenkomste kon sing.

In 1540 verskyn in Antwerpe 'n bundel berymde Psalms en ander Bybelse liedere onder die titel "Soutter Liedekens, ghemaeckt ter eeren Gods, op alle die Psalmen van David: tot stichtinghe ende een gheestelijeke vermakinghe van allen Christenmenschen". Dr. S.J. Lenselink beweer dat hierdie bundel in die kring van hervorminggesindes ontstaan het met Willem van Zuylen Nyevelt as die moontlike digter.

Hierdie boek het in 'n groot behoefte voorsien aangesien dit tot 1613 altesaam 33 uitgifte beleef het. Die Souterliedere was egter vir tuisgebruik geskik.

Na die stigting van Gereformeerde Gemeentes is die gemis aan 'n liederebundel vir gemeentelikesang weereens sterk gevoel. Hierdie keer het ouderling Jan Uitenhove onder die invloed van Van Bucer, Calvyn en Bullinger sy eerste liederebundel wat uit slegs 10 Psalms en etlike Duitse liedere bestaan het in 1551 uitgegee. Uitenhove het steeds meer Psalms berym. In 1553 vlug hy uit Engeland nadat die fanatieke Rooms-Katolieke Maria die troon bestyg. In 1559 keer hy weer terug na Engeland en kon hy sy beryming voltooi wat na sy dood in 1566 deur die Londonse predikant Godfried van Wingen gepubliseer word. Hierdie bundel was van korte duur want spoedig word dit opgevolg met die beryming van Petrus Dathenus wat die Nederlandse kerk vir meer as twee eeue sou oorheers.

## Petrus Dathenus

Petrus Dathenus is in 1532 gebore uit Rooms-Katolieke ouers te Mont Cassel (Vlaandere). Hy word na 'n klooster gestuur, wat hy spoedig onder Calvinistiese invloed verlaat. Die toestand in sy vaderland noodsaak Datheen om na die Nederlandse gemeente in London uit te wyk. Onder die bewind van Maria, die bloedige, vlug hy na Emden en word daarna predikant in die vlugtelinggemeente van Frankfort. 'n Lasterkampanje was die oorsaak dat die Stadsraad die Gereformeerde vlugtelinge in 1561 hul godsdienstige bedrywighede verbied het.

In 1562 vertrek Datheen met 60 gesinne na die Palts waar die keurvors hom tot hofprediker benoem.

Hier vertaal hy in 1563 die Heidelbergse Kategismus en stel die liturgie op van die Palts, asook die formuliere. Terselfdertyd berym hy die Psalms wat in 1566 in sy gemeente Frankenthal uitgegee word.

Die Psalms van Datheen het die harte van die Gereformeerdes verower en word spoedig in al die gemeentes gesing.

Datheen het die Psalms uit Frans vertaal na die voorbeeld van Marot en Beza. Hy het ook die Geneefse melodieë oorgeneem.

Datheen was nie Hebreeus magtig nie en dis ook die rede dat sy beryming nooit hoog aangeskrewe was nie, tog was dit oral geliefd en in die jaar van publikasie verskyn ses herdrukke.

Petrus Dathenus was 'n dinamiese persoon en sy opelug eredienste is deur duisende mense bygewoon. Die Psalmberyming van Datheen word spoedig in die Gereformeerde erediens aanvaar.

## DIE VERDERE VERWIKKELING IN NEDERLAND OP SINODALE VLAK

**deur ds. L.S. Kruger**

i. Die konvent van Wezel, 1568, was van oordeel dat die beryming van Petrus Datheen in die kerke gebruik sou word "op dat niet door verscheidenheid der overzettingen iets worde

ingebragt of tusschen kome dat minder bequaam is, ende minder zoude dienen tot stigtinge" (11,31).

Die berymde bundel van Datheen het naas die Psalms ook 5 berymde skrifgedeeltes asook enkele vrye liedere bevat nl. Die Twaalf Artikels en die gebed voor die predikasie.

ii. Die Sinode van Dordrecht, 1574, het besluit dat die Psalms wat Datheen berym het in die kerke gesing sou word, "mitsgaders de andere Gezangen daar by gestelt, tot dat in de generale Synodo anders besloten zal worden" (art. 43), terwyl die gesang "0 God die onse Vader bist" aan die vryheid van die predikante oorgelaat is (art 41).

Hierdie provinsiale sinode aanvaar dus voorwaardelik die sing van Gesange naas die Psalms, maar met die uitdruklike voorwaarde dat dit net 'n tydelike reëling is tot tyd en wyl 'n algemene sinode daaroor sou beslis. Onder Gesange word die berymde skrifgedeeltes inbetrek.

iii. Die generale Sinode van Dordrecht, 1578, stel die beginsel dan ook baie duidelik dat **alleen** "de Psalmen Davids van Petro Datheno overgezet zullen in die Christelijke t' samenkomsten . . . . gezongen worden, **achter latende de Gezangen die in de Heilige Schrift niet gevonden worden"** (art. 76).

Hierdie sinode stel die beginsel duidelik dat alleen die Psalms in die kerke gesing mag word.

Die besluit dat die Gesange "die in de Heilige Schrift niet gevonden worden" en wat nagelaat moet word, het nie gehandel oor Gesange waarvan die **teks** in die Bybel voorkom nie, maar oor al die Gesange wat in die bundel van Datheen opgeneem is — en waarvan sommige wel berymde Skrifgedeeltes was. Alleen die Psalms is in die Bybel as liedereboek opgeneem. Die uitdrukking "Gezangen die in die Heilige Schrift niet gevonden worden" het dus betrekking op alle liedere uitgesluit die Psalms. Vyf van hierdie Gesange was berymde skrifgedeeltes

iv. Die Sinode van Middelburg, 1581, het die begunstiging van die beryming van Datheen nagelaat, en slegs die beginsel gestel: "De Psalmen Davids alleen sullen in de kerken gesongen worden, latende gesangen die men niet vind in de heilige Schrifture" (art. 51).

Ook hier is nie gehandel oor die vraag of die **teks** van die lied in die Bybel te vinde is nie, maar oor alle liedere naas die Psalms. Die beginsel is: **alleen** Psalms sal in die eredienste gesing word.

v. Die sing van Gesange of Skrifberymings naas die Psalms is **nie** deur die kerke nie maar

deur die **owerheid** in die kerke ingevoer. In 1583 verskyn die "Kerkelijke wetten op last der Staten van Holland ontworpen". Art 22 van hierdie staatswet vir die kerke lui soos volg: "Dat men in die Kercken gebruycken ende singhen sal die hondert vyfftigh psalmen Davidts, die thien geboden, ende Lofzangen Zacharia, Maria en de Simeons, het geloove ende vader onse ende anders gheen lofsangen".

Die kerke was destyds in Holland nog onderworpe aan die owerheid. Hier bepaal die owerheid dat die kerke naas die Psalms ook die Tien Gebooie, die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon, die Twaalf Artikels en die Onse Vader moet sing. Opmerklik egter is ook die bepaling "anders gheen lofsangen". In die kerke het die gevoel teen liedere buite die Psalms om sterk begin opklink. Die owerheid gee gehoor deur net 'n paar spesifieke Gesange wat histories al inslag gevind het, toe te laat.

vi. Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, het die beginsels van Middelburg, 1581, nog gehandhaaf met die redaksie van art. 62 K.O.: "De Psalms Davids zullen in de Kerken gezongen worden, latende die Gezangen die men niet en vind in de Heilige Schrifture".

Hierdie sinode beslis: net die Psalms mag gesing word. Geen ander berymings nie. (Sien opm. by Dordrecht, 1578, voorgenoemd).

Die owerheid was egter nie tevrede met die besluit van hierdie sinode nie. Hooijer — 'n outoriteit op die gebied van kerkreg — verklaar: "Bij de approbatie dezer kerkordening lieten de staten blijken, dat zij hun niet geheel voldeed" **(Oude Kerk-ordeningen,** bl 305), maar laat dit deurgaan tot tyd en wyl.

vii. In 1591 vergader die **verteenwoordigers van die owerheid** saam met die Sinode van 's Gravenhage en bepaal dat die liedere soos vervat in die Kerklike Wet van 1583 in die kerke gesing moes word (art 23).

Die toelating van ander liedere as die Psalms alleen is hier in die kerklike lewe geyk **in opdrag van die owerheid** en terwille van die **begunstiging** van die kerkorde **deur die owerheid.**

viii. Die provinsiale sinode van Utrecht, 1612, het in samewerking met die **owerheid bepaal** dat die volgende in die kerke in daardie ressort gesing moet word: benewens die 150 Psalms, die voorgenoemde lofsange, geloofsbelydenis, Tien Gebooie en Onse Vader ook die volgende: die Aandlied, 0 God die onse Vader bist, "mitsgaders soo vele andere Schriftuyrlijcke Lofsanghen ende Christelijke Liedekens, handelende van Christi Gheboorte, Besnijdenisse, Doop, Lijden, Sterven, Opstandinghe van den Dooden, Opvaert ten Hemelen, Seyndinghe des H. Geestes, ect", terwyl die invoering van sodanige Skrifberymings moes geskied met voorafgaande goedkeuring van "de Magistraet ende Kerckenraedt van eyder plaetse" wat moes oordeel of dit goed en tot stigting sal wees "tot meerder opweckinghe in gheestelijcke aendacht door Jesum Christum den Salichmaker" (Hooijer: bl 405).

Hier vind ons 'n radikale afwyking van alle voorafgaande sinodes se beginsel. In 1612 was die kettery van die Remonstrante, wat deur die Sinode van Dordrecht, 1618/1619, verwerp is, in Utrecht al 'n oorheersende krag. Dit was dus nie 'n sinode van Gereformeerde Kerke wat hierdie besluit geneem het nie, maar Remonstrante. Om die guns van die owerheid te bekom, gee hulle hier volmag aan die plaaslike magistraat dat hy mede kan beslis wat in die kerk gesing mag word.

Die opmerklike is dan ook dat waar daar afwyking in die leer is, is daar afwyking van die Psalms af.

ix. Die Sinode van Dordrecht, 1618/1619 het met die vasstel van die artikel insake die kerklike sang te staan gekom voor die volgende probleme: Eerstens wou die Sinode die suiwer Skriftuurlike riglyn trek. Aan die ander kant was daar die Staats-ordonnansies wat bepaal het dat naas die Psalms ook sekere ander berymde Skrifgedeeltes gesing moes word. Die Sinode moes hiermee rekening hou, want hulle het met goedkeuring van die

owerheid vergader en verder moes hulle besluite oor die Kerkorde ook deur die owerheid geapprobeer word. Verder was dit ook nog in sommige kerke die gebruik om sekere Evangeliese Gesange te sing. In lig hiervan bepaal art. 69 D.K.O. dan ook baie duidelik dat in die kerke alleen die 150 Psalms, die Tien Gebooie, Onse Vader en die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing sal word. Die gesang "o God wat ons Vader is" is aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat. En dan bepaal die artikel verder: "Alle andere Gezangen zal men uit de Kerken weeren, en daar eenige alreeds ingevoert zijn, zal men dezelve met de gevoegelijkste middelen afstellen".

Die Sinode van Dordrecht het geen spesifieke beryming aanvaar nie. Daar was verskillende berymings in omloop, met die van Datheen die gewildste. Eers in 1773 verskyn daar 'n beryming wat in opdrag van die State-Generaal en in medewerking van 9 predikante die lig gesien het. Geen Sinode het hierdie beryming bewerkstellig nie — dit was 'n staatsuitgawe.

Ter wille van die guns van die owerheid laat Dordrecht naas die Psalms nog enkele ander berymings toe.

Hierdie Sinode spreek hom verder sterk uit teen die gebruik of invoering van enige ander berymings as die enkele wat spesifiek genoem word. Selfs die **Skriftuurlike** lofsange van Uttecht 1612 wat die geboorte, besnydenis, doop, lyde, sterwe, opstanding en hemelvaart van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees, besing, word deur Dordt verwerp.

*Geen sinode het die Skrifberymings kerkordelik goedgekeur nie.*

# 14. DIE VERWIKKELING IN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

**deur ds. L.S. Kruger**

Om kerkskeuring te voorkom het ds. D. Postma in 'n kompromisvoorstel o.a. gestel dat alleen gesange gesing moes word waarvan die **teks** in die Bybel staan.

Ds. Postma was gewillig om af te dwaal van die beginsels van Dordrecht 1578, Middelburg 1581 en Dordrecht 1618/19 ter wille van die eenheid.

Die Sinode van Dordrecht, 1578, aanvaar die beryming van Datheen. Sekere gesange waarvan die **teks** wel in die Bybel is, soos die lofsange van Maria, Sagaria, Simeon, die Tien Gebooie en die Onse Vader is gereken onder die groep wat uitgelaat moes word synde as "die men in de Heilige Schrift niet gevonden worden". By al hierdie sinodes is die naam "gesange" toegepas op alle liedere, sogenaamde Skrifberymings ingesluit, in onderskeid met die Psalms. Die ou Psalmboek het bogenoemde berymings dan ook saamgevat onder die benaming: Enige Gesange. Die uitdrukking "de gesangen die men niet vind in de heilige Schrifture "(Middelburg, 1581) bedoel dus nie waarvan die **teks** nie in die Bybel voorkom nie, maar wat nie in die Bybel as spesifieke sangbundel aangegee is nie, soos bv. die Psalmboek.

Met die bepaling van: waarvan die **teks** in die Bybel voorkom, het ds. Postma dus 'n nuwe wending ingeslaan wat nie stand hou met genoemde sinodes se besluite nie.

In stryd met Dordrecht 1618/19 was hy ook gewillig om die kerksang uit te brei.

Volgens die Kerkbode was die handelswyse van Ds. Postma bekend nl. dat oral waar hy op sy deurreis (Kaapkolonie en Natal) gepreek het of kerk besoek het, hy hartlik en sonder enige voorbehoud die gesange gesing en laat sing het in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Ds. D. Postma erken ook dat hy hierdie gesange gesing en laat sing het op sy deurreis, aldus prof. J.A. du Plessis, Die Gereformeerde kerk en kerkregering bls. 22 & 24.

Hoewel die kerklike afskeiding onafwendbaar was, het die Gereformeerdes voortgebou op ds. Postma se kompromis-standpunt.

i. In 1876 besluit die Sinode "overeenkomstig art. 69 harer kerkorde: dat bij den openbaren godsdienst alleen zullen gesongen worden de 150 Psalmen Davids en gezangen van welke de tekst in Gods Woord staat uitgedrukt; namelijk, de berijming van de Tien Geboden tot en met het gebed des Heeren; wel te verstaan de berijming van 1773 door de Gereformeerde kerk in Nederland in dien tijd vervaardigd en in gebruik genomen "(art. 87). Gesange waarvan die teks in die Bybel is en nie hierby ingesluit is nie, kan egter buite die erediens om gesing word (sien Synodale Bepalingen, 1904, by art. 69).

Die Sinode het gefouteer deur die beryming van **1773** aan die kerke in Nederland toe te skryf, daar dit deur die owerheid daargestel is.

Van belang is egter dat onder "gesange" die N.T. Skrifberymings verstaan word.

A la ds. Postma word die terminologie "gesange waarvan die **teks** in die Bybel staan" hiermee kerklik geyk.

Die Sinode gee egter nie uitspraak dat enige gesang waarvan die teks in die Bybel staan in die kerk gesing mag word nie, maar beperk dit tot die groep tussen die Tien Gebooie en die Onse Vader in die beryming van 1773. Dit sluit o.a. die drie Lofsange van Maria, Sagaria en

Simeon in, terwyl die beryming van die Twaalf Artikels uitgesluit is vir kerklike gebruik.

ii. Die Sinode van 1876 (art. 91) bevestig die besluit van 1873, verwerp 'n voorstel dat "ook de andere gezangen, die achter het gebed des Heeren staan, worden begrepen in genoemd besluit". Hierdie gesange was o.a. Die Twaalf Artikels, die Môre- en Aandsang, o God wat ons Vader is.

Die Sinode was ook van oordeel al sou 'n predikant van die Gereformeerde Kerk in 'n ander kerk preek, hy nog gebonde was aan genoemde besluit van wat hy sal laat sing.

iii. Die Sinode van 1882 bevestig weer opnuut bogenoemde besluit, terwyl die Sinode van 1888 nie gevolg wou gee aan 'n beskrywingspunt dat die beryming van die Twaalf Artikels ook gesing mag word nie (Artt. 96, 97).

iv. Die Sinode van 1907 verwerp 'n beskrywingspunt van die Algemene Vergadering van die Kaap Kolonie "Dat het zingen van andere geestelijke liederen met bepaalde Gereformeerde strekking . . . een best tegenwicht" sou wees teen die Sankey-liedere en die Kinderharp en stel in die plek daarvan die Psalm-gesang(art 143 Sinode 1913).

v. Die Sinode van 1910 benoem, op grond van 'n beskrywingspunt van Pretoria, 'n studiekommissie om 'n deeglike studie te maak van die Gereformeerde kerksang (artt. 135, 194). Hierdie kommissie het o.a. **bevind dat die toelating van 'n enkele gesang 'n versaking van die Gereformeerde standpunt is.** Hoewel die meerderheid van hulle teen die insluiting van die Twaalf Artikels was, besluit hierdie sinode: "In die Gereformeerde Kerk (Gemeenten) van Zuid-Afrika zullen bij de openbare godstdienst gezongen worden **alleen** de 150 Psalmen Davids, de 12 Artikelen des Geloofs en de Gezangen, waarvan de tekst in Gods Woord staat uitgedrukt, te weten: De Tien Geboden, 't Onse Vader en de Lofzangen van Maria, Zacharias en Simeon. Het Psalmboek naar de berijming van 1773, tans in gebruik blijft de gemeenten aanbevolen, totdat de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, in Synode vergaderd, een betere berijming gekeurd heeft" (art 143 sinode 1913).

Die kwalifikasie "de Gezangen, waarvan de tekst in Gods Woord staat uitgedrukt" kan hier ook nie as algemene grondbeginsel vir enige verdere beryming gebruik word nie. Die woorde "te weten" kwalifiseer en beperk dit tot die spesifieke gesange wat genoem word.

vi. Omdat daar besware begin ontstaan het teen die beryming van 1773 asook omdat Afrikaans as voertaal algemeen erkenning begin kry het, besluit die Sinode van 1920 om 'n kommissie te benoem " om sig te beywer vir 'n Afrikaanse Psalmberyming" (art. 129).

vii. Die Sinode van 1927 gee nie gevolg aan 'n beskrywingspunt wat vra: "Die Sinode bespreek die wenslikheid om ons berymde Psalmbundel aan te vul met berymde gedeeltes uit die Ou en Nuwe Testament" nie, en besluit: "Die Sinode ag dat dit nie gewens is om 'n verandering te bring in die besluit van die Sinode van 1913 te vinde onder Art. 69 K.O." (artt. 17, 155).

viii. In antwoord op die skrywe van die Gereformeerde Kerke in Nederland oor die uitbreiding van die kerkgesang, antwoord die Sinode van 1930 met die besluit: "Dat die Sinode van Reddersburg, 1927, besluit het om te bly by Art 69 Kerkorde. Na die tyd is die saak nog nie weer aanhangig gemaak op ons Sinodale Vergadering. Gevolglik het die Sinode van 1930 homself dan ook nie opnuut daaroor uitgespreek nie" (art 88).

Die eerste kraak in die bresse van die Gereformeerde beginsel ten opsigte van die kerksang het egter ook op hierdie Sinode ingetree. Die deputate vir die Psalmberyming berig dat benewens 'n groot aantal Psalms wat berym is "ook enige lofsange en 6 N.T, liedere berym is "wat ons aanbeveel om agter in 'n uit-tegewe bundel gedruk te word" (art. 47; bl 50). Hoewel die Sinode se besluit gelui het: "oor die Nu-testamentiese liedere beveel u kommissie aan dat die Sinode homself nie nou al uitspreek nie" (art. 165), het die Sinode dit nogtans ter tafel geneem.

Volgens art. 49 Kerkorde beskik deputate slegs oor uitvoerende mag. "Elke meerdere

vergadering benoem deputate om wat besluit is, uit te voer volgens 'n welomskrewe opdrag". Indien deputate die mag tot handeling op hulle neem word hulle inderdaad 'n bestuurskollege soos by die Kollegialisme gebeur (Vgl. Dr. B. Spoelstra in Handleiding by die K.O. Bls. 299-300).

Die opdrag van die Sinode van 1920 aan die deputate was om die Psalms in Afrikaans te berym. Op eie gesag laat hulle ook 6 ander liedere berym wat hulle ook in die bundel wil laat opneem — en dit in stryd met die besluite van die Sinodes van 1913, 1927 en voorafgaandes.

Volgens art. 33 K.O. moet sake op ordelike wyse ter tafel gebring word, te wete beskrywingspunte, by wyse van gravamen (art. 46 K.O.) of by wyse van appél (art. 31 K.O.). Hier bring deputate dit buite hul opdrag om ter tafel. Daarmee is die deur geopen vir die uiteindelike invoering van die berymde gedeeltes.

ix. Op die Sinodale tafel van 1933 dien daar beskrywingspunte van die Klassis Pretoria, Klassis Potchefstroom en die Algemene Vergadering van die O.V.S. waarin die Sinode gevra word om uitbreiding van die kerkgesange deur verdere berymings uit die Ou en Nuwe Testament te aanvaar.

Die sterk ooreenkoms in al drie die beskrywingspunte, o.a. dat daar 'n sterk begeerte daartoe in die kerkverband sou bestaan en dat die kerklike gebruik daarvan aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat moet word, dui daarop dat agteraf ruggespraak gehou kon gewees het, en dit nie 'n spontane aksie was nie — veral gesien teen die latere beswaarskrifte van die kerkrade van Theunissen en Bultfontein o.a.

Daar was geen eenstemmigheid met die besluit van die Sinode nie, wat soos volg lui: "Waar daar 'n sterk begeerte uitgespreek is deur sekere meerdere vergaderings om nog ander Skrifpsalms vir die kerklike gebruik daar te stel, gevoel die eerwaarde Sinode dat dit wenslik is om eers die verskillende gemeentes en lidmate die volle geleentheid te gee om kennis daarmee te maak en dit te bestudeer. Hiervoor is wenslik dat daar publikasie gegee sal word aan genoemde Skrifpsalms en die Generale Sinode versoek die Psalmberymingskommissie om in oorleg te tree met die uitgewers vir publikasie en dra aan dieselfde kommissie op om die saak te bestudeer volgens Gods Woord en ons gereformeerde beginsels en die volgende Sinode te adviseer" (art. 57).

Sonder opdrag van die Sinode van 1930 het die Psalmberymingskommissie intussen die aantal vrye berymde liedere uitgebrei en in die naam van die vergaderings wat beskrywingspunte ingestuur het dit op die tafel van die Sinode gebring. Die besluit van die Sinode behels die volgende:

> (i) Die saak van die invoering van Skrifberymings is amptelik ter tafel geneem.
>
> (ii) Voordat uitspraak daarvoor of daarteen gegee sal word moet die gemeentes en lidmate eers geleentheid kry om die saak te bestudeer.
>
> (iii) Die Psalmberymingskommissie het 'n pertinente opdrag ontvang om die saak van Skrifberymings "te bestudeer volgens Gods Woord en ons gereformeerde beginsels".

Volgens art. 31 K.O. moet die besluite Van kerklike vergaderings as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. Diegene wat nie met die besluite saamstem nie moet hulle wend tot appèl (art. 31) of gravamina (art. 46 K.O.). Hulle besware moet dan ook aantoon dat die bestaande besluit botsend is met die Woord of Kerkorde. 'n Besluit wat 'n meerdere vergadering geneem het, kan dus nie met 'n blote beskrywingspunt weer ter sprake geneem word en tot niet verklaar word nie.

Enkel op grond daarvan dat daar 'n sterk begeerte sou wees in die kerkverband dat die

Psalmbundel uitgebrei moet word en sonder om hulle saak te motiveer dat die besluite van die Sinodes van o.a. 1913, 1927 en 1930 t.o.v. die kerkgesang in stryd sou wees met die Woord en Kerkorde, bring genoemde klassisse en Algemene Kerkvergadering hulle beskrywingspunte na die Sinode. En die saak wat hulle so ter tafel gebring het, was 'n radikale verandering van die bestaande besluite.

Die Sinode van 1933 het dus m.i. teen die bepaling van art. 31 K.O. opgetree deur hierdie beskrywingspunte ter tafel te neem.

x. Op die Sinode van 1936 dien daar verskillende beswaarskrifte oor die voorgenome gedagte om verdere uitbreiding aan die kerksang te verleen.

Die kerkraad van Theunissen vestig die aandag in sy beswaarskrif daarop dat: dit in beginsel en woord in stryd is met art. 69 K.O.; in stryd is met die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk insake Gesange; vra om die handhawing van art. 69 K.O.

Bultfontein vestig die aandag daarop dat daar geen gevoelde behoefte aan N.T. liedere bestaan nie en vra die Sinode "beleefd dog dringend om nie die Nuwe Testamentiese lied in te voer in die eredienste van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie".

Burgersdorp vra dat die saak oorstaan tot 1939 "om sodoende eers die oordeel van die gemeentes daaroor te kry".

Lusaka versoek: "Die Eerw. Sinode bespreek of die invoer van gesange in die erediens na God se Woord is te regverdig; of die invoer daarvan geen degradasie van die Gereformeerde bewussyn sal meebring in die Kerk nie en of die vrylating van ieder Gemeente om gesange in te voer nie alreeds 'n voldonge afwyking is nie."

Die besluit van die Sinode is van belang:

1. Aangaande die kerkgesang bevestig die Sinode opnuut die besluite van die Sinodes van **1876** en **1913** respektiewelik en aksepteer dus die gesange daarin genoem vir gebruik saam met die Afrikaanse Psalmberyming. Wat die ander beryminge uit die Heilige Skrif betref wat in die bundeltjie 'Enige Gesange' vervat en deur die Revisiekommissie gekeur is, besluit die Sinode as volg: Aangesien die bundeltjie betreklik laat verskyn het en die Kerk nog nie die geleentheid gehad het om daarmee behoorlik kennis te maak nie, besluit die Sinode om nie **nou op die oomblik op die punt van die al of nie invoering van die beryming te sal beslis ni**e, maar aan die Kerk eers nog geleentheid te gee om tot rypheid van gedagte te kom in verband daarmee.

2. "Wat die ingekome beswaarskrif van die Gemeente Theunissen betref en ook wat die verskillende beskrywingspunte betref waaruit blyk dat daar beswaar bestaan, besluit die Sinode om aan alle kerkrade op te dra om die voorgaande besluit te verduidelik, tydig en ontydig, en spreek die bede uit met die verwagting dat daarmee die tans bestaande besware sal verval".

In die derde plek het die Sinode die rapport van die Psalmberymingskommissie oor die bundeltjie "Enige Gesange" aanvaar, wat soos volg lui:

"Ook wens ons te rapporteer dat in opdrag van die Eerw. Sinode die bundeltjie 'Enige Gesange in Afrikaans deur Totius, uitgegee is deur die Kalvyn Jubileum Boekefonds, nadat dit goedgekeur is deur die Psalmberymingsdeputate en die Kommissie van Revisie deur die vorige Sinode aangewys", waarop die Sinode besluit het dat die "orige nuwe gesange nog nie op te neem in die Afrikaanse Psalmboek nie". (artt. 80,131,146,147)

Uit die handelinge van die Sinode blyk die volgende baie duidelik:

(i) Die Sinode handhaaf nog die bestaande art, 69 K.O. met die enkele gesange soos vervat in die besluit van 1913. Hoewel die meerderheid van die verteenwoordigers waarskynlik ten "gunste van die invoering van die gesange (soos dit destyds nog genoem is) was, besluit die sinode nogtans "om nie nou op die oomblik op die punt van die al of nie invoering van die

beryming te beslis nie".

(ii) Met hierdie besluit wou die sinode die gemoedere van die beswaardes verlig en al die gemeentes deeglik geleentheid tot studie verleen.

(iii) Hoewel die kerkraad van Theunissen met 'n beswaarskrif gekom het, is nie op daardie beswaarskrif direk ingegaan nie, maar dit word afgehaal met 'n aanverwante besluit.

(iv) Die hele handelinge word gekenmerk deur 'n volslae gebrek aan prinsipiële besinning. Die vorige Sinode het aan die Psalmberymingskommissie duidelik opgedra "om die saak te bestudeer volgens Gods Woord en ons gereformeerde beginsels" en op die Sinode van 1936 te rapporteer. Hulle rapport handel egter net oor die goedkeur en publikasies van die reeds bestaande (en die tussentydse byvoeginge) van berymde Skrifgedeeltes. Ook Lusaka het om 'n prinsipiële besinning gevra, en ook dit is met die besluit sydelings afgehandel.

xi. Voor die Sinode van 1939 dien daar verskillende stukke:

By wyse van beskrywingspunte vra die Klassis Potchefstroom en die Algemene Vergadering van die O.V.S. "dat die Sinode nou sal oorgaan tot invoering" (art. 107).

Van die kerkrade van Waterberg, Rustenburg en Goedgegun dien daar beswaarskrifte. Die kern van hierdie beswaarskrifte was: die beginsel van art. 69 K.O. is in gedrang; die invoering van die berymde gesange is in stryd met die uitgesproke beskouing en die historiese lyn van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika; die deur word geopen dat die Gesangbundel telkens aangevul sal kan word en so die Psalms verdring; die eenheid in die kerkverband kan geskaad word.

'n Kommissie van die Sinode wat die beswaardes aangehoor het, het bevind dat Waterberg se beswaar dat die Sinode van Dordrecht 1618/19 die lofsange van Simeon e.d.m. alleen by wyse van vergunning en nie op prinsipiële grondslae aanvaar het "hou nie stand nie". Dit was 'n historiese en prinsipiële flater van die Sinode en hierdie flater word die fondament vir die invoering van gesange (Skrifberymings).

Die beswaar teen onbeperkte uitbreiding van die Gesange is verwerp met die antwoord "dat die uitbreiding tog nooit verder as alleen die Heilige Skrif kan gaan nie".

Wat die historiese agtergrond betref was die kommissie van oordeel dat die stryd slegs gerig was teen die vrye lied en nie teen berymde gedeeltes nie. Ook dit is 'n histories prinsipiële mistasting.

Ten spyte van 'n voorstel dat die weerleggingsargumente van die kommissie teen die besware van Rustenburg en Waterberg nie oortuigend is nie en dat die beginsel soos vervat in art. 69 K.O. deur die kommissie omvergewerp word en dat hulle advies 'n afwyking was van die uitgesproke beskouing en historiese lyn van die Gereformeerde Kerk in S.A., is hierdie voorstel nogtans verwerp en die advies van die kommissie die besluit van die Sinode geword.

Die rapport van die deputate vir die Psalmberyming het neergekom op die volgende:

(1) Deur die Sinode van 1933 is die wenslikheid uitgespreek "dat daar publikasie sal gegee word" aan die bundeltjie wat aan die Sinode voorgelê is, om sodoende "eers die verskillende gemeentes en lidmate die volle geleentheid te gee om kennis te maak en dit te bestudeer". Die bundeltjie het in 1935 verskyn.

(2) Aan die Sinode van 1936 is gerapporteer dat die Psalmberymingsdeputate en die Kommissie van Revisie die bundel goedgekeur het.

(3) Die Sinode van 1936 het met algemene stemme besluit: "Aangesien die bundeltjie betreklik laat verskyn het en die Kerk nog nie die geleentheid gehad het om daarmee behoorlik kennis te maak nie, besluit die Sinode om nie nou op die oomblik oor die punt van die al of nie invoering van die beryming te besiis nie, maar aan die Kerk nog eers geleentheid te gee om tot rypheid van gedagte te kom in verband daarmee".

(4) Tewens is besluit "om aan alle kerkrade op te dra om die voorgaande besluit te verduidelik" met die hoop "dat daarmee die tans bestaande besware sal verval".

(5) Dit is dus vir hierdie deputate duidelik "dat daar by die Sinode geen prinsipiële beswaar bestaan het op die invoering daarvan nie", maar die besluit sou alleen betrekking gehad het op die "al of nie invoering van die berymings **op daardie oomblik".**

(6) Die deputate beveel aan dat die tyd nou ryp is vir invoering:

(a) Die Sinode van 1936 het geen prinsipiële beswaar daarteen gehad nie;

(b) Daar is geen ernstige beswaar daarteen op grond van die Woord van God nie;

(c) Die Kerk het voldoende geleentheid gehad om met die berymings kennis te maak.

(7) By die bestaande berymings het intussen nog verdere berymings gekom waaronder die Môre- en Aandsang. Dit is deur die deputate nagesien en goedgekeur.

Hulle beveel dus aan:

(a) dat die nodige melodieë vir die berymings gevind word;

(b) die bundel te publiseer.

(8) Elke kerkraad moet oordeel wanneer die tyd ryp is vir invoering.

Op voordrag van die voorsitter "of die sinode wil besluit om die uitbreiding aan die kerksang te gee, **soos voorgestel deur die deputate?"** (ek benadruk) het die sinode met meerderheid van stemme daarvoor besluit.

Daarmee was die invoering van die Skrifberymings 'n voldonge feit.

Daar is verder besluit dat die berymde gedeeltes deur die deputate van gepaste melodieë voorsien sal word en gegroepeer word, **veral met die oog op die christelike feesdae,** en dat die deputate om en by 50 berymings sal publiseer.

Hoewel die deputate die Môre- en Aandsang as deel van hulle berymde Skrifgedeeltes aan die Sinode voorgelê het, is besluit dat hulle agter in die bundel opgeneem sal word " met vermelding daarby dat hulle bestem is vir huisgebruik" (artt. 107, 116, 117).

As daar ooit 'n sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was wat deur onreëlmatighede, gebrek aan prinsipiële besinning en die verwerping van verskeie gereformeerde kerkregtelike beginsels was, was dit die Sinode van 1939:

(i) Die besluit van die Sinode om die Skrifberymings in te voer, is gedoen "soos voorgestel deur die deputate".

Volgens art 49 K.O. beskik kerklike deputate nie oor sodanige gesag nie. Alleen wanneer deputate **binne** hul opdrag optree, kan hulle **aanbevelings** as voorstel dien. Dit was hier egter nie die geval nie. Met hierdie besluit het die Sinode van 1939 dus die Gereformeerde kerkregtelike beginsels versaak en inderdaad hom gewend na die Kollegialisme.

(ii) Die voorstel van die deputate vir die Psalmberyming het berus op 'n foutiewe interpretasie van die besluit van die Sinode van 1936.

Die Sinode van 1936 het onder punt 1 van sy besluit die prinsipiële gestel: Die besluite van 1876 en 1913 word opnuut geaksepteer. Daardie sinodale besluite laat geen opening vir die uitbreiding van die kerkgesang nie. Daarom stel die Sinode van 1936 dit verder duidelik "om nie nou op die oomblik **op die punt van die al of nie invoering van die beryming te beslis nie".** Geen pro- of anti- besluit is dus geneem nie.

Omdat daar verskeie beswaarskrifte was teen die moontlikheid van uitbreiding van die kerkgesang, het die Sinode van 1936 dus nie verder op die meriete van die beswaarskrifte ingegaan nie en onder punt 2 van sy besluit die beswaardes na die prinsipiële besluit onder

punt 1 genoem, verwys.

Die Sinode het met meerderheid van stemme wel die hoop uitgespreek dat indien die kerke die geleentheid sou kry om die saak en die inhoud van die toe voorhande berymings te bestudeer, die besware sal verval, en daarom besluit om die bundeltjie "Enige Gesange" te laat publiseer (punt 3 van die besluit).

Hoewel die meerderheid van die verteenwoordigers op die Sinode van 1936 skynbaar ten gunste van die berymde Skrifgedeeltes was, is geen besluit daaroor geneem nie, en met verwysing na die Sinodes van 1876 en 1913 het hierdie Sinode art. 69 K.O. gehandhaaf in sy besluit. Die deputate vir die Psalmberyming verswyg in sy verslag aan die Sinode van 1939, hierdie prinsipiële besluit en meld onder punt 6(a) slegs dat "die Sinode van 1936 het geen prinsipiële beswaar daarteen gehad nie". Hulle verdraai die besluit van 1936 deur te interpreteer dat daardie sinode bedoel het dat hy net **op daardie oomblik** nie wou besluit wanneer die gesange ingevoer moet word nie, terwyl die Sinode se besluit lui om nie op die oomblik "op die punt van die al of nie invoering van die beryming te beslis nie". (Sien punt 5 van die deputate se rapport op bl. 100. voorgenoemd). Maak nie saak hoe die meerderheid op die Sinode van 1936 gevoel het oor die berymings nie, feit is daardie Sinode het geen besluit daaroor geneem nie: of dit al of nie ingevoer sal word nie. Hierdie feit verswyg die deputate in hulle rapport. As genoemde deputate in punt 6(a) van hulle rapport dus meld "dat die tyd nou ryp is vir invoering" op grond daarvan dat "die Sinode van 1936 geen prinsipiële besware daarteen gehad (het) nie", word die Sinode van 1936 'n besluit in die mond gelê wat hy nooit geneem het nie.

(iii) Die tweede grond wat die deputate aangevoer het "dat die tyd nou ryp is vir invoering" is punt 6(b) *van* hulle rapport: "Daar is geen ernstige beswaar daarteen op grond van die Woord van God nie." Die Sinode van 1933 het aan die deputate vir die Psalmberyming 'n pertinente opdrag gegee om die saak van Skrifberymings te "bestudeer volgens Gods Woord en ons gereformeerde beginsels". Op die Sinode van 1936 vestig Theunissen die aandag daarop dat die invoering van die berymde gedeeltes in stryd is met art. 69 K.O. Lusaka vra duidelik: "Die Eerw. Sinode bespreek of die invoer van gesange in die erediens na Gods Woord is te regverdig." Die opdrag van die Sinode van 1933 is nie uitgevoer nie. Nog geen Sinode het hom besin oor die prinsipiële sake wat Theunissen en Lusaka aangeraak het nie. En op die Sinode van 1939 dien ook die beswaarskrifte van Waterberg, Rustenburg en Goedgegun. Laasgenoemdes is wel bolangs beantwoord sonder werklike besinning. En nou kom die deputate en beweer: "Daar is geen ernstige beswaar daarteen op grond van die Woord van God nie".

(iv) Die derde grond wat die deputate aangevoer het "Dat die tyd nou ryp is vir invoering" is dat "die Kerk het voldoende geleentheid gehad om met die berymings kennis te maak".

Met miskenning van die mag waaroor hulle volgens art. 49 K.O. beskik en in stryd met die besluite van die Sinodes van 1913 en 1927 nl. oor wat in die kerke gesing mag word, oorskry hierdie deputate hulle opdrag van die Sinode van 1920 (om die Psalms in Afrikaans te laat berym) en lê hulle op die sinodale tafel van 1930 naas die lofsange, (soos deur Sin 1913 goedgekeur, ook die beryming van 'n verdere 6 Nieu Testamentiese liedere. Ten spyte daarvan dat hulle geen opdrag daartoe het nie, brei hierdie deputate daardie 6 N.T. liedere nog verder uit (Sin. 1933). Die Sinode van 1933 gee wel opdrag dat daardie liedere gepubliseer moes word "om eers die verskillende gemeentes en lidmate die volle geleentheid te gee om kennis daarmee te maak en dit te bestudeer". Hierdie bundel is in 1935 gepubliseer. Die Sinode van 1936 was van oordeel dat die bundel betreklik laat verskyn het, en daar dus verdere geleentheid vir studie deur die kerkverband moes wees. Maar ten spyte daarvan dat hulle geen opdrag tot verdere uitbreiding gehad het nie, gaan hierdie deputate nog rustig voort om die bestaandes, waaroor die Sinode van 1936 hom uitgespreek het, verder uit te brei. Hoewel 'n kommissie wat deur die Sinode van 1939 benoem is om staande die sinode op die saak in te gaan die Sinode geadviseer het "om nog nie oor te gaan om te besluit oor die al of nie ingebruikneming van verdere berymde

Skrifgedeeltes nie, omdat die sinode van 1936 **alleen aan hulle deputate opdrag gegee het** om te adviseer oor die invoering van die **toe bestaande bundeltjie,** en omdat daar sedertdien 'n twintigtal nuwe berymings bygekom het waarvan die gemeentes nog nie genoegsaam kennis dra nie" (art. 107), beweer die deputate nogtans in hulle rapport "dat die Kerk voldoende geleentheid gehad (het) om met die berymings kennis te maak". En die Sinode aanvaar die "voorstel" van die deputate — in stryd met sy eie besluite van 1933 en 1936.

(v) Die bewering van die deputate al sou daar geen ernstige beswaar teen die invoering bestaan nie is ook deur bogenoemde kommissie verwerp. In hulle verslag aan die Sinode meld hulle dat die verwagting van die Sinode van 1936 i.s. die verval van besware, dat "hierdie verwagting nie vervul is nie". En tog ignoreer die Sinode van 1939 die insig wat die Sinode van 1936 in hierdie verband aan die dag gelê het, en voer die berymings in.

(vi) Die Sinodes van 1930, 1933 en 1936 wou dat die lidmate en die gemeentes die Skrifberymings en die inhoud daarvan keur. Volgens die verslag van die deputate het hulself dit gedoen. En ook hierdie onreëlmatigheid word deur die Sinode van 1939 gesanksioneer.

(vi) Aanvanklik het die deputate ook die Môre- en Aandsang inbetrek onder hulle Skrifberymings. Die Sinode (art. 117) het egter besluit om dit heel agter in die bundel in te voeg onder die opskrif: vir huislike gebruik. Hiermee het die Sinode van die Gereformeerde Kerkregtelike beginsel afgewyk deur aan die lidmate voor te skryf wat hulle buite die erediens om kan sing.

(vii) In stryd met die besluite van die Sinodes van 1930, 1933 en 1936 dat die gemeentes vooraf eers elke Skrifberyming moet keur, besluit die Sinode van 1939 dat die deputate "om en by 50 berymings sal publiseer, sodat die kerkrade dit kan bestel". Hiermee is die kerkrade voor 'n voldonge feit geplaas wat die inhoud van die res van die Skrifberymings betref.

(viii) Deur te besluit om die Skrifberymings in te voer het die Sinode van 1939 die beginsels soos vervat in artt. 46, 49 en 31 K.O. verwerp en art. 46 se verdere bepaling dat daar 'n formele herroeping moet wees voordat 'n ander besluit oor dieselfde saak geneem word, geïgnoreer.

xii. Die Sinode van 1942 maak die advies van die deputate tot besluit van die Sinode: "1. Aangesien die Sinode van 1939 besluit het om uitbreiding te gee aan ons kerkgesang en opdrag gegee het aan deputate om 'n bundel Skrifberyminge met die oog hierop uit te gee, wat om en by 50 sal tel, en hierdie opdrag ondertussen uitgevoer is, so besluit die sinode nou om hierdie Skrifberymings goed te keur.

"2. Die sinode, in ag nemende dat daar nog besware bestaan teen die invoering van die Skrifberymings vir die gebruik in ons erediens, beveel aan dat die kerkrade met inagneming van die toestande van hulle gemeentes, sal besluit wanneer die tyd by hulle geleë is vir die ingebruikneming daarvan . . ."

'n Beswaarskrif van Rustenburg, waarvan die inhoud nie eers in die akta van die Sinode opgeneem is nie, is afgehaal met: "Aan Rustenburg, wat 'n beswaarskrif ingestuur het ... sal 'n afskrif gestuur word van hierdie besluit" — en daarmee was die beswaarskrif van die tafel af! (art. 86).

Die konsekwensie van hierdie besluit is dat die nuwe redaksie van K.O. art 69 nou soos volg lui:

"In die kerk moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die twaalf Artikels van die geloof, die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge wat die sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerkrade gelaat".

Hiervolgens is dit duidelik dat wat Skrifberymings betref dit nie vanselfsprekend is dat dit algemeen aanvaar is nie. Elke kerkraad moet dus 'n definitiewe besluit neem ten gunste van

die invoering daarvan. Maar elke kerkraad moet hom vooraf eers ook vergewis van die plaaslike toestande. Die besluit om 'n Skrifberyming in 'n erediens te laat sing, berus dus nie by die predikant nie, maar by die kerkraad.

*Die Skrifberymings getuig van menslike willekeur en skep geleentheid vir die vrye lied.*

# 15. DIE BEOORDELING VAN DIE INVOERING VAN DIE SKRIFBERYMINGS

**deur ds. L.S. Kruger**

(1) Die Gereformeerde kerkregtelike beginsel is deur die Sinode van Dordrecht, 1578, en Middelburg, 1581, vasgestel: "De Psalms Davids alleen sullen in de kerken gesongen worden". Dit sien op slegs die 150 Psalms.

(2) Vanweë die owerheid moes die kerke in Nederland toegee aan hierdie beginsel:

(i) Die Staatswet van 1583 eis dat naas die 150 Psalms "die thien geboden, ende Lofzangen Zacharia, Maria ende Simeons, het geloove (12 Artikels) ende vader onse" (Onse Vader) ook gesing moet word.

(ii) Hoewel die Sinode van 's Gravenhage, 1586 nog die besluit van Middelburg, 1581 gehandhaaf het, moes die Sinodes van 's Gravenhage 1591, en Dordrecht, 1618/19, toegee aan die druk van die owerheid en bogenoemde berymings ook opneem in die kerksang.

(iii) Vanweë die gebruik van nog ander gesange in sekere kerke (sien besluit van Sinode Utrecht, 1612 laat die Sinode van Dordrecht 1618/19 die gesang "o God wat ons Vader is" oor aan die vryheid van die predikante. Hiervan sê prof. Biesterveld in "Gereformeerd Kerkboek": dat dit "is een concessie aan de praktijk, die beter niet ware gedaan, omdat later de voorstanders van gezangen zich hieraan hebben vastgeklemd om uitbreiding van het aantal goed te heten". Vergelyk nou hiermee die voorstel van die voorstanders van die Skrifberymings dat die gebruik daarvan aan die vryheid van die kerke oorgelaat moes word! (Sinodes 1939, 1942).

(3) Die Sinode van Dordrecht 1618/19 het egter nie die begin sel vasgelê dat die kerksang buite die Psalms om ook geregverdig is nie. Hulle besluit lui duidelik: "Alle andere Gezangen zal men uit de Kerken weeren, en daar eenige alreeds ingevoert zijn, zal men dezelve metde gevoegelijkste middelen afstellen". Wie sou beweer dat die Sinode dit gehad het oor gesange waarvan die teks nie in die Bybel voorkom nie, het dit histories verkeerd. Die Sinode van Utrecht, 1612, het dit beslis gehad oor berymde Skrifgedeeltes.

(4) In Nederland was dit nie die kerke nie, maar die owerheid wat die finale seggenskap in die kerkgesang gehad het. Selfs die beryming van 1773 het in opdrag en inisiatief van die owerheid die lig gesien. Tereg merk Ds. Barger op in Ons Kerkboek (bl. 49): "Zij is een staatskreatuur, op volstrekt kerkelik-onwettige wijze ingevoerd en bovendien voor een goed deel van Remonstrantse oorsprong".

(5) Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het voortgebou op die konsessie wat Dordrecht gemaak het ten opsigte van enige gesange. Van die beginsel dat slegs die Psalms gesing moet word is verder afgewyk toe die kompromisvoorstel van ds. Postma (gesange waarvan die **teks** in die Bybel voorkom) die latere beginsel geword het wat as maatstaf moes dien. Vergelyk hier die uitspraak van die Sinode van 1939 teen die beswaar van die kerkraad van Waterberg, naamlik "dat die uitbreiding tog nooit verder as alleen die Heilige Skrif kan gaan nie".

(6) Die Gereformeerde Sinodes in Suid-Afrika het hulle nog nooit prinsipieel besin of die invoering van die berymings te regverdig is in die lig van die Woord van God en in ooreenstemming met die Gereformeerde Kerkregtelike beginsel is nie.

Die Sinode van 1933 het wel sodanige opdrag aan die Psalmberymingsdeputate gegee,

maar daarvan het niks tereg gekom nie; Waterberg se beswaar as sou die Sinode van Dordrecht 1618/19 enkele gesange naas die Psalms by wyse van toegewing (konsessie) aan druk van buite toegelaat het, is sonder meer deur die Sinode van 1939 afgemaak met die opmerking dat dit "hou nie stand nie". die kerkraad van Lusaka se versoek: "Die Eerw. Sinode bespreek of die invoer van gesange in die erediens na God se Woord is te regverdig; of die invoer daarvan geen degradasie van die Gereformeerde bewussyn sal meebring in die Kerk nie en of die vrylating van ieder Gemeente om gesange in te voer nie alreeds 'n voldonge afwyking is nie" (soos gestel aan die Sinode van 1936) wag nog steeds op 'n prinsipieel georiënteerde antwoord; so ook die beswaarskrif van die kerkraad van Theunnissen wat aan dieselfde Sinode gerig is: of die invoering van die gesange nie in stryd is met art 69 K.O. en die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk insake Gesange nie. Op laasgenoemde het die Sinode van 1939 die histories onjuiste antwoord gegee as sou die kerkstryd oor die kerkgesang slegs gerig gewees het teen die vrye lied en nie die berymdegedeeltes nie. Dit is histories onjuis omdat baie Gesange wel berymde Skrifgedeeltes was en dit tog nie deur die Gereformeerde Kerk ná die afskeiding van 1859 aanvaar is nie.

Die Heilige Gees het in die inspirasie van die Woord die Psalmbundel as lied vir die gelowiges daargestel. Wie die Psalmboek in die Bybel nagaan vind dat die inhoud daarvan die hele Bybel omspan — van Genesis af tot by Openbaring. Al kom die Naam van Christus nie direk in die Psalms voor nie, sien dit tog op Hom. Die Heilige Gees weet wat die diepste sin, inhoud en betekenis van die Psalm is. Al kan ons nie altyd die diepere sin van 'n Psalm bepaal nie, doen Hy dit (sien Rom. 8:26). Dit is dan ook opmerklik dat die Heilige Gees in die inspirasie van die Nuwe Testament nie 'n liederebundel daargestel het nie.

Al kom die naam Christus nêrens in die Psalms voor nie, het ons nie Skrifberymings nodig om die Christus te besing nie, want die Psalms is liedere van die **Verbond.** Dit hou o.a. in dat feitlik elke Psalm in die Nuwe Testament weerklank vind. Ons verwys na Ps. 22 en Ps. 110. Ps. 22 weerklink in Mat. 27:46, Markus 15:34, Mat. 27:39, Mark. 15:29, Mat. 27:35, Mark. 15:24, Luk. 23:33, Joh. 19:23, 20:25, Luk. 23:34, Joh. 19:24 en Heb. 2:12. Psalm 110 word aangehaal in Mat. 22:44, Mark. 12:36, Luk 20:42, Joh. 12:34, Hand. 2:34 en 35, Hebr. 1:3,13; 2:8, 7:21, 5:6, 7:24, Ef. 1:20,22, Kol. 3:1, 1 Petr. 3:22, I Kor. 15:25, Rom. 2:15 ens. ens.

Waarom wil ons spesifiek liedere hê wat die Christus besing as die naam HERE feitlik in elke Psalmvers voorkom. HERE sien tog op die Verbondsgod, die Goddelike Drie-eenheid, m.a.w. die Christus word besing in elke Psalmvers waarin die woord HERE voorkom.

Deur nou 'n Nuwe Testamentiese liederebundel te wil daarstel, sien daarop dat die Kerk die werk van die Heilige Gees in hierdie verband wil aanvul.

**Menslike willekeur** (en dit is sonde teen die tweede gebod) was dan ook by die daarstelling van die Skrifberymings die maatstaf en die beslissing oor wat berym sal word en wat nie.

Geen kerklike Sinode het hom in die lig van die Woord besin oor wat berym mag word en wat nie. Dit is dus 'n willekeurige en menslike beryming waarmee ons te doen het. In die Ou Testament vind ons verskeie liedere wat nie in die Psalmbundel opgeneem is nie: Oorwinningslied van Israel by die Rooi See (Ex. 15:1-21); Dawid se psalm in I Kron. 16:7-36; Hiskia se lied (Jes. 38:9-20), e.d.m. Maar daarteenoor kom die Deputate en neem uit die Ou Testament Jes. 53 (lied no. 7); Eseg. 36:25-28 (lied no. 14); Jes. 40:1-11 (lied no. 22); die Tien Gebooie (Ex. 20) wat ons in lied no. 26 aan God moet terugsing; Jes. 45:5-11 (lied no. 34); Num. 6:24-26 (lied no. 47) en berym dit. Is dit nie 'n poging om die werk van die Heilige Gees in die Psalmbundel aan te vul nie?

Dan is daar ook verskillende Nieu Testamentiese gedeeltes wat in die Heilige Skrif beslis nie as lied geopenbaar is nie wat nou as kerklied aangebied word: Joh. 1:14 (lied No. 5); die kruiswoorde (lied no. 6); (dit is nog 'n ope vraag hoe ons ons hier in die plek van Christus kan stel deur die kruiswoorde te wil sing); die hemelvaart (lied no. 11; die beryming van die

Pinkstergebeure (lied no. 13); Jesus seën die kinders (lied no. 15); die saligspreuke (lied 16); Matt. 11:25-30 (lied no. 18); Luk 15:18-24 oor die verlore seun in lied no. 19, en so kan voortgegaan word. Die beryming van die sewe briewe aan die sewe gemeentes in Openb. 2-3 (liedere 38-44) is in werklikheid visitasierapporte aan die gemeentes. Meeste liedere uit Openbaring is 'n beeld van die triomferende kerk. Dit is dinge wat Johannes persoonlik aanskou het. Ons kan ons nie in die plek van Johannes plaas en sing van "ek" soos dit in die Skrifberymings wel gedoen word nie.

In kort: die daarstelling van die Skrifberymings spreek van **menslike willekeur,** en alle selfingestelde godsdienstige plegtig hede is in die lig van die Woord 'n oortreding (sien Lev. 10:2; Jes. 1:13-16: I Sam. 15:23; Matt. 15:19).

(7) Die wyse waarop die Skrifberymings ingevoer is, is kerkregtelik nie te verantwoord. In sy werk: Handleiding van die studie van die Kerkgeskiedenis, verklaar prof. dr. S. du Toit (hoofstuk 44) dat die invoering van die evangeliese Gesange kerkregtelik nie in orde was nie. Hy verwys na die besluit van die Sinode van Dordrecht dat in die openbare erediens alleen die 150 Psalms en enige by name genoem Gesange gesing mag word. In Holland het Provinsiale sinodes die Gesange ingevoer en in Suid Afrika is dit ingevoer sonder dat 'n meerdere vergadering daaroor besluit het. As die onkerkregtelike invoering van die Evangeliese Gesange in die Hollandse en Kaapse Kerke dan geld as 'n beswaar daarteen, dan geld die onkerkregtelike invoering van die Skrifberymings in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika beslis ook as 'n grondige beswaar daarteen:

In Holland het provinsiale sinodes oor die invoering van die Gesange beslis — terwyl 'n Algemene Sinode (Dordt) in 1618/19 die kerklied vasgestel het. Maar al was dit provinsiale sinodes, dit was nogtans wettige meerdere vergaderings. En al was dit onderskeie kerkrade wat dit in Suid-Afrika ingevoer het, dan was dit nogtans wettige kerklike vergaderings. In die Geref. Kerk egter was dit deputate wat nie 'n kerklike regeerliggaam is wat dit begin inbring het op die sinodale tafel — en dit sonder enige opdrag daartoe. K.O. art. 49 is hiermee kragteloos gemaak. En in stryd met artt. 46, 31, 69 K.O. het die sinodes net die rubberstempel op die handelinge van hierdie deputate geplaas. Met hierdie onkerkregtelike optrede in die invoering van die Skrifberymings verval alle gronde vir beswaar teen die onkerkregtelike wyse waarop die Evangeliese Gesange ingevoer is.

(8) Met die invoering van die Skrifberymings het die Gereformeerde Kerk die riglyne van Dordt verlaat en die voetspoor van die Remonstrantse Sinode van Utrecht, 1612, gevolg.

Benewens die 150 Psalms en die aantal lofsange wat die Staatswet van 1583 daargestel het, het die Sinode van Utrecht besluit dat "soo vele andere Schriftuyrlijcke Lofsanghen" daarby gevoeg moet word, wat "handelende van Christi Gheboorte, Besnijdenisse, Doop, Lijden, Sterven, Opstandinghe, des H.Geestes, ect."

Die Sinode van Dordrecht, 1618/19, daarteenoor, het slegs die enkele by name genoemde Gesange by wyse van vergunning toegelaat en verder bepaal: "Alle andere Gezangen zal men uit de Kerken weeren . . ."

Wie die besluit van Utrecht ontleed, sien daarin dat dit by hulle gegaan het om skrifberymings wat betrekking het op die kerklike feesdae. Dordt daarteenoor het beslis sodanige berymings verwerp.

In aansluiting by die riglyne van Utrecht en teenoor die beginsels. van Dordt, besluit die Sinode van 1939 dat die berymde gedeeltes van die Skrif deur die deputate van gepaste melodieë voorsien word en gegroepeer word, **veral met die oog op die christelike feesdae** En waar Utrecht besluit het dat die keuring en invoering sal berus by "de Magistraet ende Kerckenraed van eyder plaetse" besluit die Sinode van 1939 dat dit sal berus by die deputate vir keuring en die plaaslike kerkrade vir invoering.

Utrecht wil hê dat die berymde Skrifgedeeltes betrekking sal hê op: die geboorte van Christus (sien Skrifber. 5); Doop (sien Skrifb. 15,18); Lyde (sien Skrifb. 6,7); Opstanding en

hemelvaart (sien Skrifb. 10,11), Pinkster (sien Skrifb. 13,14); e.d.m. Die ooreenkoms met Utrecht is inderdaad treffend!

Art. 67 K.O. laat die onderhouding van die Christelike Feesdae soos Kersfees, Paasfees, Pinkster en Hemelvaart oor aan die vryheid van die kerke. Dit is geen saak van beginsel nie, want die feesdae is nie gelyk aan die Rusdag nie. Calvyn, Zwingly, Bullinger, Bucher en Knox het hulle almal beywer dat die feesdae afgeskaf moes word, omdat dit 'n ou Roomse praktyk was. Deur Skrifberymings in te voer "veral met die oog op die christelike feesdae" het die Sinode hierdie dae kerklik gesanksioneer as gelykstaande aan die Rusdag, en daarmee die reformatoriese beginsel versaak.

Die invoering van die Skrifberymings is dus teken van deformasie in die Geref. Kerk en nie die van reformasie nie, want die lied is immers die siel van die kerk.

Om nog die skyn van gereformeerdheid daaraan te verleen is die benaming Gesang (soos dit aanvanklik wel genoem is) eers verander tot N.T. liedere en later tot Skrifberymings. Maar in wese is dit 'n wegbreek van die beginsels van Dordt.

(9) Die Sinode van 1939 het die deur geopen vir 'n onbeperkte invoering van berymde Skrifgedeeltes.

Rustenburg het in sy beswaar o.a. beweer: "die Gesangbundel sal telkens aangevul moet word en sal die Psalms verdring", waarop die Sinode geantwoord het: "wat die besware insake die voortdurende uitbreiding van die berymings betref wat dan die Psalms sou verdring, antwoord die sinode dat die uitbreiding tog nooit verder as alleen die Heilige Skrif kan gaan nie" Dit is net die teenoorgestelde van Dordt wat dit met die skaflikste wyse wil weer uit die kerk.

Die vrese van Rustenburg dat die Psalms verdring kan word, was nie vergesog nie. Opsteller hiervan het al eredienste bygewoon waar die voorganger slegs een Psalm opgegee het en die res Skrifberymings.

Met hierdie besluit het die Sinode van 1939 die deur geopen vir verdere uitbreiding (hoewel later besluit is dat die bundel wat die deputate moes uitgee so om en by 50 berymde gedeeltes moes bevat). In lig van die prosedure wat gevolg is by die in voering van die beryming, kan enige lidmaat of aantal lidmate gedeeltes van die Skrif begin berym en voor die Sinode lê vir algemene kerklike gebruik. As die inhoud daarvan suiwer is, het die sinode in lig van die besluit van 1939, geen reg om sodanige berymings te weier nie.

(10) Deur die invoering van die Skrifberymings het die sinode afgewyk van die beginsel van art. 69 K.O. en die uitgesproke beskouing en die historiese lyn van die Geref. Kerk in Suid-Afrika. Die kompromis-voorstel van ds. Postma, naamlik dat ter wille van kerkeenheid die beswaardes teen die Gesange wel die Gesange sal sing waarvan die teks in die Bybel is, is met die invoering van die Skrifberymings gesanksioneer. Daarmee het die Sinode van 1939 en 1942 die reg van die afskeiding van die Geref. Kerk in 1859 in wese herroep. Hoewel dit in 1859 nie net gegaan het om die Gesange nie, was die Gesange tog die kernpunt waarom alles gedraai het. Die Gereformeerde Kerk het hom hiermee (in stryd met die besluit van Dordt) op die standpunt van Gesange geplaas, en wil ek voorspel dat soos die geskiedenis oorsee en hier ter plaatse bewys het, die Gereformeerde kerk in jare om te kom, ook die andere se voorbeeld sal volg met verdere uitbreiding van die kerklied en sal die Psalms al minder in die erediens gehoor word. (Tot hier ds. L.S. Kruger)

## Vrye liedere bekend as Skrifberymings.

Ook moet verwys word na Skrifberyming 27. Dit is geen berymde skrifgedeelte nie maar 'n vrye lied.

Om die doel en ontstaan van die belydenisskrifte (ook genoem die simboliek) waarvan die Apostoliese Geloofsbelydenis (ook bekend as die Apostolicum) of die Ek Geloof te verstaan,

is dit goed om te luister na P. Bieterveld. Volgens hom is die belydenisskrifte vir die kerk noodsaaklik:

(a) Om 'n juiste en outentieke oorsig te gee van die leer deur die kerk bely en ook om alle lastering van die teenstanders te weerspreek.

(b) Om teenoor die wêreld, tot eer van God, openlik te getuig van die suiwere religie.

(c) Om die eenheid te bewaar tussen die verskillende kerke van dieselfde belydenis.

(d) Om die suiwerheid van geloof te bewaar en die verspreiding van kettery leen lê staan.

(e) Om aan die nageslag die suiwere leer oor te dra, en

(f) as historiese feit om aan te toon wat steeds in die kerk van Christus as waarheid gegeld het.[131]

Van die Apostoliese Geloofsbelydenis (Ek geloof) sê Biesterveld onder die titel Ekumeniese Simbool (so genoem omdat dit die geloofsbelydenis van alle christelike kerke is), Veral in die laaste tyd is die Ekumeniese Simbool en veral die Apostolicum voorwerp van ondersoek gewees. Hier volg alleen die resultaat van daardie ondersoek. Die trinitariese doopsbevel is die oorsaak van die ontstaan van die Westerse- en Oosterse simboliek. Deur invoegings van kort formules om kettery te weer, enkele tientaljare na die optrede van die Apostels, is die ou Roomse Simbool gebore, waarskynlik in die jare 100 tot 120 nC.[132]

Biesterveld sê ook dat die simboliek gebore is uit die polemiek.

Daar is ook teoloë wat beweer dat die Apostoliese Geloofsbelydenis (Ek Geloof) sy oorsprong in die eerste christelike gemeentes het, as teenvoeter vir die Jode wat die bestaan van die Christus geloon het.

Uit hierdie gegewens blyk die volgende:

(1) Die "Ek Geloof" is 'n belydenis van gelowiges teenoor mekaar, en teenoor die wêreld, en

(2) is dit net soos die Môresang (Skr. 49) en die Aandsang (Skr. 50) nie 'n berymde Skrifgedeelte nie, maar 'n vrye lied.

## Sinodebesluit 1961

Ten slotte wil ons nog wys op die besluit van die Sinode van 1961 soos vervat in die handelinge op bl. 452 en 453 van die Sinode. Dit het gehandel oor 'n bewaarskrif teen 'n besluit van die Sinode van 1942. In hierdie bewaarskrif word oor Skrifberymings en kollektes onder die erediens gehandel. Vir ons doel gaan dit alleen oor eersgemelde beswaar en die antwoord van die Sinode daarop.

Die beswaarde, br. L.S. van der Walt sê: "dat die Woord van God eis van ons dat daar liefde en eenstemmigheid of eensgesindheid in die gemeentes moet wees(1 Kor. 1:10; Rom. 12:16; Rom. 15:5-6; Fil. 2:2; Fil. 3:15, 16; 1 Petrus 3:1; 1 Kor. 8:12, 13; Rom. 14:21).

En daardie Sinodebesluite het verdeeldheid en onenigheid in die gemeentes gebring waar daardie besluite in gebruik is. Tot op die Sinodes was daar nie eenstemmigheid en eensgesindheid oor bogenoemde twee punte nie. En daarvandaan het dit deurgewerk in die gemeentes.

Die Psalms is die liedereboek van al die gelowiges oor die ganse aarde, en skrifberyminge word laat sing deur 'n klompie Gereformeerde predikante."

Die verslag van die kommissie wat deur prof. S.P. van der Walt toegelig word lui:

(a) Eenvormigheid en enersheid by die plaaslike kerk ten opsigte van middelmatige sake is nie 'n beginsel nie.

(b) Die liturgiese gebruik van Skrifberymings word nie deur predikante nie, maar deur

kerkrade beoordeel en bepaal.

(c) Die Sinode van 1942 het nie die invoering van Skrifberyminge verplig nie maar aan die oordeel en vryheid van die kerkrade oorgelaat (Acta 1942, p. 134, punte 2,4). Dit moes geskied met "inagneming van die toestande in hulle gemeentes".

Die Sinodale besluit rus dus op die beginsels van die Skriftuurplekke in die beswaarskrif aangehaal.

Indien daar "verdeeldheid en onenigheid" (beswaarskrif p. 432) sou wees, is dit 'n saak wat volgens die Sinodebesluit van 1942 en Art. 39 K.O. by die mindere vergaderinge afgehandel kan word, behoudens die reg van die beswaarde onder Art 31 K.O. Besluit: Die hele verslag word goedgekeur. [133]

Plaas ons die besluit van hierdie sinode onder die vergrootglas dan is hier simptome wat uiterste kommer wek nl. dat die universaliteit en katolisiteit van die lied in die erediens wat by Calvyn, Augustinus en andere so swaar geweeg het as deel van die liturgie, deur 'n sinode as 'n minder belangrike saak (middelmatige saak) afgemaak word.

In sy diensboek (1543) onder die titel "La Forme des Prieres et Chantz ecclesiastiques" skryf Calvyn oor die orde van die erediens en sy formuliere.

In 'n voorwoord aan die leser gee hy sy standpunt oor die gemeentesang breedvoerig. Oor die gebede in die erediens maak hy onderskeid tussen twee soorte: Die een word gespreek en die ander gesing. So was dit vanaf die begin van die eerste kerk gewees. Want reeds Paulus spreek oor die bid met die lippe en oor die sing "En in waarheid", aldus Calvyn weet ons uit ondervinding dat die lied grote krag en mag besit om die hart van die mens te ontroer en te laat ontvlam en op te wek om God aan te roep en te prys met des te heftiger en brandende ywer. Daar moet steeds op gelet word dat die lied nie ligsinnig en onstandvastig is, maar gewig en majesteit besit soos Augustinus gesê het. Sodoende is daar groot verskil tussen die musiek wat 'n mens maak om die mense aan tafel en tuis op te vrolik en die Psalms wat in die kerk gesing word in die teenwoordigheid van God en sy engele. Daarom het Calvyn die orde van die diens so opgestel dat dit kon strek tot opbou van die gemeente.[134]

Die universele karakter van die kerk en sy handeling kom beter uit wanneer die handeling voorbedag is en dieselfde vorm en uitdrukking kry wat ook die voorgeslag en die nageslag dien, as wanneer die liturgie afhanklik is van persoonlike stemming willekeur of teologiese stroming. Veral die gevaar van willekeur moet ons nooit onderskat nie.[135]

Kyk maar weer na die Skrifberymings dit spreek van willekeur. Drie Skrifberymings (Ek Geloof, Môre- en Aandsang) kom nie in die Bybel voor nie. Visitasierapporte word gesing, gedeeltes wat nie poësie is nie, word berym. Ou Testamentiese gedeeltes wat nooit in die kerk gesing was nie, word nou gesing en dan praat wyle ds. J.V. Coetzee (kerkalmanak 1952) van die "vervulde evangelie" wat nou gesing kan word, maar ons moet veral saamstem met die beswaarde waar hy in sy laaste paragraaf pleit vir die universaliteit en katolisiteit van die kerklied.

Vir die Sinode van 1942 is die liturgie en eenheid van die kerk 'n middelmatige saak.

*Vir die Jood was die Hebreeuse Psalm inderdaad lied gewees.*

# 16. GEÏNSPIREERDE- EN VRYE LIED

## Wat ons kan lees, kan ons ook sing.

Hierdie argument word algemeen gebruik by die voorstanders van die Skrifberymings.

Aan diesulkes is my vraag altyd: "Wie kies, wie berym en wie toonset?" Dan geld die les uit die verlede (wat met Skrifberymings gebeur het) dat menslike willekeur 'n oorheersende rol speel en dat gedeeltes berym word wat nooit bedoel was om gesing te word nie.

Met die Psalms is dit anders gesteld. Hier het God die keuse gemaak en die lied aan sy kerk gegee as een van die kanonieke boeke van die Bybel. Wat die beryming betref' kom ons later hierop terug.

Vir die Hebreër was die Hebreeuse Psalm inderdaad 'n lied gewees, ook wat die vorm betref. Die Jood wat die Ou Testament in sy eie taal lees merk dadelik dat hy met 'n lied en nie 'n stuk prosa besig is nie. Die Psalms is liries, dis poësie. Hierdie duidelike onderskeid kry ons nie in die Hollandse en ander vertalings nie.

## Vrye gebede, vrye liedere en vrye preke

So dikwels word aan die voorstanders van net die Psalms "as lied in die erediens gevra: as julle net die Psalms sing, waarom bid julle nie net die Onse Vader nie?"

Ten eerste behoort alle gebede wat vorm betref op die Onse Vader gebaseer te wees, want dit is die volmaakte gebed.

Tweedens het die Here wel vir ons 'n bundel liedere gegee maar nie 'n bundel gebede nie. Derdens is die Onse Vader nie die enigste gebed nie. Wat van al die gebede in die Psalms. Wat die vrye lied betref word die woorde daarvan in 'n boek vasgelê en dit word presies so oor en oor gesing. Die vrye gebed van die liturg besit die gemeente nie op skrif nie en na die uitspreek daarvan vervaag die woorde totdat dit na verloop van tyd verdwyn.

Sou daar in die vrye gebed iets skadeliks voorkom, kan dit nie blywende skade berokken nie, soos by die gedrukte lied wat oor en oor herhaal word as kerklied of voorgeskryf word vir katkisasie gebruik nie.

By die vrye lied is 'n tweede gevaar nl. die vroomheidselement. Daar moet nooit vergeet word dat die mens 'n gevoelswese is nie en dat "my saligheid" altyd die ereplek beklee teenoor "aan God alleen die eer". Dit gaan verder ook nie altyd oor wat gesê word nie, maar ook oor wat verswyg word.

Derdens moet die vraag gestel word: besit die kerk werklik digters van formaat? d.w.s. teoloë of mense met teologiese (let wel nie godsdienstige) agtergrond nie, want die kerklied moet skrifgebonde wees.

Wat die vrye prediking betref geld presies dieselfde argument as by die vrye gebed nl. dat dit ook by die lidmaat vervaag en nie blywende skade kan berokken nie.

## Berymings en vrye liedere

Daar word gou vir jou gesê as jy die berymde Psalms sing kan jy net sowel die vrye lied sing, want eersgenoemde is nie geïnspireerd nie, en laat ons erken dat dit seker die ideale of mees volmaakte metode is om die Psalms te sing soos dit woordeliks in die Bybel staan. Tog wil ons in hierdie geval verwys na twee waarhede van Totius nl. dat vir die Hebreër was

die Hebreeuse Psalm inderdaad lied gewees. Die Jood kon naamlik wanneer hy die Ou Testament in sy eie taal lees, dadelik merk dat hy met 'n lied en nie 'n stuk prosa te doen het nie.[136] Hierdie duidelike onderskeid geld nie in die Hollandse en ander vertalings nie.

Om die Psalms op een lyn te stel met die gesange of vrye liedere net omdat hul berymd is hou nie steek nie. Daar is nou eenmaal 'n radikale verskil tussen die lied wat vrylik voortkom uit die digterlike gemoed en die beryming van 'n Psalm wat slegs in rym en maat weergee wat in die leespsalm voorhande is.

Dr. B. Janssonius 'n sterk voorstander van die gesange erken en sê: Die noukeurige leser sal sonder twyfel in die gesange meer as een digterlike sonde vind, terwyl hy aan die skone digterlike vorm, waarin die gedenkstukke van die Israelitiese psalmdigters aangebied word 'n ongeveinsde hulde bring. By die Psalmberyming moet 'n mens slegs sorg dat die digterlike denkbeelde wat 'n mens in die Hebreeuse liedere vind, in 'n waardige kleed gehul word.

Die onderskeid is duidelik. Die psalmberymer neem net die groot gedagte van die Heilige Gees oor en sy werk is slegs om dit digterlik te versorg; terwyl die digter van godsdienstige liedere voortspin aan die draad wat uit sy eie gemoed voortkom.[137]

God is self die outeur van sy lied (die Psalms) en dit het tot stand gekom onder inspirasie van die Heilige Gees. Die beryming self was nie geïnspireer nie, maar glo en bely ons, is tot stand gebring deur wat ons noem die verligting van die Heilige Gees.

## Waarom dan die beryming?

Die Gereformeerdes (reeds Calvyn) het vir die berymde kerklied gekies, omdat die lied in die erediens, lied moet bly d.w.s. ritme en rym moet daar wees. (Daar is ook die uitsondering nl. lied sonder ritme en rym). Dit het die voordeel dat dit maklik geleer en onthou kan word. (veral by katkisasie). Toets u maar self aan die Psalms soos in die Bybel en in die Psalmboek weergegee.

Laasgenoemde bly jou by deur heel jou lewe en in tyd van vreugde of smart word die hande elke keer maar weer na die berymde Psalm uitgesteek.

# GERAADPLEEGDE WERKE


1 Heidelbergse Kategismus Sondag 21, Die berymde Psalms, 1977, bl 48.

2 Buys P.W. Die Kerkblad, 21 Nov. 1962, bl 8.

3 Buys P.W. Die Kerkblad, 21 November 1962, bl 7.

4 Die Bybel met verklarende aantekeninge, Deel II, 1976, bl 325, 326. (Hierna verwys as verklarende Bybel).

5 Verklarende Bybel, Deel II bl 230.

6 Verklarende Bybel, DeeMI bl 322.

7 Verklarende Bybel, Deel II bl 256, 257.

8 Verklarende Bybel, Deel II bl 1962.

9 Verklarende Bybel, Deel II bl 1963.

10 Verklarende Bybel, Deel II bl 1963.

11 Verklarende Bybel, Deel II bl 1477.

12 Verklarende Bybel, Deel I bl 171.

13 Van Gelderen.C.Kommentaar oor Amos bl 138,139. (Hierna verwys as Van Gelderen - Amos).

14 Van Gelderen-Amos bl 141, 142.

15 Verklarende Bybel, Deel II bl 1968.

16 Verklarende Bybel, Deel II bl 1964.

17 Verklarende Bybel, Deel II bl 1964.

18 Calvyn, Kommentaar oor Amos bl. 239, 240.

19 Calvyn, Kommentaar oor Amos bl 239, 242.

20 Verklarende Bybel, Deel II bl 1573.

21 Verklarende Bybel, Deel I bl 424.

22 Verklarende Bybel, Deel I bl 1167.

23 Verklarende Bybel, Deel I bl 1227, 1228.

24 Verklarende Bybel, Deel I bl 1253.

25 Verklarende Bybel, Deel I bl 1263.

26 Verklarende Bybel, Deel I bl 1325.

27 Verklarende Bybel, Deel II bl 1494.

28 Verklarende Bybel, Deel II bl 676.

29 Verklarende Bybel, Deel II bl 485.

30 Verklarende Bybel, Deel II bl 555.

31 Verklarende Bybel, Deel II bl 580.

32 Verklarende Bybel, Deel II bl 740.

33 Eybers, I.H. Gods Woord in Mensetaal, 1978, bl 48, 49.

34 Eybers, I.H. Gods Woord in Mensetaal, 1978, bl 50, 51.

[35] De Klerk, P.J.S. Die Verkennerreeks, Kerk en verbond, bl. 13, 15, 16.

[36] Du Toit, J.D. (Totius). Die Kerkblad 14 November 1962, bl 7, 8.

[37] Die berymde Psalms, 1977, Ps. 119:7 (gedeelte)

[38] Die berymde Psalms, 1977, Ps. 119:17 (gedeelte)

[39] Die berymde Psalms, 1977, Ps. 105:5 (gedeelte)

[40] Die berymde Psalms, 1977, Ps. 89:2 (gedeelte)

[41] Die berymde Psalms, 1977, Ps. 47:4 (gedeelte)

[42] Die berymde Psalms, 1977, Ps. 84:1 (gedeelte)

[43] Die berymde Psalms, 1977, Ps. 26:5 (gedeelte)

[44] Van Deursen F. De Voorzeide Leer, Deel IJ, Inleiding op de geschriften, Psalmen (I) bl 26. (Hierna verwys as Van Deursen, De Voorzeide Leer)

[45] Van Deursen, De Voorzeide Leer, Deel IJ, bl 27-39.

[46] Van Deursen, De Voorzeide Leer, Deel IJ bl 40-45.

[47] Marais S.J.L. Die genadeverbond bl 18, 19.

[48] Vonk C, De Voorzeide Leer 1A Die Heilige Schrift. Inleiding, Genesis, Exodus, 1960 bl . 26

[49] Verklarende Bybel, Deel II bl 535.

[50] Verklarende Bybel, Deel I bl 1279.

[51] Verklarende Bybel, Deel I bl 1280.

[52] Verklarende Bybel, Deel I bl 1281.

[53] Verklarende Bybel, Deel I bl 1283.

[54] Verklarende Bybet, Deel I bl 1283.

[55] Verklarende Bybel, Deel I bl 1284.

[56] Verklarende Bybel, Deel I bl 1122.

[57] Verklarende Bybel, Deel I bl 1120.

[58] Verklarende Bybel, Deel I bl 1135.

[59] Verklarende Bybel, Deel II bls653 & 654.

[60] Verklarende Bybel, Deel II bl 791.

[61] Booyens, M.J. Kom, Here Jesus bl 266, 267.

[62] Verklarende Bybel, Deel II bl 792.

[63] Cachet, Lion & Du Toit J.D. (Totius). Waarom zingt de Gereformeerde Kerk alleen de Psalmen, bls 7 & 8.

[64] Kok J. Gods huis en de Psalmen, Deel I, Voorwoord.

[65] Kok J. Gods huis en de Psalmen, Deel I, bls. 40 & 45.

[66] Die berymde Psalms, 1977, Ps. 150.

[67] Die berymde Psalms, 1977, Ps. 150.

[68] Verklarende Bybel, Deel I bl 1128.

[69] Verklarende Bybel, Deel I bl 1129.

[70] Milo D.W.L. Zangers en Speellieden bl 127.

[71] Van Andel C. Tussen de Regels bl 81, 82.

[72] Doumergue E. Calvijn in het strijdperk bl 411, 412.

[73] Heyns W. Liturgiek, 1903, bl 113, 114.

[74] Van Andel C. Tussen de Regels, bl 82.

[75] Van Andel C. Tussen de Regels bl 81.

[76] Hasper H. Calvijns beginsei voor den zang in den eredienst, bl 11, 12.

[77] Hasper H. Calvijns beginsei voor den zang in den eredienst bl 768.

[78] Myburg A. Preek gehou op Goeie Vrydag in die Gereformeerde Kerk, Pretoria-Annlin, 1976.

[79] Verklarende Bybel, Deel I, bl 1158.

[80] Verklarende Bybel, Deel I, bl 679.

[81] Verklarende Bybel, Deel I, bl 675.

[82] Verklarende Bybel, Deel I, bl 845.

[83] Verklarende Bybel, Deel I, bl 845.

[84] Verklarende Bybel, Deel I, bl 854.

[85] Verklarende Bybel, Deel I, bl 854.

[86] Verklarende Bybel, Deel I, bl 857.

[87] Verklarende Bybel, Deel I, bl 858.

[88] Verklarende Bybel, Deel I, bl 858.

[89] Verklarende Bybel, Deel I, bl 858.

[90] Verklarende Bybel, Deel I, bl 881.

[91] Verklarende Bybel, Deel I, bl 919.

[92] Verklarende Bybel, Deel I, bl 919.

[93] Verklarende Bybel, Deel I, bl 934.

[94] Verklarende Bybel, Deel I, bl 983.

[95] Verklarende Bybel, Deel I, bl 985.

[96] Verklarende Bybel, Deel I, bl 988.

[97] Verklarende Bybel, Deel II, bls 256 & 257.

[98] Verklarende Bybel, Deel II, bl 257.

[99] Verklarende Bybel, Deel II, bl 331.

[100] Verklarende Bybel, Deel II, bl 332.

[101] Verklarende Bybel, Deel II, bl 439.

[102] Verklarende Bybel, Deel 11, bl 483, 484.

[103] Verklarende Bybel, Deel II, bl 485.

[104] Verklarende Bybel, Deel II, bl 555.

[105] Verklarende Bybel, Deel II, bl 580.

[106] Edelkoort A.H. De Christusverwagting in het Oude Testament bl 158-170

[107] De Groot Joh, De Psalmen, 1941, bl 145-150.

[108] De Groot Joh, De Psalmen, 1941, bl 137-145.

[109] Edelkoort A.H. De Christusverwagting in het Oude Testament bl. 5-12.

[110] Edelkoort A.H. De Christusverwagting in het Oude Testament bl 43-48.

[111] Van Andel C. Tussen de Regels, bl 8, 9, 10.

[112] Van Iperen J. Kerkelijke historie van het psalmgezang der christenen, van de dagen der apostelen af tot op onzen tegenwoordige tyd toe, en inzonderheid van onze verbeterde Nederduitse psalmberyminge uit echte gedenkstukke zaamgebracht (1777) bl 40 & 41. (Hierna verwys as Kerkelijke historie van het psalmgesang).

[113] Van Iperen J. Kerkelijke historie van het Psalmgezang, bl 3.

[114] Van Iperen J. Kerkelijke historie van het Psalmgezang, bl 42.

[115] Van Iperen J. Kerkelijke historie van het Psalmgezang, bl 61.

[116] Kruger M.A. Wat moet ons sing in Godsdiens en Erediens bl. 5.

[117] Kruger M.A. Wat moet ons sing in Godsdiens en Erediens bl 5, 6.

[118] Kruger M.A. Wat moet ons sing in Godsdiens en Erediens bl 6.

[119] Kruger M.A. Wat moet ons sing in Godsdiens en Erediens bl 6.

[120] Kruger, M.A. Wat moet ons sing in Godsdiens en Erediens bl 6.

[121] Verklarende Bybel, Deel 11, bl 555.

[122] Lion Cachet J en Du Toit J.D. (Totius). Waarom singt de Gereformeerde Kerk alleen de Psalmen? bl 12, 13, 14.

[123] De Pressense E. Drie eerste eeuwen der Christelike Kerk, 1858, bl 608.

[124] Kruger J.C. Daar is ook geskrywe, bl 239.

[125] Kruger J.C. Daar is ook geskrywe, bl 239.

[126] Kruger J.C. Daar is ook geskrywe, bl 239, 240, 241

[127] Kruger J.C. Daar is ook geskrywe, bl 242.

[128] Van Andel C. Tussen de Regels bl 10.

[129] Lion Cachet J. en J.D. du Toit (Totius) Waarom zingt de Gereformeerde alleen de Psalmen? bl 2.

[130] Doumergue E. Calvijn in het strijdperk, 1904, vertaal deur W.F.A. Winckel, bl 413-416.

[131] Biesterveid, P. Schets van de Symboliek Hfst6, bl 2, 3.

[132] Biesterveid, P. Schets van de Symboliek Hfst 6, bl 141,

[133] Handelinge van die vier-en-dertigste Sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,25 Jan 1961, bl 452, 453.

[134] Van Andel C. Tussen de Regels, bl 80.

[135] Milo D.W.L. Zangers & Speellieden, bl 127.

[136] Du Toit J.D. (Totius) Die Kerkblad 28 Feb 1979 bl 6.

[137] Lion Cachet J. en Du Toit J.D., Waarom Zingt de Gereformeerde Kerk alleen de Psalmen, bl 11.